



ANNUAL REPORT JAARVERSLAG



CONTEXT KONTEKS

Viewed holistically, 2018/2019 was a less positive political and agricultural year. The hands that break a dry clot reflect the harsh reality of a countrywide drought, emotional turmoil and people in agriculture's distress at more than one level. In the midst of these turbulent conditions, Grain SA has consistently endeavoured to provide small but purposeful steps – and to continue to be a colourful beacon of hope and steadfastness for producers.

Oorhoofs gesien was 2018/2019 'n minder positiewe politieke en landboujaar. Die hande wat 'n droë kluit oopbreek weerspieël die harde werklikheid van 'n landswye droogte, emosionele gelaaidheid en mense in landbou se vuisvoosheid op meer as een vlak. Te midde van dié onstuimige omstandighede het Graan SA deurentyd gepoog om klein, maar doelgerigte treë te gee – en om steeds 'n kleurvolle baken van hoop en standvastigheid vir produsente te wees.

CONTENTS INHOUD

Overview	2
Oorsig	
Executive	3
Hoofbestuur	
Message from the Chairperson	4
Boodskap van die Voorsitter	
Chief Executive Officer's review and strategic objectives	6
Uitvoerende Hoofbestuurder se terugblik en strategiese oogmerke	
Management report per division	
Bestuursverslag per afdeling	
Grain Economy and Marketing	12
Graanekonomie en Bemaking	
Grain Research and Policy Centre	28
Graannavorsing en Beleidsentrum	
Farmer Development	33
Landbou-ontwikkeling	
Corporate Services	52
Korporatiewe Dienste	
Market overview for the 2018/2019 production season	56
Markoorsig vir die 2018/2019-produksieseisoen	
Input and production overview	63
Inset- en produksie-oorsig	
Corporate governance report	83
Verslag oor korporatiewe beheer	
Financial Services	84
Finansiële Dienste	
Financial statements	93
Finansiële state	

Overview Oorsig

VISION

Grain SA provides commodity strategic support and services to South African grain producers to support sustainability.

VISIE

Graan SA voorsien kommoditeitstrategiese ondersteuning en dienste aan Suid-Afrikaanse graanprodusente om volhoubaarheid te verseker.

GRAIN ECONOMY AND MARKETING | GRAANEKONOMIE EN BEMARKING



Strategic focus | Strategiese fokus

Sustainable production

Volhoubare produksie

Promotion of market information

Bevordering van markinligting

Monitoring of inputs

Monitering van insette

Expansion and development of markets

Uitbreiding en ontwikkeling van markte

Influencing grain policy aspects

Beïnvloeding van graanbeleid-aspekte

Enhancing integrated communication activities and innovative and consistent information sharing

Bevordering van geïntegreerde kommunikasie-aksies en die innoverende en konstante deel van inligting

GRAIN RESEARCH AND POLICY CENTRE | GRAANNAVORSING EN BELEIDSENTRUM

Facilitate and co-ordinate grain and oilseed research and policy matters

Fasiliteer en koördineer graan- en oliesadenavorsing en beleidsake



Co-ordinate and link key stakeholders

Koördineer en verbind sleutel-belanghebbendes

Create a platform for interaction

Skep 'n platform vir interaksie

Facilitate the role-out of projects

Fasiliteer die uitrol van projekte

FARMER DEVELOPMENT | LANDBOU-ONTWIKKELING

Goals of the programme | Mispunte van die program



To be leaders in true development and transformation

Om leiers te wees in ware ontwikkeling en transformasie



Improve farming skills through training and mentoring

Verbeter boerdery-vaardighede deur opleiding en mentorskap



Facilitate access to affordable modern production inputs

Fasiliteer toegang tot bekostigbare, moderne produksie-insette



Coach farmers to attain higher yields

Lei boere op om hoër opbrengste te realiseer



Increase and improve land use

Verhoog en verbeter grondgebruik



Stimulate the rural economy

Stimuleer die landelike ekonomie



Give opportunity for self-employment and job creation

Skep die geleentheid vir persoonlike en ander werkskepping



Increase crop production

Verhoog graanproduksie

COMMODITIES | KOMMODITEITE



MAIZE
MIELIES



WHEAT
KORING



SOYBEANS
SOJABONE



CANOLA
KANOLA



SUNFLOWER
SONNEBLOM



SORGHUM
SORGHUM



BARLEY
GARS



GROUNDNUTS
GRONDBONE

Executive Hoofbestuur



FRONT/VOOR

Kallie Schoeman
REGION 9
STREEK 9

Jaco Breytenbach*
REGION 19
STREEK 19

Chris Schoonwinkel*
REGION 21
STREEK 21

Jannie de Villiers*
CHIEF EXECUTIVE OFFICER
UITVOERENDE HOOFBESTUURDER

Jaco Minnaar*
CHAIRPERSON
VOORSITTER

Ramodisa Monaisa*
VICE-CHAIRPERSON
VISEVOORSITTER

Jeremia Mathebula*
REGION 29
STREEK 29

Richard Krige*
REGION 27
STREEK 27

Preline Swart
REPRESENTATIVE: FARMER DEVELOPMENT
VERTEENWOORDIGER:
LANDBOU-ONTWIKKELING

Alfreda Mars
REGION 30
STREEK 30

MIDDLE/MIDDEL

Israel Motlhabane
REGION 31
STREEK 31

Paul Corver
REGION 17
STREEK 17

Stephen Krüger
REGION 23
STREEK 23

Marnus Bothma
REGION 1
STREEK 1

André Kirsten
REGION 26
STREEK 26

Sarel Haasbroek
REGION 7
STREEK 7

Ryk Pretorius
REGION 10
STREEK 10

Willie Marais
REGION 22
STREEK 22

Michel Gildenhuys
REGION 32
STREEK 32

Ralf Küsel
REGION 14
STREEK 14

Danie Reichel
REGION 4
STREEK 4

Gerrit Roos
REGION 11
STREEK 11

BACK/AGTER

Jan George Pretorius
REGION 5
STREEK 5

Gerhard Bruwer
REGION 25
STREEK 25

Joseph Swanepoel
REGION 8
STREEK 8

Neil Claassen
REGION 18
STREEK 18

Marius Groenewald
REGION 20
STREEK 20

Jozeph du Plessis
REGION 2
STREEK 2

Rudolf Fourie
REGION 12
STREEK 12

Danie Minnaar
REGION 24
STREEK 24

Paul Zietsman
REGION 15
STREEK 15

Patrick Stuurman
CO-OPTED
GEKOÖPTEER

Deon Bergh
REGION 3
STREEK 3

ABSENT/AFWESIG

Derek Mathews*
VICE-CHAIRPERSON
VISEVOORSITTER

Niël Rossouw
REGION 6
STREEK 6

Willem Groothof
REGION 13
STREEK 13

Jaap van der Westhuizen
REGION 16
STREEK 16

Ramoso Pholo
REGION 28
STREEK 28

* Management Committee
* Dagbestuur

Message from the Chairperson Boodskap van die Voorsitter

High-calibre producers trump exceptional circumstances

Sustainable grain and oilseed production forms the core focus of Grain SA's activities. The organisation as a collective serves as mouthpiece and negotiator with all role-players on behalf of producers to the benefit of the grain industry. This annual report reflects the way in which Grain SA once again carried out its task in this regard in an excellent manner.

Grain SA had to fulfil the above responsibilities within a complex agricultural environment filled with variables and making enormous demands on the South African producer. One variable in particular was the excessively varying climatic conditions, which pose a significant threat to food security in South Africa. It is therefore essential for the sector to continuously adapt its management and production practices to these conditions to limit the vulnerability of agriculture. In order to ensure sustainability, producers must do everything possible to mitigate and minimise their risks. This process requires knowledge and insight, and also the realistic acceptance that there are few safety nets.

A producer must therefore reflect with great insight and knowledge on the basis of the most recent research information, technology and production methods on which agricultural practices will in future work the best on their land. Unfortunately, there is no room for error. This process requires knowledge and insight, and also the realistic acceptance that there are few safety nets.

South African producers are repeatedly cited by international role-players as among the best in the world, despite the exceptional circumstances in which they farm. Special acknowledgement is also given to the fact that our producers are regarded as the leaders in employing the latest technology.

Unlike their peers in other countries, South African producers also find themselves in an agricultural environment that is characterised by several non-favourable policy issues, including uncertainty with regard to land ownership and the lack of tariff protection against global competitors. However, thanks to the calibre of our producers, it is noteworthy that they – highly valued for their resourcefulness and perseverance – can still succeed in consistently producing the highest quality of food at cost-efficient prices and exporting large quantities of their products.

To Grain SA it is therefore important that its members have the reassurance and confidence that the organisation, with its strong brand and effective management, works with dedication and zeal to ensure a stable production environment that is also characterised by policy certainty. This enables the producers to focus on their primary function, namely food production.

It goes without saying that if the leadership style of an agricultural organisation does not instill confidence, it will lose members, which can harm its influence as a directive role-player. Grain SA is grateful that our support at grassroots level is increasing and that the membership is growing. This is regarded as proof of the confidence in and recognition of the impact this organisation has as a seminal

Hoë kaliber produsente troef buitengewone omstandighede

Volhoubare graan- en oliesadeproduksie vorm die kernfokus van Graan SA se werksaamhede. As 'n kollektiewe geheel dien die organisasie as spreekbuis en onderhandelaar namens produsente met alle rolspelers tot voordeel van die graanbedryf. Hierdie jaarverslag is 'n refleksie van die wyse waarop Graan SA in dié verband hom weer eens uitstekend van sy taak gekwyt het.

Graan SA moes bogenoemde verantwoordelikhede nakom binne 'n komplekse landbou-omgewing vol veranderlikes en wat groot eise aan die Suid-Afrikaanse produsent stel. Een veranderlike in besonder is die uitermatige wisselende klimaatstoestande wat 'n wesenlike bedreiging vir voedselsekerheid in Suid-Afrika inhou. Dit is gevolglik noodsaaklik dat die sektor sy bestuurs- en produksiepraktyke op 'n deurlopende grondslag hierby moet aanpas om die kwesbaarheid van landbou te kan beperk. Ten einde volhoubaarheid te verseker, moet produsente alles in hulle vermoë doen om hul risiko te mitigeer en beperk. Die proses vereis kennis en insig en ook die realistiese aanvaarding dat daar weinig vangnette bestaan.

'n Produsent moet gevolglik met groot insig en kennis aan die hand van die nuutste navorsingsinligting, tegnologie en produksiemetodes besin oor watter toekomstige landboupraktyke die beste op sy/haar grond sal werk. Daar is ongelukkig geen ruimte om foute te maak nie. Dit vereis kennis en insig en ook die realistiese aanvaarding dat daar weinig vangnette bestaan.

Suid-Afrikaanse produsente word by herhaling deur internasionale rolspelers uitgelig as van die beste ter wêreld ondanks die buitengewone omstandighede waaronder geboer word. Spesiale erkenning word ook gegee aan die feit dat ons produsente as die voorlopers in die aanwending van die nuutste tegnologie beskou word.

In teenstelling met hulle eweknieë in die buiteland bevind produsente hulself boonop ook in 'n landbou-omgewing wat gekenmerk word deur verskeie nie-bevorderlike beleidsaangeleenthede waaronder onsekerheid rondom grondbesit en die gebrek aan tariefbeskerming teen wêreldwye mededingers. Danksy die kaliber van ons produsente is dit egter merkwaardig dat hulle, wat so hoog aangeslaan word vir hul vindingrykheid en deursettingsvermoë, steeds daarin slaag om konsekwent voedsel van die hoogste gehalte te produseer teen koste-effektiewe pryse en waarvan groot hoeveelhede uitgevoer word.

Vir Graan SA is dit dus belangrik dat sy lede die gerusstelling en vertroue moet hê dat die organisasie, met sy sterk handelsnaam en effektiewe bestuur, homself met toewyding en erns beywer vir 'n stabiele produksie-omgewing wat ook gekenmerk word deur beleidsekerheid. Sodoele stel dit produsente in staat om op hulle primêre funksie naamlik voedselproduksie te fokus.

Dit is vanselfsprekend dat indien 'n landbou-organisasie se leierskapstyl nie vertroue inboesem nie dit tot 'n verlies aan lede kan lei, wat sy invloed as rigtinggewende rolspeler kan benadeel. Graan SA is egter dankbaar dat ons ondersteuning op grondvlak toeneem en die ledetal groei. Dit word beskou as 'n bewys van vertroue en erkenning vir die impak wat dié organisasie as invloedryke rolspeler in landbou uitoefen ten einde ons



Chris Schoonwinkel
REGION 21
STREEK 21



Ramodisa Monaisa
VICE-CHAIRPERSON
VISEVOORSITTER



Jaco Minnaar
CHAIRPERSON
VOORSITTER



Jaco Breytenbach
REGION 19
STREEK 19



Richard Krige
REGION 27
STREEK 27



Derek Mathews
VICE-CHAIRPERSON
VISEVOORSITTER



Jeremia Mathebula
REGION 29
STREEK 29



Jannie de Villiers
CHIEF EXECUTIVE OFFICER
UITVOERENDE HOOFBESTUURDER

role-player in agriculture in order to focus on our producers' priorities and help to improve their financial position and sustainability.

We as the leaders of the organisation decided not to isolate and try to protect ourselves, but rather to follow a policy of reaching out and collaborating. This rendered considerable dividends, and led to sound communication channels being established with the government, state departments and other stakeholder institutions. In this way, various bottlenecks could be addressed and resolved.

Grain SA will also continue to state the producer's case and defend it to political and business leaders and wider society with respect to the draconian policy direction of expropriation of property without compensation. It is a well-known fact that Grain SA plays a prominent role in the actions of commercial agriculture in opposing this policy.

The organisation will continue to reach out to the government and provide assistance to establish more producers in a sustainable manner, as Grain SA is committed to transformation and land reform in an orderly and sustainable manner, within the parameters of the current Constitution. The successes we have already achieved in this regard are proof of our commitment and dedication.

It goes without saying that the continued status and trust Grain SA enjoys in the sector must be attributed to its extremely competent and dedicated personnel. Under the competent leadership of Jannie de Villiers and his management team, they form the backbone of an exceptional and successful organisation and are invaluable to the grain industry.

A special word of gratitude to Grain SA's Management Committee and Executive for their dedication, positive attitude and ability to find solutions at all times. There are few agricultural organisations with the calibre of leadership you offer.

Finally, I pray for the Father to bless every member of Grain SA in the coming year.

Jaco Minnaar
CHAIRPERSON
VOORSITTER

produsente se prioriteite op die voorgrond te plaas en hulle finansiële posisie en volhoubaarheid te help verbeter.

Ons as leierskap van die organisasie het besluit om nie laer te trek en onself te probeer beskerm en sodoende te isoleer nie, maar eerder 'n beleid van uitreik en samewerking te volg. Dit het aansienlike dividende gelewer en het daartoe gelei dat goeie kommunikasiekanale met die regering, staatsdepartemente asook ander belanghebbende instansies gevestig is. Sodoende kon verskeie knelpunte aangespreek en opgelos word.

Graan SA sal ook onverpoos voortgaan om die saak van die produsent te stel en te verdedig by politieke en besigheidsleiers asook die breër samelewing ten opsigte van die drakoniese beleidsrigting van onteining van eiendom sonder vergoeding. Dit is dan ook welbekend dat Graan SA prominent vertoon in kommersiële landbou se teenaksies in dié verband.

Die organisasie sal voortgaan om na die regering uit te reik en hulp te verleen om meer boere op 'n volhoubare wyse te vestig, aangesien Graan SA verbind is tot transformasie en grondhervorming op 'n ordelike en volhoubare wyse, binne die parameters van die huidige Grondwet. Die suksesse wat ons reeds behaal het hiermee is 'n bewys van ons verbintenis en toewyding.

Dit is vanselfsprekend dat die volgehoue aansien en vertroue wat Graan SA in die sektor geniet, toegeskryf moet word aan sy uiters bevoegde en toegewyde personeel. Onder die bekwame leierskap van Jannie de Villiers en sy bestuurspan vorm hulle die ruggraat van 'n merkwaardige en suksesvolle organisasie en is van onskatbare waarde vir die graanbedryf.

'n Besondere woord van dank aan Graan SA se Dagbestuur en Hoofbestuurslede vir hulle toegewydeheid, positiewe ingesteldheid en vermoë om altyd 'n oplossings te soek. Daar is min landbou-organisasies met die kaliber leierskap wat julle bied.

Ten slotte wens ek die Vader se mildelike seën toe vir elke lid van Graan SA in die seisoen wat voorlê.

Chief Executive Officer's review and strategic objectives

Uitvoerende Hoofbestuurder se terugblik en strategiese oogmerke

A difficult year, but still one that helped to build strength

After another tough year in agriculture, grain and oilseeds producers are currently under great financial pressure as a result of the ongoing drought and irregular climatic conditions during the past five production cycles. Low international grain prices have also placed a further damper on the profitability of the grain producer.

Consequently, producers have major carryover debt and negative cash flow scenarios that limit credit opportunities and financial sustainability. The political climate, which includes the debate on land reform and wrangling about the control of trust funds, unfortunately also did not benefit agriculture.

However, producers can be reassured by the fact that various successful actions promoting the grain industry were undertaken and completed by Grain SA during the reporting period up to September 2019. The Grain SA team is grateful that we were able to spend considerable time at grassroots level in a very difficult period for our members.

SUCCESSES

Financial statements

Despite a challenging year, Grain SA again reported steady financial results. Members will note that our finances are positive and that Grain SA has once again received an unqualified audit.

TURNAROUND STRATEGY FOR WHEAT

After almost two years of negotiations the Wheat Forum has reached consensus on new specifications for grading and on the price differences between the different grades. A large quantity of grain that is delivered now falls in the new super-grade specification because of high protein levels. This means that producers earn a premium of 2% above the Safex wheat price.

These positive changes in a dry season support producers and sustainable food production.

BARLEY CROP

Due to climatic conditions, the barley crop produced a lower yield and quality. A new concession, namely that a greater part of the crop may be accepted as malt barley, was consequently negotiated with AB InBev by Grain SA. The impact of the significantly lower price for feed barley was therefore reduced.

Research contracts

Medium-term contracts were signed by Grain SA and the Department of Science and Innovation, signifying a major investment by the government in research for the grain and oilseeds industry. The progress of the wheat breeding consortium highlights the value of collaboration between the government and the agricultural research initiatives facilitated by Grain SA.

Significant progress has been made by research consortiums. Crop protection challenges were underlined by the occurrence of and losses attributed to Sclerotinia infection, and a focused team was appointed

'n Moeilike jaar, maar tog een wat spierkrag help bou het

Na nog 'n strawwe jaar in landbou is graan- en oliesadeprodusente tans onder groot finansiële druk as gevolg van die voortgesette droogte en onreëlmatige klimaatstoestande die afgelope vyf produksiesiklusse. Lae internasionale graanpryse het ook 'n verdere skaduwee oor die winsgewendheid van die graanprodusent laat val.

Produsente ondervind gevolglik groot oordragsskuld met negatiewe kontantvloeienscenario's wat kredietgeleenthede en finansiële volhoubaarheid beperk. Die politieke klimaat, waaronder die debat oor grondhervorming en 'n tontrekkery oor die beheer van trustfondse, was ongelukkig ook nie bevorderlik vir die landbouklimaat nie.

Produsente kan egter bemoediging daarin vind dat daar in die verslagtydperk tot September 2019 verskeie suksesvolle aksies ter bevordering van die graanbedryf deur Graan SA onderneem en afgehandel is. Die Graan SA-span is dankbaar dat ons baie tyd op grondvlak kon spandeer in 'n tyd wat dit werklik moeilik gaan met ons lede.

SUKSESSE

Finansiële state

Ten spyte van 'n uitdagende jaar het Graan SA weer eens bestendige finansiële resultate getoon. Lede kan kennis neem dat ons finansies positief vertoon en dat Graan SA weer 'n ongekwalifiseerde oudit ontvang het.

OMDRAAISTRATEGIE VIR KORING

Na bykans twee jaar van onderhandelings het die Koringforum konsensus bereik oor nuwe spesifikasies vir die gradering asook oor die prysverskille tussen die verskillende grade. 'n Groot hoeveelheid graan wat gelewer word, val nou binne die nuwe supergraad spesifikasie, danksy hoë proteïenvlakke. Dit het tot gevolg dat produsente 'n premie van 2% bo die Safex-koringprys verdien.

Hierdie positiewe veranderinge in 'n droë seisoen is ondersteunend vir produsente en volhoubare voedselproduksie.

GARSOES

Die garsoes het weens klimaatomstandighede 'n swakker opbrengs en kwaliteit gelewer. Gevolglik is 'n nuwe toegewing, dat 'n groter deel van die oes as moutgars ingeneem kon word, deur Graan SA met AB InBev beding. Die impak van die noemenswaardige laer prys van voergars is gevolglik verminder.

Navorsingskontrakte

Mediumtermyn-kontrakte is tussen Graan SA en die Departement van Wetenskap en Innovasie onderteken wat 'n groot belegging deur die regering in navorsing vir die graan- en oliesadebedryf beteken. Die koringteelkonsortium se vordering toon die waarde van samewerking tussen die regering en die landbounavorsingsinisiatiewe deur Graan SA gefasiliteer.

Beduidende vordering is gemaak met navorsingskonsortiums. Gewasbeskermingsuitdagings is uitgelig deur die voorkoms en verliese wat aan Sclerotinia-infeksie toegeskryf is en 'n gefokusde span is saamgestel om



Dr Dirk Strydom

MANAGER: GRAIN ECONOMY
AND MARKETING

BESTUURDER: GRAANEKONOMIE
EN BEMARKING



Dr Marinda Visser

MANAGER: GRAIN RESEARCH
AND POLICY CENTRE

BESTUURDER: GRAANNAVORSING
EN BELEIDSENTRUM



Nico Vermaak

MANAGER: CORPORATE SERVICES

BESTUURDER: KORPORATIEWE DIENSTE



Jannie de Villiers

CHIEF EXECUTIVE OFFICER

UITVOERENDE HOOFDBESTUURDER



Jane McPherson

MANAGER: FARMER DEVELOPMENT

BESTUURDER: LANDBOU-ONTWIKKELING



Christa Herbst

MANAGER: FINANCIAL SERVICES

BESTUURDER: FINANSIËLE DIENSTE



Susari Teubes

SECRETARY TO THE CEO

SEKRETAAR VAN DIE HUB

to investigate management strategies. Consultations were held with stakeholders to gather knowledge and identify strategic priorities for future research initiatives.

Research on army worms was continued and the government and industry are involved in ongoing consultations in this regard, and on biosecurity issues. The race to establish a vibrant breeding system must be accelerated. Several postgraduate bursaries for new research projects were therefore launched to further investigate the short- and medium-term effects of climate change on grain production.

Location differential

At the request of Grain SA an investigation into the ongoing issues pertaining to the location differential for white and yellow maize was launched and completed by the JSE. Grain SA made various proposals and is still awaiting certain decisions.

SAVINGS PLAN

In collaboration with Corporate Guarantee, a programme was developed to provide our members with a unique benefit. According to this programme, producers can deposit their profits in a savings plan and thus also apply effective tax management. The plan supports producers in utilising funds in cycles when they experience financial pressure, without harming growth and cash flow.

SAFEX TRAINING

In the past financial year Grain SA offered various Safex training sessions for producers and other role-players in agriculture. No fewer than 60 developing farmers received the same training as commercial producers. This emphasises Grain SA's approach that developing farmers must be trained in more than just technical production knowledge.

IT SYSTEM

An extensive upgrade of Grain SA's information technology system has been completed. Software was upgraded and security was improved.

bestuurstrategieë te ondersoek. Konsultasies met belanghebbendes is ook gehou om kennis in te samel en strategiese prioriteite vir toekomstige navorsingsinisiatiewe te identifiseer.

Navorsing oor kommandowurm is voortgesit en die regering en die bedryf hou voortdurend samesprekings daaroor, asook oor biosekuriteits-aangeleenthede. Die wedloop om 'n veerkragtige teelstelsel te bekom, moet versnel word. Derhalwe is verskeie na-graadse beurse vir nuwe navorsingsprojekte van stapel gestuur om die kort- en mediumtermyn-effek van klimaatsverandering op graanproduksie verder te ondersoek.

Liggingsdifferensiaal

Op versoek van Graan SA het die Johannesburgse Effektebeurs (JSE) 'n ondersoek na die voortslepende knelpunte van die liggingsdifferensiaal op wit- en geelmielies en koring-termynkontrakte geloods en afgehandel. Graan SA het verskeie voorstelle gemaak en ons wag nog vir sommige besluite.

SPAARPLAN

'n Program is in samewerking met Corporate Guarantee ontwikkel wat aan ons lede 'n unieke voordeel bied. Hiervolgens kan produsente hul winste in 'n spaarplan plaas en sodoende ook doeltreffende belastingbestuur toepas. Die plan ondersteun produsente om fondse te benut in siklusse wanneer daar finansiële druk ervaar word, sonder om groei en kontantvloei te benadeel.

SAFEX-OPLEIDING

Die afgelope finansiële jaar het Graan SA verskeie Safex-opleidingsessies vir produsente en verskeie rolspelers in die landbou aangebied. Nie minder nie as 60 ontwikkelende boere het dieselfde opleiding as kommersiële produsente ondergaan. Dit onderstreep Graan SA se benadering dat ontwikkelende boere in meer as net tegniese produksiekennis opgelei moet word.

IT-STELSEL

'n Omvattende opgradering aan Graan SA se inligtingstegnologiesistelsel is afgehandel. Sagteware is opgegradeer en sekuriteit is verbeter.

The information technology system provides an extremely important function in serving our members.

Financing for black farmers

Grain SA came up with the initiative to make an amount available to serve as security to help unlock financing for potential black commercial farmers who are members of our development programme.

This money was obtained from funds that had accumulated over a number of years and that were earmarked for the development of producers. Strict criteria apply to ensure that applicants have the ability to repay their loans.

This money will not be used to finance producers, but will be made available as surety or collateral for producers applying for financing with financing institutions.

Despite numerous teething problems, we hope that the initiative will grow and inspire others to become involved.

Farmer Development Programme

Grain SA's Farmer Development Programme was managed very successfully this year.

A total of 5 382 meetings with study groups were held across the country. In addition, 41 farmer days were held and 41 470 training courses were presented to 6 986 agriculturists. Furthermore, 16 demonstration trials were planted and 28 programme members participated in the Farmer of the Year competition. Visits were made to 798 farms and 316 schools, and 17 resident students were accommodated.

Grain Academy

The responsibility of the broad vision and strategic-objective programme of Grain SA as a commodity organisation is also supported by the Grain Academy. This development opportunity was successfully offered to 26 young agriculturists for the seventh consecutive year. A reunion for all alumni was also held in Pretoria.

This investment in our young leaders in agriculture received so much well-deserved recognition that it will be expanded to the wider agricultural sector from 2020.

COMMERCIAL ACTIVITIES

The commercial activities of Grain SA not only retained positive momentum this year, but were expanded to the benefit of the sustainability of the organisation. This has the advantage that our members are not placed under additional financial pressure in difficult circumstances.

As tradition dictates, hard work again triumphed and the NAMPO Harvest Day was once more a great success, with 81 345 visitors and 775 exhibitors who concluded business despite the current general economic pressure.

A successful NAMPO Cape hosted 20 250 visitors over a period of three days, and positive feedback was received from exhibitors about successful business transactions.

The official mouthpiece of the organisation, *SA Graan/Grain*, is performing very well, in spite of extremely difficult economic conditions.

Staff

The commitment of Grain SA's staff to promoting the organisation's strategic objectives and their pursuit of good relations with members and other role-players in the agricultural value chain, and with the government, deserve to be commended.

As we pursue the ongoing development and empowerment of all staff, various training opportunities and courses were offered to staff. Some of the staff also received training in trauma counselling in order to communicate effectively with members who have experienced trauma. We are proud of the fact that Grain SA has a very stable staff base.

Die inligtingstegnologie-stelsel bied 'n uiters belangrike funksie vir die bediening aan ons lede.

Finansiering vir swart boere

Graan SA het met die inisiatief na vore gekom om 'n bedrag beskikbaar te stel om as sekuriteit te dien om swart, Potensiële Kommersiële boere, wat lede van ons ontwikkelingsprogram is, te help om finansiering te ontsluit.

Dié geld is bekom uit fondse geoormerk vir die ontwikkeling van boere en wat oor 'n aantal jare opgehoop het. Streng kriteria geld om te verseker dat aansoekers die vermoë het om hul lenings te betaal.

Hierdie geld sal nie gebruik word om boere te finansier nie, maar sal as borg of kollateraal beskikbaar gestel word vir dié wat aansoek doen om finansiering by finansieringsinstellings.

Ten spyte van baie tandekryprobleme, hoop ons dat die inisiatief sal groei en ander inspireer om betrokke te raak.

Landbou-ontwikkelingsprogram

Graan SA se Landbou-ontwikkelingsprogram is vanjaar met groot sukses bestuur.

'n Totaal van 5 382 vergaderings is landwyd met studiegroepe gehou. Daar is ook 41 boeredae gehou en 41 470 opleidingskursusse is vir 6 986 landbouers aangebied. Verder is daar 16 demonstrasieproewe aangeplant en 28 programlede het aan die Boer van die Jaar-kompetisie deelgeneem. Besoeke is gebring aan 798 plase en 316 skole en 17 inwonende studente is geakkommodeer.

Graanakademie

As 'n kommoditeitsorganisasie word die verantwoordelikheid van ons uitgebreide visie en strategiese doelwitprogram ook deur die Graanakademie ondersteun. Dié ontwikkelingsgeleentheid is vir die sewende agtereenvolgende jaar suksesvol vir 26 jong landbouers aangebied. 'n Reünie vir alle alumni is ook in Pretoria gehou.

Hierdie belegging in ons jong landbouleiers het soveel welverdiende erkenning ontvang dat dit van 2020 af na die breër landbousektor uitgebrei word.

KOMMERSIËLE AKTIWITEITE

Die kommersiële aktiwiteite van Graan SA het vanjaar nie net die positiewe momentum behou nie, maar is ook verder uitgebrei ten bate van die volhoubaarheid van die organisasie. Dit hou die voordeel in dat ons lede tydens moeilike omstandighede nie onder addisionele finansiële druk geplaas word nie.

Soos die tradisie homself gestand hou, het harde werk weer eens geseëvier en was die NAMPO Oesdag 'n groot sukses met 81 345 besoekers en 775 uitstallers wat besigheid gedoen het ondanks die huidige algemene ekonomiese druk.

'n Suksesvolle NAMPO Kaap het oor 'n tydperk van drie dae 20 250 besoekers gehuisves en positiewe terugvoer is van uitstallers ontvang oor suksesvolle saketransaksies.

Die organisasie se amptelike spreekbuis, *SA Graan/Grain*, presteer baie goed ten spyte van baie moeilike ekonomiese toestande.

Personeelspan

Graan SA personeellede se toegewydheid aan die bevordering van die organisasie se strategiese doelwitte en hul strewe na goeie verhoudinge met lede sowel as met ander rolspelers in die landbou-waardeketting asook die regering, verdien 'n klop op die skouer.

Aangesien ons streef na die deurlopende ontwikkeling en bemagtiging van alle personeel, is verskillende opleidingsgeleenthede vir personeel moontlik gemaak. Van die personeel het ook opleiding in trauma-berading ontvang ten einde effektief met lede wat trauma ervaar het, te kan kommunikeer. Ons is trots daarop dat Graan SA beskik oor 'n stabiele personeelbasis.



Grain Academy alumni of the past seven years.
Die Graanakademie se alumni van die afgelope sewe jaar.

Social responsibility

A shoe project was launched during the 2019 Congress as part of our 'People like us do things like this' initiative. Delegates and guests were asked to donate new or barely used shoes during Congress. In this way, more than 500 pairs of shoes were divided equally among four institutions in the Bothaville district.

The donation of a battery-driven wheelchair provided Uncle Basie Ntsimane, a former executive member, with mobility again after he had lost the full function of his legs. It was a privilege for Grain SA – an organisation that truly cares – to support Uncle Basie in this way, as he had made a major contribution to the Executive and to agriculture over many years.

TRENDS

White maize and soybeans

A positive trend was the new record consumption figures achieved for maize (10,7 million tons processed in 2018/2019) and soybeans (1,3 million tons processed in 2018/2019). Grain SA is confident that this trend will continue in the medium term.

An increase in the planting of soybeans in particular can be expected. South African producers once again produced more than 1 million tons this year. Production will have to reach 1,8 million tons before soybeans need no longer be imported.

Glyphosate

The international agricultural industry is currently under pressure from environmental conservation activists to oppose the use of glyphosate. This trend is focusing increasingly on Africa and it makes red lights flash for South Africa. However, the use of glyphosate cannot be stopped before a workable alternative has been found to ensure sustainable food production.

Corruption

South Africa is currently suffering from the side effects of maladministration and corruption. Grain SA, which is committed to clean administration, is aware that the accompanying ripple effect reflects extremely negatively on institutions and organisations. It is noticeable that this calibre of corruption is moving closer to the grain industry. Grain SA therefore keeps a watchful eye on matters that can have a negative effect on the grain industry at operational level.

Land reform

In the Emakhasaneni court case involving farms in the Melmoth District in KwaZulu-Natal the Land Claims Court created a precedent in its judgment. It was found that neither the Minister of Rural Development nor the Valuer General may ignore the jurisdiction of the courts with regard to compensation for land.

Sosiale verantwoordelikheid

'n Skoenprojek is geloods tydens die 2019-kongres as deel van ons "People like us do things like this"-inisiatief. Afgevaardigdes en gaste is gevra om nuwe of liggebruikte skoene tydens die kongres te skenk. Sodoende is meer as 500 pare skoene eweredig aan vier instansies in die Bothaville-distrik geskenk.

Vir oom Basie Ntsimane, 'n oud-hoofbestuurslid, het die skenking van 'n battery-aangedrewe rystoel aan hom sy mobiliteit terug besorg na hy die volle funksionering van sy bene verloor het. Dit was vir Graan SA – as 'n organisasie wat waarlik omgee – 'n voorreg om oom Basie op die wyse te ondersteun, want hy het oor jare 'n groot bydrae tot die Hoofbestuur en landbou gemaak.

TENDENSE

Witmielies en sojabone

'n Positiewe beweging was die nuwe rekord-verbruiksyfers wat behaal is vir beide mielies (10,7 miljoen ton 2018/2019 verwerk) en sojabone (1,3 miljoen ton 2018/2019 verwerk). Graan SA is vol vertroue dat dié tendens in die mediumtermyn sal voortduur.

Daar kan veral 'n opswaai in die aanplanting van sojabone verwag word. Suid-Afrikaanse produsente het vanjaar weer meer as 1 miljoen ton geproduseer. Produksie sal eers op 1,8 miljoen ton moet staan alvorens daar nie meer sojabone ingevoer hoef te word nie.

Glifosaat

Die internasionale landboubedryf is tans onder druk deur aktiviste vir omgewingsbewaring om die gebruik van glifosaat teen te werk. Hierdie tendens word al hoe meer op Afrika geprojekteer en voorspel rooi ligte vir Suid-Afrika. Die aanwending van glifosaat kan egter nie gestaak word alvorens 'n werkbare alternatief gevind is om volhoubare voedselproduksie te verseker nie.

Korrupsie

Suid-Afrika gaan tans gebuk onder die nuwe-effekte van wanadministrasie en korrupsie. Graan SA, wat homself verbind tot skoon administrasie, is bewus daarvan dat die gepaardgaande rimpeleffek uiters negatief op instellings en organisasies reflekteer. Dit is opmerklik dat dié kaliber korrupsie ook besig is om nader aan die graanbedryf te beweeg. Gevolglik hou Graan SA 'n waaksame oog oor aangeleenthede wat die graanbedryf op bedryfsvlak negatief kan raak.

Grondhervorming

In die Emakhasaneni-hofsak waarby plase in die Melmoth-distrik in KwaZulu-Natal ter sake was, het die Grondeisehof 'n presedent in sy uitspraak geskep. Daar is bevind dat beide die Minister van Landelike Ontwikkeling en die Waardeerder-generaal nie die jurisdiksie van die houe in verband met die vergoeding vir grond kan ignoreer nie.

Ten spyte van die debat oor onteining van grond sonder vergoeding het die regstelsel volstaan by die vereistes in die grondwet ten opsigte van billike vergoeding. Graan SA is via Agri SA finansieel en andersins betrokke by hierdie en ander soortgelyke sake ten einde lede se grondwetlike regte oor grond te beskerm.

Despite the debate on the expropriation of land without compensation the legal system contented itself with the requirements of the Constitution with respect to fair compensation. Through Agri SA, Grain SA is financially and otherwise involved in this and other similar matters in order to protect the constitutional rights of members with respect to land.

UNITY IN THE SECTOR

It is regrettable that unity in agriculture is currently lacking in many respects. An excellent example is the differences of opinion in the joint constitutional revision committee regarding the expropriation of land without compensation, which led to commercial agriculture submitting a minority report. However, Grain SA has remained involved in discussions with various role-players who look after the interests of producers in this regard, and makes inputs on an ongoing basis.

Research capacity

The deterioration of agriculture's traditional research capacity is a source of concern. Together with this, the financial sources from which funding is provided is also shrinking and the number of parties laying claim to the sources is growing.

Priorities will have to be set in the future so that available funds from the various institutions can be allocated optimally and in a co-ordinated manner. Grain SA is therefore increasingly coordinating research and entering into partnerships with academic institutions and organisations that share the mindset of the grain industry in order to accomplish new growth for the future.

In the near future the winter-grains industry will have to rethink statutory funding, because turning over a new leaf seems inevitable.

IN THE NEW YEAR

National Grain Yield Competition

In 2020 Grain SA is taking over the National Grain Yield Competition. A standard protocol will be developed in collaboration with all seed companies. This will ensure that participating grain producers and seed companies are subject to the same criteria.

As an overall, national competition, the competition will create a synergy between the regional competitions of the individual seed companies.

NAMPO ALFA

A new expo will be placed on the agricultural calendar thanks to a decision by Grain SA and ALFA to join forces. It will be known as the NAMPO ALFA Livestock, Hunting and Outdoors Expo and will be housed at NAMPO Park. This step is in response to producers repeatedly expressing a need for such a central expo.

The upgrading of the NAMPO Park facilities and technological capacity is and remains an important priority to Grain SA. Additional investments were made in the past year with respect to the power supply, and an upgrade of the IT capacity is planned for 2020.

Restructuring

Grain SA will have to undergo a process of restructuring in order to comply with new tax legislation. Attention will also have to be given to the way in which the organisation can further promote black economic empowerment in order to make sure that our members are served optimally.

In the greater agricultural family Agri SA is also involved in a process of monitoring and assessing in order to revisit the strategic focus points of the organisation.

EENHEID IN DIE SEKTOR

Dit is betreurenswaardig dat eenheid in landbou tans in baie opsigte ontbreek. 'n Sprekende voorbeeld is die gesamentlike grondwetlike hersieningskomitee se verskille oor die onteiening van grond sonder vergoeding wat daartoe gelei het dat kommersiële landbou 'n minderheidsverslag ingedien het. Graan SA is egter deurlopend betrokke by gespreksvoering met verskeie rolspelers wat na die belange van produsente in dié verband omsien en lewer op 'n deurlopende grondslag insette in die verband.

Navorsingskapasiteit

Die agteruitgang van landbou se tradisionele navorsingskapasiteit is 'n bron van kommer. Hiermee saam, raak die kapasiteit van finansiële bronne waaruit befondsing gedoen word, ook al hoe kleiner en die partye wat daarop aanspraak maak, al hoe groter.

Daar sal in die toekoms geprioritiseer moet word sodat beskikbare fondse van die onderskeie instansies optimaal en gekoördineerd aangewend word. Graan SA is gevolglik toenemend besig om navorsing te koördineer en vennootskappe te sluit met akademiese instellings en organisasies wat die graanbedryf se denkwysse deel om nuwe groei vir die toekoms te bewerk.

In die nabye toekoms sal die wintergraanbedryf oor statutêre befondsing moet herbesin, want dit blyk onafwendbaar dat 'n nuwe blaadjie omgeslaan moet word.

IN DIE NUWE JAAR

Nasionale Graanopbrengskompetisie

Graan SA gaan in 2020 die Nasionale Graanopbrengskompetisie oorneem. Daar sal in samewerking met alle saadmaatskappye op 'n standaardprotokol ooreengekom word. Dit sal verseker dat deelnemende graanprodusente en saadmaatskappye aan dieselfde kriteria onderwerp word.

Die kompetisie sal sodanig wees dat dit as 'n oorhoofse nasionale kompetisie 'n sinergie sal skep tussen individuele saadmaatskappye se streekskompetisies.

NAMPO ALFA

'n Nuwe ekspo gaan op die landboukalender geplaas word danksy 'n besluit deur Graan SA en ALFA om kragte saam te snoer. Dit sal bekend staan as die NAMPO ALFA Lewendehawe, Jag- en Buitelug-ekspo en gehuisves word op NAMPO Park. Gevolglik word daar nou gehoor gegee aan produsente wat al by herhaling hulle behoefte vir sodanige sentrale ekspo uitgespreek het.

Die opgradering van NAMPO Park se fasiliteite en tegnologiese kapasiteit is en bly 'n belangrike prioriteit vir Graan SA. Addisionele beleggings is die afgelope jaar gemaak ten opsigte van elektrisiteitsvoorsiening en opgradering aan die IT-kapasiteit word beplan vir 2020.

Herstrukturering

Graan SA sal 'n proses van herstrukturering moet ondergaan met die doel om te kan voldoen aan nuwe belastingwetgewing. Aandag sal ook geskenk word op welke wyse die organisasie swart ekonomiese bemagtiging meer kan bevorder ten einde seker te maak dat ons lede optimaal bedien word.

In die groter landboufamilie is Agri SA ook midde in 'n proses van monitering en evaluasie ten einde dié organisasie se strategiese fokusse te herbesoek.

Crop insurance

Grain SA is working constantly to negotiate comprehensive, subsidised crop insurance with the government in order to make this more affordable to producers. Together with role-players like Grain SA, the South African Insurance Association (SAIA) has investigated the possibilities and impact of such a system in the South African environment.

A full application compiled in collaboration with international institutions was submitted to the Treasury in June for consideration by the government. A previous application was unfortunately not approved. The current application includes commercial as well as smallholder producers. The application was also sent to the World Bank and the FinMark Trust for review and recommendations.

It is a hopeful sign that the Minister of Agriculture, Land Reform and Rural Development, Thoko Didiza, confirmed in Parliament in August 2019 that the subsidising of crop insurance was in fact being investigated.

CONCLUSION


South African producers are recognised internationally as among the best in the world, and form a tough, seasoned and steadfast community. The greater the challenge, the stronger they stand to put food on the tables of the entire country. It is this unshakeable commitment to their task that allows them to survive, regardless of the problems.

We are finalising actions in the present, but at the same time we invest in actions with a view to the long term, and it is important that neither of the two types of action should fail to receive attention. Both types of action will ensure that Grain SA as organisation remains dependable and provides the producer with something constant – in the present as well as in the future.

However, this task cannot be carried out without the support of our members. Grain SA thanks every member for their contribution to this organisation, which plays a critical role in the sustainability of grain production in South Africa.

I also need to acknowledge the Management Committee and the Executive for their steadfastness under prevailing conditions of uncertainty and trial. Planting a tree in whose shadow you will probably never sit yourself is evidence of dedicated leadership. The committed team of staff at Grain SA also deserves special mention for their initiatives to ensure sustainable solutions for the grain producers.

Looking back on the past year one realises afresh that Grain SA was able to bring stability in a challenging climate and agricultural year only through the grace of the Great Planter. And for that we are very grateful.



Jannie de Villiers

CHIEF EXECUTIVE OFFICER
UITVOERENDE HOOFBESTUURDER

Oesversekering

Graan SA werk onverpoos daaraan om omvattende, gesubsidieerde oesversekering met die staat te beding ten einde dit meer bekostigbaar vir produsente te maak. Tesame met rolspelers soos Graan SA het die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAIA) ondersoek ingestel na die moontlikhede en impak van so 'n stelsel in die Suid-Afrikaanse omgewing.

'n Volledige aansoek wat saam met internasionale instansies opgestel is, is in Junie by die Tesourie ingedien vir oorweging deur die regering. Daar is reeds voorheen 'n aansoek ingedien wat ongelukkig nie goedgekeur is nie. Die aansoek omvat beide kommersiële en kleinskaalse produsente. Die aansoek is ook aan die Wêreldbank en die FinMark Trust vir resensie en aanbevelings gestuur.

Dit is verblydend dat die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Thoko Didiza, in Augustus 2019 in die Parlement bevestig het dat daar wel 'n ondersoek gedoen word rakende die subsidie van oesversekering.

SAMEVATTING

Suid-Afrikaanse produsente word internasionaal erken as van die beste in die wêreld en vorm 'n taai, geharde en standvastige gemeenskap. Hoe groter die uitdaging – hoe sterker staan hulle vas om kos vir die hele land op die tafel te sit. Dit is hierdie onwrikbare toewyding aan hulle taak wat hulle laat oorleef, al gaan dit ook hoe moeilik.

Ons is gelyktydig besig met die afhandeling van aksies in die hede maar ons belê ook in aksies met die oog op die lang termyn en dit is belangrik dat nie een van die twee agterweë gelaat word nie. Beide aksies sal verseker dat Graan SA as organisasie behoudend sal bly en aan die produsent in die hede sowel as in die toekoms 'n konstante sal bied.

Hierdie taak kan egter nie verrig word sonder die ondersteuning van ons lede nie. Dankie aan elke lid vir sy/haar bydrae tot hierdie organisasie wat 'n kritiese rol speel in die volhoubaarheid van graanproduksie in Suid-Afrika.

Ek het ook 'n behoefte om die Dag- en Hoofbestuur erkenning te gee vir hul rigtingvastheid in die heersende tye van onsekerheid en beproewing. Om 'n boom te plant in wie se skaduwee jy waarskynlik nooit self gaan sit nie, spreek van toegewyde leierskap. Die toegewyde span personeel by Graan SA verdien ook spesiale vermelding vir hulle inisiatiewe om volhoubare oplossings vir die graanprodusente te verseker.

In retrospek oor die afgelope jaar, besef 'n mens opnuut dat Graan SA uitsluitlik deur die krag van die Groot Planter stabiliteit kon help bring in 'n uitdagende klimaat en landboujaar. En daarvoor is ons baie dankbaar.



Members and image of Grain SA supported effectively

GRAIN ECONOMY AND MEMBER MARKETING

Production conditions

The 2018/2019 season was once again challenging for the summer and winter grain regions. In the summer rainfall region the rain occurred late. Everyone held their breath to see whether the frost would stay away and what the yields would be. According to the ninth estimate of the National Crop Estimates Committee (CEC), South Africa produced the following crops in the summer grain region (Table 1):

Lede en Graan SA se beeld effektief ondersteun

GRAANEKONOMIE EN LEDEBEMARKING

Produksietoestande

Die 2018/2019-seisoen was weer eens uitdagend vir beide die somer- en wintergraangebiede. In die somerreënvalstreek was dit 'n jaar waarin reën laat ontvang is. Almal het asem opgehou om te sien of die ryp gaan wegbly en wat die opbrengste gaan wees. Volgens die Nasionale Oesskatting Komitee (NOK) se negende skatting het Suid-Afrika die volgende gewasse in die somergraangebied geproduseer (Tabel 1):

TABLE 1 – Crops produced in the summer grain region in 2018/2019.
TABEL 1 – Gewasse geproduseer in die somergraangebied in 2018/2019.

CROP	Ton
White maize	5 538 240
Yellow maize	5 647 810
Sunflower seed	680 940
Soybeans	1 170 345
Groundnuts	19 455
Sorghum	134 525
Total	13 257 670

Source: CEC

GEWAS	Ton
Witmielies	5 538 240
Geelmielies	5 647 810
Sonneblomsaad	680 940
Sojabone	1 170 345
Grondbone	19 455
Sorghum	134 525
Totaal	13 257 670

Bron: NOK

Groundnut production was particularly challenging, with rain not occurring in time and only 19 455 tons of groundnuts therefore being produced. Soybean production experienced a taxing year with below-average yields. This, together with good consumption figures, brought the supply of and demand for soybeans into balance again, given a high carry-over stock from the previous year. It remains a miracle and a great blessing to have been able to produce these tonnages in such a challenging year.

The grading of maize was a problem in certain regions, and producers lost income as a result. A positive trend was the new record consumption figures achieved for maize (10,7 million tons processed in 2018/2019) and soybeans (1,3 million tons processed in 2018/2019). Grain SA is confident that this trend will continue in the medium term.

Information

Grain SA has invested considerable time in promoting the industry by:

- ▶ Monitoring input costs, given international movements and trends.
- ▶ Removing import tariffs on inputs.
- ▶ Co-ordinating international and local research to promote production.
- ▶ Gathering and disseminating market information, including ad hoc reports, daily market reports, videos in collaboration with the Bureau for Food and Agricultural Policy (BFAP), and presentations at farmer days, consultations with the government regarding the regulatory environment, in order to allow better marketing

Grondboonproduksie was veral uitdagend met reën wat nie betyds geval het nie en gevolglik is slegs 19 455 ton grondbone geproduseer. Sojaboonproduksie het 'n stram jaar beleef met ondergemiddelde opbrengste. Dit, tesame met goeie verbruiksyfers, het weer die vraag en aanbod van sojabone in balans gebring gegewe 'n hoë oordragvoorraad vanaf die vorige seisoen. Dit bly 'n wonderwerk en 'n groot seën om in so 'n uitdagende jaar steeds dié tonne te kon produseer.

Die gradering van mielies was wel in sekere streke problematies en produsente het as gevolg daarvan inkomste verloor. 'n Positiewe beweging was die nuwe rekordverbruiksyfers wat behaal is vir mielies (10,7 miljoen ton in 2018/2019 verwerk) en sojabone (1,3 miljoen ton in 2018/2019 verwerk). Graan SA is vol vertroue dat dié tendens in die medium termyn sal voortduur.

Inligting

Graan SA het ruim tyd belê in die bevordering van die bedryf deur:

- ▶ Insetkoste te monitor gegewe internasionale bewegings en neigings.
- ▶ Invoertariewe op insette te verwyder.
- ▶ Internasionale en plaaslike navorsingkoördinerings vir die bevordering van produksie.
- ▶ Versameling en verspreiding van markinligting om beter bemarkingsbesluite te neem wat insluit ad hoc-verslae, daaglikse markverslae, video's in samewerking met die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP), asook aanbiedings by boeredae, konsultasie met



Alzena Gomes
PUBLIC RELATIONS OFFICER
SKAKELBEAMPT



Annemarie de Beer
EVENTS MANAGER
FUNKSIEBESTUURDER



Toit Wessels
ASSISTANT MANAGER: NAMPO
AND MARKETING
ASSISTENT-BESTUURDER: NAMPO
EN BEMARKING



Elray de Klerk
SUPPORT OFFICER
ONDERSTEUNINGSBEAMPT



Rialeen Lombard
SUPPORT OFFICER: HARVEST DAY
ONDERSTEUNINGSBEAMPT: OESDAG



Ikageng Maluleke
AGRICULTURAL ECONOMIST
LANDBOU-EKONOM



Hailey Ehrenreich
COMMITTEE OFFICER: WESTERN CAPE
KOMITEEBEAMPT: WES-KAAP



Dr Dirk Strydom
MANAGER: GRAIN ECONOMY
AND MARKETING
BESTUURDER: GRAANEKONOMIE
EN BEMARKING



Corné Louw
SENIOR ECONOMIST: INPUTS
SENIOR EKONOM: INSETTE



Dirk Kotzé
MEMBER MARKETING AND
COMMUNICATIONS OFFICER
LEDEBEMARKING- EN
KOMMUNIKASIEBEAMPT



Luzelle Botha
COMMITTEE OFFICER
KOMITEEBEAMPT



Marina Kleynhans
ADMINISTRATIVE CLERK
ADMINISTRATIEWE KLERK



Luan van der Walt
AGRICULTURAL ECONOMIST
LANDBOU-EKONOM



Patricia Zimu
ADMIN OFFICER: LEVIES
ADMINBEAMPT: HEFFINGS



Bennie Zaayman
GROUNDS MANAGER
TERREINBESTUURDER



Carmen Visser
SECRETARY
SEKRETARESSE



Ruan Schutte
JUNIOR AGRICULTURAL ECONOMIST
AND MARKETER (PAARL)
JUNIOR LANDBOU-EKONOM
EN BEMARKER (PAARL)



Wim Venter
ADMINISTRATIVE OFFICER: HARVEST DAY
ADMINISTRATIEWE BEAMPT: OESDAG

decisions to be made, and ensuring that the local market has export markets and that new export markets are developed.

Grain SA, in collaboration with BFAP, is also establishing a benchmark system to improve efficiency, but also to be able to measure more accurately per region against international standards.

Markets

The organisation has also spent considerable time on gaining access to the Chinese market to export maize. Although this market is already open, the protocol must be followed and inspections must be done to approve infrastructure and facilities. This was done and certain companies and infrastructure were approved.

With respect to soybeans, research and analyses were carried out to provide China with information to draw up protocols. Grain SA also received a delegation from the Chinese government to South Africa in order to get the necessary regulations in place. In collaboration with the South African Cereals and Oilseeds Trade Association (SACOTA), Grain SA also arranged a study on the use of registered chemicals and the impact of these in South Africa so that the Korean export market can remain accessible to maize exports.

The import and trading of wheat remain a focus point and several discussions were held with the relevant government departments on the fair operation of the quota and tariff systems. Although the tariff announcement dates have already been moved forward, there is still considerable uncertainty in the market due to the unequal announcement period. The goals for importing and exporting wheat continue to be a priority and Grain SA remains involved in the Wheat Forum in order to allow these goals to be achieved within the current legal system.

Grain SA was freely involved in discussions on free-trade agreements in order to ensure that local production was protected and that the tariff lines on exports of other industries were not promoted at the expense of grains and oilseeds. Local production and the protection of this remains an important focus area in an economically sustainable system. This year also saw hard work being done to expand local production in order to reduce South Africa's dependence on imports.

Inputs

The first soybean breeding and technology levy was collected by the South African Cultivar and Technology Agency (SACTA). However, to producers the effect of this is the most important element. Most of the soybean seed companies left their prices unchanged this year and some even reduced their prices – which is naturally one of the objectives of the programme. New seed technology is already being tested in the country, with undertakings by new entrants to the local market. Several new companies have already started investing in South Africa, which means that new germ plasm is available locally for the development of new cultivars. Grain SA monitors the progress carefully to make sure that producers will receive the benefit of this.

A part of sustainability is the affordability of inputs. The National Agricultural Marketing Council (NAMC) was requested to investigate the chemistry value chain in terms of effectiveness. The fertiliser quality monitoring process is still in place and serves as method of ensuring that producers get what they pay for. Every producer who participates also receives a personal report on their specific results. Meetings were held with all the umbrella organisations, including the South African National Seed Organisation (SANSOR), the Fertiliser Association of South Africa (FERTASA), CropLife SA and the South African Agricultural Machinery Association (SAAMA), on talks regarding the inputs, but also to explain the financial position of producers. Seed companies were also approached individually. Grain SA supported several producers who experienced problems with inputs.

Producers are under financial pressure because of the ongoing droughts. In addition to discussions with input providers and financiers, Grain SA took steps to put the recommendations in the Section 7

die regering rakende die regulatoriese omgewing en om te verseker dat die plaaslike mark uitvoermarkte het en nuwe uitvoermarkte ontwikkel word.

Graan SA is in samewerking met BFAP ook besig om 'n plaaslike "benchmark"-stelsel te vestig om sodoende doeltreffendheid te verbeter maar ook om per gebied meer akkuraat teen internasionale standaarde te kan meet.

Markte

Die organisasie het ook heelwat tyd spandeer om toegang tot die Chinese mark te bewerkstellig vir die uitvoer van mielies. Hoewel dié mark reeds oop is, moet die protokol nagekom word en inspeksies gedoen word vir goedkeuring van infrastruktuur en fasiliteite. Dit is gedoen en sekere maatskappye en infrastruktuur is goedgekeur.

In terme van sojabone is navorsing en analyses gedoen om inligting aan China te verskaf vir die opstel van protokolle. Graan SA het ook 'n delegasie van die Chinese regering na Suid-Afrika ontvang om sodoende die nodige regulasies in plek te kry. Tesame met die Suid-Afrikaanse Graan en Oliesaadverhandelingsvereniging (SACOTA) het Graan SA ook 'n studie laat doen oor die gebruik van geregistreerde chemikalieë en die impak hiervan in Suid-Afrika sodat die Koreaanse uitvoermark vir mielie-uitvoere toeganklik kan bly.

Die invoer en verhandeling van koring bly 'n fokuspunt en verskeie gesprekke is met die relevante regeringsdepartemente gevoer rakende die regverdige werking van die kwota- en tariefstelsels. Hoewel die tarief-afkondigingsdatums reeds vervroeg is, is daar steeds baie onsekerheid in die mark weens die onwederige afkondigingstydperk. Die voornemens vir in- en uitvoere van koring is steeds 'n prioriteit en Graan SA bly betrokke in die Koringforum om dit binne die huidige regstelsel te laat realiseer.

Graan SA was op 'n geredelike basis betrokke by gesprekke oor vryhandel-ooreenkomste ten einde te verseker dat plaaslike produksie beskerm word en ander bedrywe se tarieflyne op uitvoere nie ten koste van grane en oliesade bevorder word nie. Plaaslike produksie en die beskerming hiervan bly 'n vername fokusarea in 'n ekonomies volhoubare sisteem. Daar is vanjaar ook hard gewerk om plaaslike produksie uit te brei om Suid-Afrika se afhanklikheid van invoere te verminder.

Insette

Die eerste sojaboon teling-en-tegnologieheffing is deur die SA Kultivar-en Tegnologie-agentskap (SACTA) ingesamel. Vir produsente is die effek hiervan egter die belangrikste. Die meeste van die sojaboon saadmaatskappye het vanjaar hul pryse onveranderd gelaat en sommige het selfs 'n verlaging in pryse ingestel – wat uiteraard een van die doelwitte van die program is. Nuwe saadtegnologie word reeds in die land getoets, met ondernemings deur nuwe toetreders tot die plaaslike mark. Verskeie nuwe maatskappye het reeds in Suid-Afrika begin investeer wat beteken dat nuwe kiemplasma plaaslik beskikbaar is vir die ontwikkeling van nuwe kultivars. Graan SA monitor die vordering noukeurig om seker te maak dat produsente die voordeel hiervan sal ontvang.

'n Deel van volhoubaarheid is die bekostigbaarheid van insette. Die Nasionale Landbouemarkingsraad (NLBR) is versoek om die chemie-waardeketting in terme van doeltreffendheid te ondersoek. Die kunsmis-kwaliteit moniteringsproses is steeds in plek en dien as 'n metode om te verseker dat produsente kry waarvoor hul betaal. Elke produsent wat deelneem, kry ook 'n persoonlike verslag oor sy/haar spesifieke uitslae. Vergaderings is gehou met al die sambreelorganisasies, waaronder die Suid-Afrikaanse Nasionale Saadorganisasie (SANSOR), die Kunsmisvereniging van Suid-Afrika (FERTASA), CropLife SA en die SA Landboumasjinerieassosiasie (SALMA), oor besprekings rakende die insette maar ook om die finansiële posisie van produsente te verduidelik. Saadmaatskappye is ook individueel genader. Graan SA het verskeie produsente ondersteun wat probleme met insette ervaar het.

Produsente verkeer onder finansiële druk weens die voortslepende droogtes. Benewens gesprekvoering met insetverskaffers en finansiers het Graan SA skouer aan die wiel gesit om die aanbevelings van



Drought Relief Report by NAMC, as approved by the previous Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, into place. Among other things this involved the development of support with respect to crop insurance. In collaboration with the South African Insurance Association (SAIA), Grain SA submitted several applications, presented workshops and made submissions to the Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development (DALRRD), as well as to the Treasury. The organisation sincerely hopes that such a system can be introduced to support emerging producers during cycles of drought.

A programme in terms of which producers can place their profits in a savings plan and thus also apply tax management was developed in collaboration with Corporate Guarantee. The plan supports producers in utilising funds in cycles when they experience financial pressure, without limiting growth and cash flow.

Diesel rebate

The diesel rebate system remains a challenge and Grain SA is working aggressively on negotiating the best possible system and compensation for producers. Grain SA was involved in various discussions with the South African Revenue Service (SARS) to resolve problems, but also to propose a new system. We are insisting that the system be simple and that producers' primary production activities must qualify 100% for the rebate. Although we succeeded in assisting producers, many of them still experience problems with the system every month.

Value chain

The wheat turnaround strategy has been in progress for quite some time. Major success was achieved in 2019 with the change in the grading regulations – which now offer producers more value for the quality of their product. According to a study by BFAP, the benefit factor is, on average, R235/ha on dryland. Grain SA also held talks with the purchasers of barley to develop a more transparent purchase system.

Processors were visited to determine how to increase the local demand for groundnuts. In collaboration with the Groundnut Forum, an application was submitted to introduce an import tariff on peanut butter. The Soybean Forum has taken a fresh look at the future of the soybean industry in order to limit the import of oilcake and to establish a constant supply chain. It has already produced good results in the first year, with a record consumption figure. Grain SA remains involved in the discussions in order to ensure that the local market is sound and sustainable. The sorghum industry is also collaborating with the Department of Science and Innovation on a value-chain study to make recommendations on sustainability.

The poultry industry is one of the biggest off-takers of grains and oilseeds. It is therefore important to ensure that local production is promoted to create a sustainable market for grains and oilseeds. The promotion of export possibilities is creating additional markets and neutralising the effect of imports. Grain SA is involved in talks with various role-players to support the local poultry market, but also to create new markets.

Location differential

At the request of Grain SA that an independent person investigate the system, the JSE appointed Prof Matt Roberts to assess the system and make recommendations. Roberts indicated that, due to the concentration of market forces, the system was not the perfect one, but that it was the most suitable. He made a few recommendations inside and outside the system to improve it. In the light of the recommendations, Grain SA also made a few suggestions to the JSE to improve the system. If the system is not to be abolished, it is important that it does function as accurately as possible.

A large number of the above variables remain of concern to the industry and will receive continued attention – despite positive developments and solutions. It remains important to ensure that our producers

NLBR se Afdeling 7 Droogtehelpkomitee-verslag, soos goedgekeur deur die vorige Minister van Landbou, Bosbou en Visserie, in plek te kry. Dit behels onder andere die ontwikkeling van ondersteuning rakende oesversekering. Graan SA het in samewerking met die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAIA) verskeie aansoeke, werksinkels en voorleggings gedoen by die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) asook by die Tesourie. Die organisasie hoop van harte dat so 'n stelsel ingestel kan word om kommersiële en opkomende produsente tydens droogtesiklusse te ondersteun.

'n Program waarvolgens produsente hul winste in 'n spaarplan kan plaas en sodoende belastingbestuur toepas, is in vennootskap met Corporate Guarantee ontwikkel. Die plan ondersteun produsente om fondse te benut in siklusse wanneer daar finansiële druk ervaar word sonder om groei en kontantvloei in te perk.

Dieselrabat

Die dieselrabatstelsel bly 'n uitdaging en Graan SA werk aggressief daaraan om vir produsente die beste moontlike stelsel te beding asook vergoeding. Graan SA was in verskeie gesprekke met die SA Inkomstediens (SAID) om probleme op te los, maar ook om 'n nuwe stelsel voor te stel. Daar word voet by stuk gehou dat die stelsel eenvoudig moet wees en dat produsente se primêre produksie-aktiwiteite 100% vir die rabat moet kwalifiseer. Alhoewel daarin geslaag is om produsente by te staan, ervaar menige produsente steeds maandeliks probleme hiermee.

Waardeketting

Die koring-omdraaistrategie is al 'n geruime tyd aan die gang. In 2019 is groot welslae bereik met die verandering in die graderingsregulasies – wat nou vir produsente meer waarde vir die kwaliteit van hul produk bied. Volgens 'n studie deur BFAP beloop die voordeelfaktor gemiddeld R235/ha op droëland. Graan SA was ook in gesprek met die aankopers van gars om 'n meer deursigtige aankoopstelsel te ontwikkel.

Verwerkers is besoek ten einde te bepaal hoe om die plaaslike vraag na grondbone te verhoog. Voorts is daar saam met die Grondboonforum aansoek gedoen vir die instel van 'n invoertarief op grondboonbotter. Die Sojaboonforum het opnuut besin oor die toekoms van die sojaboonbedryf ten einde die invoere van oliekoek te beperk en daardeur 'n konstante aanbodketting te vestig. In die eerste jaar het dit reeds goeie resultate getoon met 'n rekord verbruiksyfer. Graan SA bly betrokke in die gesprekke om sodoende toe te sien dat die plaaslike mark gesond en volhoubaar is. Binne die sorghumbedryf word daar ook tans in vennootskap met die Departement van Wetenskap en Innovasie gewerk aan 'n waardekettingstudie om aanbevelings rakende volhoubaarheid te doen.

Die hoenderbedryf is een van die grootste afnemers van grane en oliesade. Dit is dus belangrik om te verseker dat plaaslike produksie bevorder word om sodoende 'n volhoubare mark vir grane en oliesade te skep. Deur uitvoermoontlikhede te bevorder, word addisionele markte geskep en word die effek van invoere teengewerk. Graan SA is in gesprek met verskeie rolspelers om die plaaslike hoendermark te ondersteun, maar ook om nuwe markte te skep.

Liggingsdifferensiaal

Op versoek van Graan SA dat 'n onafhanklike persoon die stelsel ondersoek, het die JSE vir prof Matt Roberts aangestel om die stelsel te evalueer en om aanbevelings te maak. Prof Roberts het aangedui dat die stelsel weens die konsentrasie van markkragte wel nie die volmaakte stelsel is nie, maar dat dit tog die mees geskikte een is. Hy het 'n paar aanbevelings binne en buite die stelsel gemaak om dit te verbeter. Graan SA het ook gegewe die aanbevelings voorstelle gemaak aan die JSE in terme van verbetering. Dit is belangrik as die stelsel nie verwyder word nie dat dit wel so akkuraat as moontlik moet funksioneer.

Heelwat van die bogenoemde veranderlikes bly bekommernisse vir die bedryf en dit geniet deurentyd aandag te midde van positiewe

have effective and reliable information to support them in their purchasing and marketing decisions and to ensure sustainable production. The division has a team of experts who pursue this vision.

NAMPO

NAMPO HARVEST DAY

NAMPO 2019 was characterised by good weather, and 81 345 visitors attended this trade show and popular meeting place for people involved in agriculture. As quite a number of grain producers in the interior were holding their breath about early frost that could affect their crop yield, the relatively warm weather up to the NAMPO week was very welcome.

After the land reform debate, drought and low grain prices of the past year, the joviality and positive attitude of producers were marked. According to the Grain SA chairperson, it was notable that the uncertainty was less than last year. Producers also displayed a solution- and growth-driven attitude at NAMPO.

The Nation in Conversation forum's discussion points this year shifted from land reform to what is required to allow the agricultural sector and the country's economy to grow. What came up was that the agricultural sector is positive about allowing the plan for economic growth to succeed. Matters to which the government should attend urgently involve financing for black farmers, expanding markets, the profitability of the sector, a national crop insurance subsidy, skills development, improvement of infrastructure, as well as research on climate in particular.

On his first visit to the NAMPO Harvest Day, the Deputy Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, Sifiso Buthelezi, described it as the best-kept secret of the agricultural sector that should be experienced by everybody in South Africa who consumes food. He says that in Chile and Argentina – where he had attended similar shows – the country comes to a standstill to support producers.

The focus of NAMPO as trade show is retained throughout, but the human side of NAMPO is an undeniable feature, and the strengthening of relationships, partnerships and friendships remains a drawcard. NAMPO offers the agricultural sector a platform for one large strategic planning session every year. Individual and collective plans for the next year are made here to take back to the farm. With the greater supply of technology and opportunities arising here, NAMPO increasingly demands more than a one-day visit. It is noteworthy that – like the drivers and directors of agriculture – the executive heads of input providers and agribusinesses and other decision-makers are present on the grounds throughout NAMPO week.

This year the 775 exhibitors were still popular, despite the prevailing economic pressure on consumers. Some of the exhibitors had record sales. According to exhibitors, the visitors to their exhibiting space ensured quality enquiries and promising leads – which are worth much more than just a volume of people.

NAMPO's aim is not to become bigger, but to continuously offer the experience to visitors at such a standard that they want to come again next year. The size of the grounds and the infrastructure that is so well distributed already provide a more restful experience that is family friendly and has something for everyone. Even the landing strip handled a record of 376 light aeroplanes and 63 helicopters with ease.

NAMPO CAPE

We look back gratefully on a very successful NAMPO Cape 2019. These three days were a highlight on the Cape agricultural calendar to the 435 exhibitors, spread over the 480 available exhibiting spaces, and the upgraded parking areas and the larger number of kiosks made the event worthwhile.

Over the three days of the show, 20 250 visitors attended NAMPO Cape. This figure exceeded the expectations of the organisers. Thursday, 5 September was the most popular day, with approximately 9 000 visitors passing through the gates.

verwikkeling en oplossings. Dit bly belangrik om te verseker dat ons produsente effektiewe, betroubare inligting tot hulle beskikking het om aankoop- en bemarkingsbesluite te ondersteun en volhoubare produksie te verseker. Die afdeling het 'n span kundiges wat die visie nastreef.

NAMPO

NAMPO OESDAG

NAMPO 2019 is gekenmerk deur goeie weer en 81 345 besoekers wat dié handelskou en gewilde ontmoetingsplek van mense in landbou bygewoon het. Aangesien heelwat binnelandse graanprodusente asem opgehou het vir vroeë ryp wat oesopbrengste kon beïnvloed, was die betreklike warm weer wat tot die NAMPO-week geheers het, 'n welkome mylpaal.

Ná die grondhervormingsdebat, droogte en lae graanpryse van die afgelope jaar, was die gemoedelikheid en positiwiteit van produsente merkbaar. Volgens die Graan SA voorsitter was dit opmerklik dat die onsekerheid minder was as verlede jaar. Verder het produsente 'n oplossing- en 'n groeigedrewe ingesteldheid by NAMPO getoon.

Die Nasie in Gesprek-forum se gesprekspunte het vanjaar verskuif van grondhervorming na dit wat nodig is om die landbousektor en die land se ekonomie te laat groei. Wat na vore gekom het, is dat die landbousektor positief is om die plan vir ekonomiese groei te laat slaag. Sake waaraan die regering dringende aandag behoort te skenk, behels finansiering vir swart boere, die uitbreiding van markte, winsgewendheid van die sektor, 'n nasionale oesversekeringssubsidie, vaardigheidsontwikkeling, verbetering van infrastruktuur asook navorsing oor veral klimaat.

Op sy eerste besoek aan die NAMPO Oesdag het die Adjunkminister van Landbou, Bosbou en Visserie, Sifiso Buthelezi, dit beskryf as die landbousektor se bes bewaarde geheim wat deur almal in Suid-Afrika wat voedsel verbruik, ervaar moet word. Hy sê in Chili en Argentinië – waar hy soortgelyke skoue bygewoon het – kom dié lande tot stilstand om produsente te ondersteun.

NAMPO se fokus as handelskou word deurlopend behou, maar die menskant van NAMPO is 'n onmiskenbare kenmerk en die vestiging van verhoudinge, vennootskappe en vriendskappe bly 'n trekpleister. NAMPO bied jaarliks aan die landbousektor 'n platform om een groot strategiese beplanningssessie te hou. Individuele en kollektiewe planne vir die volgende jaar word hier gemaak om terug te neem na plaasvlak. Met die groter aanbod van tegnologie en geleenthede wat hier ontstaan, verg NAMPO toenemend meer as 'n een dag-besoek. Dit is opmerklik dat – net soos die drywers en rigtinggewers van landbou – daar regdeur die NAMPO-week 'n teenwoordigheid van insetverskaffers en landboubesighede se uitvoerende hoofde en ander besluitnemers op die terrein te sien is.

Vanjaar se 775 uitstallers het steeds aftrek gekry ten spyte van die heersende ekonomiese druk op verbruikers. Sommige uitstallers het rekordverkope bereik. Volgens uitstallers het die besoekers aan hul uitstalruimte gesorg vir kwaliteit navrae en belowende leidrade – wat baie meer werd is as net 'n volume mense.

NAMPO se mikpunt is nie om groter te gaan nie, maar om die ervaring vir besoekers deurlopend op so 'n standaard aan te bied, dat hulle dit die volgende jaar weer wil bywoon. Die grootte van die terrein en die infrastruktuur wat goed versprei is, sorg reeds vir 'n rustiger ervaring wat gesinsvriendelik is en iets vir elkeen bied. Selfs die vliegveld het 'n rekord van 376 vliegtuie en 63 helikopters met gemak hanteer.

NAMPO KAAP

Dit is met dankbaarheid dat ons terugkyk na 'n baie geslaagde NAMPO Kaap 2019. Vir die 435 uitstallers versprei oor die 480 beskikbare uitstalruimtes, die opgegradeerde parkeerareas sowel as die groter getal kiosks was dié drie dae 'n hoogtepunt op die Kaapse landboukalender en beslis die moeite werd.

Oor die drie skou-dae het 20 250 besoekers NAMPO Kaap bygewoon. Dié syfer het die organiseerders se verwagtinge oortref. Donderdag, 5 September was die gewildste dag met nagenoeg 9 000 besoekers wat deur die hekke gestroom het.

New additions to the show, including large television screens on which visitors could follow the popular Nation in Conversation programme live on the grounds, were definitely a hit. Equally popular were the tractors with trailers transporting visitors and offering tired feet a well-earned rest. The beautiful flower exhibit was a wonderful experience and captivated young and old, while the daily programme for ladies entertained the fair sex.

NAMPO Cape also offered producers in the Western Cape the opportunity to examine new technology and make new plans for the production season.

NAMPO/ALFA – LIVESTOCK, HUNTING AND OUTDOORS

Grain SA and ALFA have decided to join forces and add a new expo to the agricultural calendar. This announcement is the result of numerous talks, with these two major names in the industry offering the first NAMPO/ALFA Livestock, Hunting and Outdoors Expo at NAMPO Park just outside Bothaville in 2020.

The South African livestock industry is growing all the time and is an important component of the local economy. This growth is reflected in the fact that ALFA has grown to be the biggest livestock expo in the country over the past four years. The logical next step is to expand it, and with years of successful shows behind it, NAMPO Park offers ALFA a logical space to spread its wings.

ALFA is not your ordinary expo, and since it was established it has offered role-players in the livestock industry different unique platforms that present opportunities for networking. It involves local role-players and stakeholders from across the African continent.

Quite a number of producers expressed the need for a centrally located hunting and outdoors expo. To the South African producer, livestock, outdoors activities and hunting are complementary aspects, and the combination is a winning recipe. NAMPO Park already has excellent infrastructure and systems like sufficient parking, kiosks, ablution facilities, stock facilities and other venues – all offering the opportunity to not only house such an event, but to expand it to excellence. In addition, South African producers already feel at home at NAMPO Park. Numerous opportunities and plans are envisaged for the expo, which will be presented at NAMPO Park from 24 to 26 September 2020.

SA Graan/Grain magazine

Grain SA distributes the *SA Graan/Grain* magazine to roughly 18 000 readers every month. This full-colour publication is used to empower South Africa's producers of grains and oilseeds with knowledge. Suppliers of input resources and services in the agricultural industry also continuously utilise the magazine as an effective advertising medium to their client base.

As a specialist publication and official mouthpiece, *SA Graan/Grain* carries the image of Grain SA out to its members, the public and opinion makers in the industry and in the government. The editorial content reflects a balance of appropriate industry information as well as technical and research-based articles. Topics like grain market trends, an input overview, tips on sound labour practices, the climate and even political and economic comments are included throughout. The serious side of farming alternates with popular articles (and even humour) on people and events in the grain industry.

In the year under review matters like positioning and market share in the semi-commercial magazine industry, balance of technical and current content, expansion of the digital footprint and the wider utilisation of the *SA Graan/Grain* brand were assessed afresh by the magazine's Editorial Committee. Strategic focus areas were subsequently accepted and are currently being implemented.

SA Graan/Grain focuses on being a leading news and information platform for the grain and oilseeds industry. Through the magazine readers can also get to know Grain SA as a trendsetting organisation better.

The magazine is supported by the contributions of all the advertisers, and Grain SA wants to thank every advertiser for their continued support.

Nuwe toevoegings tot die skou, insluitend die groot televisieskerm waarop besoekers die gewilde Nasie in Gesprek-program regstreeks op die terrein kon volg, was voorwaar 'n treffer. Ewe gewild was die trekkers met waentjies wat besoekers vervoer het en moeë voete 'n welverdiende ruskans gebied het. Die pragtige blomme-uitstalling was 'n belewenis en het oud en jonk bekoor, terwyl die daaglikse damesprogram die skoner geslag vermaak het.

NAMPO Kaap het produsente in die Wes-Kaap ook die geleentheid gebied om nuwe tegnologie te besigtig en nuwe planne vir die produksieseisoen te beraam.

NAMPO ALFA – LEWENDEHAWE, JAG EN BUITELEWE

Graan SA en ALFA het besluit om hande te vat en 'n nuwe ekspo by die landboukalender te voeg. Die aankondiging kom ná talle samesprekings, met die resultaat dat die twee groot name in die bedryf die eerste NAMPO/ALFA Lewendehawe, Jag en Buitelewe-ekspo in 2020 op NAMPO Park net buite Bothaville gaan aanbied.

Die Suid-Afrikaanse lewendehawe-bedryf groei toenemend en is 'n belangrike komponent van die plaaslike ekonomie. Hierdie groei word weerspieël in die feit dat ALFA die afgelope vier jaar gegroei het tot die grootste lewendehawe-ekspo in die land. Die logiese volgende stap is om dit te laat uitbrei en met jare se suksesse op die kersstok bied NAMPO Park aan ALFA 'n logiese ruimte om sy vlerke te spreid.

ALFA is nie u gewone ekspo nie en het sedert die ontstaan van die land rolspeleers in die lewendehawe-bedryf verskillende unieke platforms aangebied wat geleenthede bied vir netwerkvorming. Dit geld vir plaaslike rolspeleers en belanghebbendes regoor die Afrika-kontinent.

Heelwat produsente het die behoefte uitgespreek vir 'n sentraal geleë jag- en buitelewe-ekspo. Lewendehawe, buiteligaktiwiteite en jag is komplementêre aspekte van die Suid-Afrikaanse produsent en die kombinasie bied 'n wenresep. NAMPO Park beskik reeds oor 'n uitstekende infrastruktuur en stelsels – soos voldoende parkeerplek, kiosks, ablusiegeriewe, vee-fasiliteite en ander lokale – wat alles die geleentheid bied om nie net so 'n geleentheid te huisves nie, maar om dit uit te brei tot uitnemendheid. Suid-Afrikaanse produsente voel boonop reeds tuis op NAMPO Park. 'n See van geleenthede en planne word in die vooruitsig gestel vir die ekspo wat 24 tot 26 September 2020 op NAMPO Park aangebied word.

SA Graan/Grain-tydskrif

Graan SA gee die *SA Graan/Grain*-tydskrif maandeliks uit aan nagenoeg 18 000 lesers. Dié volkleurpublikasie word aangewend om Suid-Afrika se produsente van grane en oliesade met kennis te bemagtig. Verskaffers van insetmiddele en dienste in die landboubedryf benut ook deurlopend die tydskrif as doeltreffende advertensiemedium na hulle klantebasis.

As spesialispublikasie en amptelike mondstuk, dra *SA Graan/Grain* die beeld van Graan SA uit aan sy lede, die publiek sowel as meningvormers in die bedryf en in regeringskringe. Die redaksionele inhoud weerspieël 'n balans van toepaslike bedryfsinligting sowel as tegniese en navorsingsgebaseerde artikels. Onderwerpe soos graanmarkttendense, 'n insetoorsig, wenke oor goeie arbeidspraktyke, die klimaat en selfs politieke en ekonomiese kommentaar word deurlopend aangebied. Dié ernstige sy van boerdery word afgewissel met lekkerlees-artikels (en selfs humor) oor mense en gebeurtenisse in die graanbedryf.

In die jaar onder oorsig is sake soos posisionering en marktaandeel in die semikommersiële tydskrifmark, balans van tegniese en aktuele inhoud, verbreding van digitale voetspoor en die breër benutting van die *SA Graan/Grain*-handelsmerk opnuut deur die tydskrif se Redaksionele Komitee geëvalueer. Strategiese fokusareas is vervolgens aanvaar en word tans geïmplementeer.

SA Graan/Grain fokus daarop om 'n leidende nuus- en inligtingsplatform vir die graan- en oliesadebedryf te wees. Deur middel van die tydskrif kan lesers ook vir Graan SA – as toonaangewende organisasie – beter leer ken.

Die tydskrif word moontlik gemaak deur die bydrae van al die adverteerders en Graan SA bedank graag elke adverteerder vir die volgehoue ondersteuning.

LEVY DIVISION

Commodity levy

We would like to thank members of Grain SA who regularly paid their levies over the past year. The levy income remains the most important source of income to Grain SA. The 2017/2018 marketing year felt the first pressures of the low commodity prices in the interior, as well as of the drought in the Cape. Nevertheless, producers continued to pay their levies faithfully. Grain SA would like to thank all members who loyally make their contributions on all their tons. However, members can be assured that expenses were actively reduced in order to compensate for the smaller income from the commodity levies.

Membership of Grain SA

The constitution of Grain SA makes provision for commercial as well as study group members. In terms of the constitution, membership for commercial members is subject to the payment of a commodity levy per ton on all grain produced, with a minimum amount of R1 000 plus VAT payable for full membership. Study group members currently pay R50 per year.

HEFFINGSAFDELING

Bedryfsheffing

Groot dank word uitgespreek aan lede van Graan SA wat die afgelope jaar hul heffings getrou betaal het. Die heffinginkomste bly steeds die belangrikste bron van inkomste vir Graan SA. Die 2017/2018-bemarkingsjaar het die eerste druk gevoel van die lae kommoditeitspryse in die binneland sowel as die droogte in die Kaap. Nietemin het produsente steeds getrou hul heffings betaal. Graan SA bedank alle lede wat lojaal hul bydraes op al hul tonne maak. Lede kan egter verseker wees dat uitgawes daadwerklik besnoei is, om sodoende te kompenseer vir die kleiner inkomste van die bedryfsheffings.

Lidmaatskap van Graan SA

Graan SA se grondwet maak voorsiening vir kommersiële lede sowel as studiegroeplede. In terme van die grondwet is lidmaatskap vir kommersiële lede onderhewig aan die betaling van 'n bedryfsheffing per ton op alle graan geproduseer, met 'n minimum bedrag van R1 000 plus BTW betaalbaar vir volwaardige lidmaatskap. Studiegroeplede betaal tans R50 per jaar.

TABLE 2 – Grain SA levy per ton per type of crop for 2019/2020.

TABEL 2 – Graan SA-heffing per ton per gewas vir 2019/2020.

CROP	LEVY PER TON*
Summer grains	
Maize	R3,00
Sorghum	R3,00
Soybeans	R6,00
Sunflower	R6,00
Groundnuts	R11,50
Winter grains	
Wheat	R3,50
Canola	R4,70
Barley	R3,50
Other cereals	R3,50

* The above amounts exclude VAT

GEWAS	HEFFING PER TON*
Somergrane	
Mielies	R3,00
Sorghum	R3,00
Sojabone	R6,00
Sonneblom	R6,00
Grondbone	R11,50
Wintergrane	
Koring	R3,50
Kanola	R4,70
Gars	R3,50
Ander grane	R3,50

* Bogenoemde bedrae sluit BTW uit

New Era farmers who produce grain can also become members of Grain SA by paying the same set levies as commercial members.

Exclusive benefits were also created for members:

- ▶ The Momentum policy package was revised and adjusted to members' needs.
- ▶ Ford offers Grain SA members special prices on any vehicle.
- ▶ Tax-free savings plan with Corporate Guarantee.
- ▶ NAMPO tickets.

Collection of levy

Levies are collected in the following ways:

BY COLLECTION AGENTS

Collection agents are companies to whom grain is delivered. Grain SA concludes contracts with the organisations in which they undertake to collect levies at the first point of delivery with the agreement of the producers and to pay over these levies to Grain SA within a stipulated period. The logos of the Grain SA partners appear in **Figure 1**.

DIRECT TRANSFERS

Members can also pay their levies directly to Grain SA by way of a cheque, a bank deposit or an electronic transfer. This payment method is particularly suitable where producers market their grain to parties who do not form part of the Grain SA levy structures.

Nuwe era-boere wat graan produseer, kan 'n lid van Graan SA word deur die neergelegde heffing te betaal – soos wat vir kommersiële produsente geld.

Eksklusiewe voordele vir lede is ook geskep:

- ▶ Momentum polispakket is hersien en aangepas volgens lede se behoeftes.
- ▶ Ford bied spesiale pryse op enige voertuig aan vir Graan SA-lede.
- ▶ Belastingvrye spaarplan by Corporate Guarantee.
- ▶ NAMPO kaartjies.

Invordering van heffing

Heffings word op die volgende wyses ingesamel:

DEUR INVORDERINGSAGENTE

Invorderingsagente is maatskappye waar graan gelewer word. Graan SA sluit kontrakte met die organisasies waar hulle onderneem om met toestemming van die produsente heffings te verhaal by die eerste punt van lewering en dit binne 'n sekere tyd aan Graan SA oor te betaal. Die logo's van Graan SA se vennote verskyn in **Figuur 1**.

DIREKTE OORBETALINGS

Lede kan ook hul heffings direk aan Graan SA oorbetal by wyse van tjek, deposito of elektroniese oorbetalings. Die metode van betaling is veral gepas waar produsente se graan bemark word aan partye wat nie deel vorm van Graan SA se heffingstrukture nie.


FIGURE 1 – Grain SA levy agents as at 30 September 2019.
FIGUUR 1 – Graan SA-heffingsagente soos op 30 September 2019.



Employment of levy

The employment of the levy is approved by members only at the annual Congress. **Graph 1** indicates how the levy was employed during the Congress year.

GRAPH 1 – Employment of levies in the 2018/2019 marketing year.
GRAFIEK 1 – Aanwending van heffings in die 2018/2019-bemarkingsjaar.



The biggest part of the levy fund (40%) is employed for research and development by the Grain Economy and Research divisions.

A large portion (36%) is also used for affiliations and to support the Executive in the functions they carry out. The levy fund is further used for marketing actions, member benefits and commission for the collection agents contributing to collecting the levies for Grain SA. Marketing actions are launched throughout the year to develop and promote the image of Grain SA and of agriculture in general.

We assure members that the levy is used purely for promoting members' interests, and Grain SA feels strongly that the employment of funds should be driven by the members, who represent the organisation.

Aanwending van die heffing

Die aanwending van die heffing word alleenlik deur lede goedgekeur tydens die jaarlikse kongres. **Grafiek 1** dui aan hoe die heffing aangewend is tydens die kongresjaar.

Die grootste gedeelte van die heffingsfonds (40%) word aangewend vir navorsing en ontwikkeling deur die Graanekonomie- en Navorsing-afdelings.

'n Groot gedeelte (36%) word ook aangewend vir affiliasies en om Hoofbestuur te ondersteun met funksies deur hulle verrig. Verder word die heffingsfonds aangewend vir bemarkingsaksies, ledevoordele en kommissie vir die invorderingsagente, wat help om die heffings vir Graan SA in te vorder. Bemarkingsaksies word deur die jaar geloods om die beeld van Graan SA en landbou in die geheel uit te bou en te bevorder.

Lede kan verseker wees dat die heffing aangewend word suiwer om lede se belange te bevorder en Graan SA voel sterk daarvoor dat die aanwending van die fondse deur die lede wat die organisasie verteenwoordig, gedryf moet word.

Ledestatistiek

GRAAN SA

Tydens Kongresjaar van 2018/2019 het die getal opbetaalde lede afgeplat sedert die vorige Kongresjaar. Dit is grootliks toe te skryf aan die uitdagende seisoen wat ervaar is en produsente wat alternatiewe gewasse verbou het. Die getal lede wat die heffing, maar nie die minimum bedrag betaal het nie, het egter afgeneem – wat positief is. Die totale getal lede het ook fluks toegeneem sedert die vorige jaar.

Die getal opbetaalde studiegroeplede het sedert die vorige termyn toegeneem. Graan SA bedank elke lid vir sy/haar bydrae tot 'n organisasie wat 'n kritiese rol speel in die volhoubaarheid van graanproduksie in Suid-Afrika.

Belanghebbendes

- Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV)
- Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD)
- Departement van Handel en Nywerheid (DHN)
- Tesourie
- Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)
- Internasionale Handelsadministrasie-kommissie (IHIK)
- Nasionale Landbou-bemarkingsraad (NLBR)
- Nasionale Oesskatting-komitee (NOK)
- Suid-Afrikaanse Nasionale Saadorganisasie (SANSOR)
- CropLife SA
- Kunsmisvereniging van Suid-Afrika (FERTASA)

Member statistics


GRAIN SA

During the 2018/2019 Congress year the number of paid-up members evened out compared to the previous Congress year. This can be largely attributed to the challenging season that was experienced, and producers who planted alternative crops. However, the number of members who paid the levy but not the minimum amount decreased – which is positive. The total number of members also increased well since the previous year.

The number of paid-up study-group members has increased since the previous term. Grain SA thanks every member for their contribution to an organisation that plays a critical role in the sustainability of grain production in South Africa.

GRAPH 3 – Grain SA study group members, 2018/2019.

GRAFIEK 3 – Graan SA-studiegroeplede, 2018/2019.




Stakeholders

- ▶ Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF)
- ▶ Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development (DALRRD)
- ▶ Department of Trade and Industry (dti)
- ▶ Treasury
- ▶ South African Revenue Services (SARS)
- ▶ International Trade Administration Commission (ITAC)
- ▶ National Agricultural Marketing Council (NAMC)
- ▶ National Crop Estimates Committee (CEC)
- ▶ South African National Seed Organisation (SANSOR)
- ▶ CropLife SA
- ▶ Fertiliser Association of South Africa (FERTASA)
- ▶ South African Agricultural Machinery Association (SAAMA)
- ▶ Commodity forums
- ▶ Protein Research Foundation (PRF)
- ▶ Bureau for Food and Agricultural Policy (BFAP)
- ▶ Agribusinesses
- ▶ Input providers
- ▶ Grain dealers
- ▶ Levy collection agents
- ▶ NAMPO exhibitors
- ▶ Agricultural Writers' Association of South Africa
- ▶ Agri SA
- ▶ Provincial agricultural unions
- ▶ Southern African Grain Laboratory (SAGL)
- ▶ South African Grain Information System (SAGIS)
- ▶ JSE – Safex
- ▶ National Chamber of Milling (NCM)

GRAPH 2 – Paid-up Grain SA members for the 2018/2019 marketing year.

GRAFIEK 2 – Opbetaalde Graan SA-lede vir die 2018/2019-bemarkingsjaar.



- ▶ Fully paid-up (Vol opbetaal)
- ▶ Partially paid (Gedeeltelik betaal)
- ▶ Non paid-up members (active only) (Nie-opbetaalde lede (slegs aktief))
- ▶ Total (Totaal)

- ▶ SA Landboumasjinerieassosiasie (SALMA)
- ▶ Kommoditeit-forums
- ▶ Proteïen Navorsingstigting (PNS)
- ▶ Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP)
- ▶ Landboubesighede
- ▶ Insetverskaffers
- ▶ Graanhandelaars
- ▶ Heffing-invorderingsagente
- ▶ NAMPO-uitstallers
- ▶ Landboukrywersvereniging van Suid-Afrika
- ▶ Agri SA
- ▶ Provinsiale landbou-unies
- ▶ Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL)
- ▶ Suid-Afrikaanse Graaninligtingstelsel (SAGIS)
- ▶ JSE – Safex
- ▶ Nasionale Meulenaarskamer (NMK)
- ▶ Suid-Afrikaanse Graan en Oliesade Handelsvereniging (SACOTA)
- ▶ Agbiz
- ▶ Vereniging van Veevoervervaardigers (AFMA)
- ▶ Kommoditeitsorganisasies
- ▶ Kommoditeitstrusts
- ▶ TLU
- ▶ SA Kultivar- en Tegnologie-agentskap (SACTA)
- ▶ Landbounavorsingsraad (LNR)

KOMMUNIKASIE EN OPENBARE BETREKKINGE

Graan SA se openbarebetrekkingestrategie is steeds gefokus op kommunikasie-aktiwiteite, aksies en kanale waar die organisasie sigbaar en relevant bly en 'n verskil maak aan lede, die wêreldwye graan- en landbougemeenskap asook die publiek. Die innoverende en konsekwente verspreiding van inligting intern onder lede en ekstern onder landbouvennote en belanghebbendes bly belangrik – met 'n sterk fokus op blootstelling, betrokkenheid, invloed, impak en voorspraak.

Fokusareas

- ▶ **Kommunikeer die huidige**
- ▶ **Kommunikeer konsekwent**
- ▶ **Kommunikeer die Graan SA-handelsmerk**

- ▶ South African Cereals and Oilseeds Trade Association (SACOTA)
- ▶ Agbiz
- ▶ Animal Feed Manufacturers Association (AFMA)
- ▶ Commodity organisations
- ▶ Commodity trusts
- ▶ TAU
- ▶ South African Cultivar and Technology Agency (SACTA)
- ▶ Agricultural Research Council (ARC)

COMMUNICATION AND PUBLIC RELATIONS

Grain SA's public relations strategy remains focused on communication activities, actions and channels where the organisation remains visible, relevant and makes a difference to members, the global grain and agricultural community and the public. Innovative and consistent information sharing amongst members internally and agricultural partners and stakeholders externally persisted, with a strong focus on exposure, engagement, influence, impact and advocacy.

Focus areas

- ▶ **Communicating the present**
- ▶ **Communicating consistently**
- ▶ **Communicating Brand Grain SA**
- ▶ **Communicating #ProudlyGrainSA**
- ▶ **Communicating to stakeholders**
- ▶ **Communicating transparently**
- ▶ **Communicating impact and success**
- ▶ **Communicating creatively**
- ▶ **Communicating to collaborate**
- ▶ **Communicating to measure**

OUR PUBLIC RELATIONS ACTIVITIES IN THE YEAR UNDER REVIEW, SUCCESSFULLY ACHIEVED THE FOLLOWING:

- ▶ Provided ongoing media liaison support to the Grain SA Executive in order to further build on existing relationships with print, broadcast and electronic media channels.
- ▶ Provided support to Congress, NAMPO Harvest Day, NAMPO Cape, NAMPO ALFA and Swartland Show and organised the Day of Celebration and Grain Producer of the Year functions.
- ▶ Emphasised the role of the grain producer with a focus on national food security whilst raising the organisation's profile through media activities complementing the broader communication strategy.
- ▶ Built on the organisation's knowledge management systems including the various websites and email communication platforms.
- ▶ Rolled-out another short video series focussing on #Proudly Grain SA in order to highlight why members find the organisation of value with a focus on its propositions in order to instil a proud-member culture.
- ▶ Continued to steer through the much-debated topics of expropriation of land without compensation during the first half of the reporting period, to diesel prices, the breeding- and technology levy, the five-year drought cycle and the winter grain crop concerns towards the end of the reporting period.

Meaningful media liaison remains important in order to retain certain control in the organisation's contact with the media. This results in fostering an understanding of the organisation's current focusses and projects whilst effectively communicating the necessary background information on issues affecting the grain producers, through the media to the public.

Our accomplishments

- ▶ Expanded the organisation's online footprint through its communication channels and platforms, including the Grain SA website and the various NAMPO websites.
- ▶ Further built on establishing an ease-of-reference contact point directly with members through the organisation's exclusive digital membership card.
- ▶ Integrating communication efforts to underpin all our interactions as we worked to improve the quality of dialogues with each of our stakeholder groups.

- ▶ **Kommunikeer #TrotsGraanSA**
- ▶ **Kommunikeer met belanghebbendes**
- ▶ **Kommunikeer deursigtig**
- ▶ **Kommunikeer impak en sukses**
- ▶ **Kommunikeer kreatief**
- ▶ **Kommunikeer hoe ons saam- en meewerk**
- ▶ **Kommunikeer om te meet**

ONS OPENBAREBETREKKINGE-AKTIWITEITE HET IN DIE OORSIGJAAR MET SUKSES DIE VOLGENDE BEREIK:

- ▶ Deurlopende ondersteuning met mediaskakeling is aan die Graan SA-hoofbestuur verskaf om bestaande betrekkinge met die gedrukte, uitsaai- en elektroniese media te versterk.
- ▶ Steun is vir die Kongres, NAMPO Oesdag, NAMPO Kaap, NAMPO ALFA en die Swartland Skou verskaf en die Dag van Feesviering- en Graanprodusent van die Jaar-funksies is gereël.
- ▶ Die rol van die graanprodusent is beklemtoon met 'n fokus op nasionale voedselsekerheid terwyl die organisasie se profiel versterk is deur media-aktiwiteite wat die wyer kommunikasie-strategie aanvul.
- ▶ Die organisasie se kennisbestuurstelsels, insluitend die verskeie webwerwe en e-pos-kommunikasiplatforms, is verbeter.
- ▶ Nog 'n kort videoreeks is vervaardig met die fokus op #TrotsGraanSA ten einde te beklemtoon waarom lede die organisasie as waardevol beskou, met die fokus op Graan SA se waarde-aanbod en om 'n trotse ledekultuur te help vestig.
- ▶ Die veelbesproke onderwerp van grondonteiening sonder vergoeding is gedurende die eerste helfte van die verslagtydperk verder hanteer. Dieselprijs, die teling- en tegnologieheffing, die vyfjaar-droogtesiklus en bekommernisse oor die wintergraanoes is aan die einde van die verslagtydperk aangespreek.

Betekenisvolle skakeling met die media bly belangrik om 'n mate van beheer ten opsigte van die organisasie se kontak met die media uit te oefen. Dit lei tot die ontwikkeling en begrip van die organisasie se huidige fokuspunte en projekte, terwyl die nodige agtergrondinligting oor kwessies wat die graanprodusente raak doeltreffend deur die media aan die publiek oorgedra word.

Ons prestasies

- ▶ Die organisasie se aanlynvoetspoor is deur die kommunikasiekanale en platforms uitgebrei, insluitend deur Graan SA se webwerf en die onderskeie NAMPO-webwerwe.
- ▶ Verdere werk is gedoen om 'n maklike direkte kontakpunt met lede te vestig deur die organisasie se eksklusiewe digitale lidmaatskapkaart.
- ▶ Kommunikasiepogings is geïntegreer deur al ons interaksies te steun in ons poging om die gehalte van die gesprekke met elkeen van ons belangegroep te versterk.
- ▶ Die organisasie se sosialemediaplatforms is deurlopend uitgebrei, en sluit nou die hoof-profiel, die NAMPO Oesdag- en NAMPO Kaap-kanale, asook die onderskeie sosialemediaprofiel in.
- ▶ Deelname aan uitstallings en werksinkels waar teikengehore en fokusareas nie heeltemal met dié van die organisasie ooreenstem nie, is herevalueer. Die openbarebetrekkinge-aktiwiteite ondersteun gevolglik lede se bemerkingspogings by uitstallings, werksinkels en produsentedae met 'n teikengehoor en fokus wat by die organisasie se doelwitte aanklank vind. Dit het imbizo's ter ondersteuning van kommunikasie-inisiatiewe vir landbou-ontwikkeling, die Swartland Skou, die Swellendam Skou, Senwes Toekomsfokus, Iedegholfdag en verskeie Vroue in Landbou-inisiatiewe ingesluit.
- ▶ Die Nasie in Gesprek-inisiatief – 'n suksesvolle aktualiteitsbespreking oor landbou wat tydens NAMPO Oesdag uitgesaai word – is ondersteun en aan deelgeneem.
- ▶ Verdere pogings is aangewend om die kennisdatabasis wat op die bladsye van die *SA Graan/Grain*-tydskrif verskyn met teikengehore te deel deur top-artikels maandeliks op sosialemediaplatforms te publiseer en te bevorder. Dit het die geleentheid vir gesprekke en betrokkenheid rondom belangrike onderwerpe in die landbou-omgewing wesenlik vergroot.

- ▶ Continuously growing the organisation's social media platforms which have expanded to include the main accounts, NAMPO Harvest Day and NAMPO Cape channels, inclusive of the respective social media profiles.
- ▶ Re-evaluated participation in exhibitions and workshops whose target audiences and focus areas were not completely aligned with that of the organisation. To this end, the public relations activities support member marketing efforts at exhibitions, workshops and farmer's days with an aligned target audience and focus. These included imbizos in support of farmer development communication initiatives, the Swartland Show, Swellendam Show, Senwes Future Focus, membership golf days and various Women in Agriculture initiatives.
- ▶ Participated in and supported the Nation in Conversation initiative, a successful actuality agri-discussion broadcasted during the NAMPO Harvest Day.
- ▶ Undertook to continue sharing the knowledge database contained within the pages of the *SA Graan/Grain* magazine with target audiences, by publicising and promoting top articles monthly on social platforms. This has substantially increased the opportunity for discussion and engagements around important topics in the agricultural environment.
- ▶ Further improved the offering of the Grain SA exhibition area and Members' Hall at the NAMPO Harvest Day with a renewed focus on grain economy and member benefits, showcasing grain research and the policy environment, the goals of the Farmer Development Programme and nine crop specific focus areas. The NAMPO merchandise proved popular as ever with an expanded marketing and clothing range, proving yet again very successful in the NAMPO Hall.
- ▶ Successfully showcased the successes of all South African grain producers at outstanding functions.

Our communication

Grain SA aspires to continuously highlight the role of the South African grain producer, increase awareness about agriculture being a cornerstone of the economy, improving understanding of the organisation's value to its members and heightening public awareness of the producer's vital role in ensuring food security. The organisation's communication with members, facilitated through various channels, include a member newsletter, ad hoc electronic communication, news flashes and digital media offerings through social media and the exclusive membership card.

GRAIN SA ELECTRONIC COMMUNICATION

The *Perspective*-newsletter is distributed electronically to members and a selected group of interested stakeholders. It aims to share information, events and important dates and further provide a platform to communicate industry news timeously. The *News Flash* is utilised to distribute important and relevant information to members, timeously. This is particularly useful in instances where updates on important matters such as agricultural production conditions and bio-security are communicated.

PUBLICATIONS

Grain SA publishes *SA Graan/Grain* magazine, a specialist monthly publication and official mouthpiece of the organisation which is regarded as one of the leading agricultural publications. The magazine is used by readers as a knowledge partner and benchmark tool for sustainability in the grain and oilseed industry.

In the year under review, Grain SA also published the *Pula Imvula* – a monthly publication, in seven languages aimed at developing and New Era farmers.

The annual *Grain Guide*, with useful contacts and reference articles on seed, implements, fertilising, integrated pest management, livestock, money and financial services as well as Grain SA information including important contacts and an updated calendar for the coming year, is published annually as a value-add to grain producers.

Media liaison

The media community remains one of the organisation's key stakeholders as they are the most effective means of informing the public about the

- ▶ Die Graan SA-uitstalarea en Ledelokaal by die NAMPO Oesdag is verbeter, met nuwe fokus op graanekonomie en ledevoordele, graannavorsing en die beleidsomgewing, die doelwitte van die landbou-ontwikkelingsprogram, en nege gewas-spesifieke fokusareas. Die NAMPO-handelsware was so gewild soos altyd, met uitgebreide bemaking en 'n groter klerereeks wat weer eens baie suksesvol was in die NAMPO-saal.
- ▶ Die suksesse van alle Suid-Afrikaanse graanprodusente is by uitstaande funksies bevorder.

Ons kommunikasie

Graan SA streef daarna om deurlopend die rol van die Suid-Afrikaanse graanprodusent te beklemtoon, bewustheid te verhoog vir die feit dat landbou 'n hoeksteen van die ekonomie is, begrip te verbeter van die organisasie se waarde vir sy lede en die publiek se bewustheid van die produsent se noodsaaklike rol in die versekering van voedselsekerheid te verhoog. Die organisasie se kommunikasie met lede, wat deur verskeie kanale gefasiliteer word, behels 'n ledenuusbrief, ad hoc-elektroniese kommunikasie, nuusflits en digitale media-aankondigings deur sosiale media en die eksklusiewe lidmaatskapkaart.

GRAAN SA ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Die *Perspektief*-nuusbrief word elektronies aan lede en aan 'n geselekteerde groep belangstellende belanghebbendes versprei. Die doel is om inligting, gebeure en belangrike datums te deel en 'n platform te verskaf om nuus betyds aan die bedryf te kommunikeer. Die *Nuusflits* word gebruik om belangrike en relevante inligting betyds aan lede te versprei. Dit is veral nuttig waar die jongste nuus oor belangrike sake soos landbouproduksietoestande en biosekuriteit gekommunikeer word.

PUBLIKASIES

Graan SA publiseer *SA Graan/Grain*, 'n spesialis maandelikse publikasie en die amptelike spreekbuis van die organisasie. Dit word as een van die voorste landboupublikasies beskou. Die tydskrif word deur lesers as 'n kennisvennoot en metingsinstrument vir volhoubaarheid in die graan- en oliesadebedryf gebruik.

In die oorsigjaar het Graan SA ook *Pula Imvula* – 'n maandelikse publikasie wat in sewe tale vertaal word en op ontwikkelende en Nuwe Era boere gemik is – uitgegee.

Die jaarlikse *Graangids*, wat nuttige kontakte en artikels oor saad, werktuie, bemesting, geïntegreerde plaagbeheer, lewendehawe, geld en finansiële dienste asook inligting oor Graan SA bevat, waaronder belangrike kontakte en 'n bygewerkte kalender vir die komende jaar, word gepubliseer om vir graanprodusente waarde toe te voeg.

Mediaskakeling

Die mediagemeenskap bly een van die organisasie se sleutelbelanghebbendes, aangesien dit die doeltreffendste manier is om die publiek oor die organisasie se aktiwiteite in te lig. Deur betrokkenheid by media-eienaars oor alle platforms heen is sosiale, digitale en tradisionele kanale





organisation's activities. Through engagements with media owners across all platforms, social, digital and traditional channels were used to ensure improved accessibility and increased activity of the organisation's strategic focus areas.


Press releases issued were fully utilised, resulting in numerous regular interviews across print, broadcast and online platforms as well as general news coverage valued at an advertising value equivalent (AVE) amount of R94 859 223. The resulting numbers are the equivalent of what an organisation would have paid if it placed an advertisement of that size or time period. By assessing media coverage in this way, and aggregating the calculations, a value can be assigned to the coverage received within a specified time period.

Throughout the reporting period, Grain SA's media coverage month-on-month indicate the majority of print, broadcast and online coverage generated during the months of January 2019, and March 2019 through to May 2019.

Further, Grain SA's circulation on all print, broadcast and online news platforms accumulated to **831 million**, combined over the twelve-month period with the majority of coverage generated by Grain SA Executives quoted in the media (**Graph 5** on page 24).

In the local press, Grain SA's publication word cloud changed dramatically over the reporting period with a general focus on NAMPO, wheat, food and agriculture, compared to the previous period's focus on land. Relevance of topics relating to South African grain production remain consistent in the word cloud, indicating a distinct emphasis on topics and discussions relevant to the organisation's strategic focus areas.

GRAPH 4 – Month-on-month media coverage.
GRAFIEK 4 – Maand-tot-maand-mediadekking.



gebruik om beter toegankelijkheid en groter aktiwiteit van die organisasie se strategiese fokusareas te verseker.

Persverklarings wat uitgereik is, is ten volle benut, en het tot talle gewone onderhoude op die druk-, uitsaai- en aanlynplatforms gelei, asook algemene nuusdekking wat op 'n advertensiewaarde-ekwivalent (AVE) van R94 859 223 gewaardeer word. Die gevolglike syfers is die ekwivalent van wat 'n organisasie sou betaal het indien 'n advertensie van daardie grootte of in daardie tydperk geplaas is. Deur mediadekking op hierdie manier te evalueer en die totaal van die berekeninge te kry, kan 'n waarde geheg word aan die dekking wat in 'n spesifieke tydperk bereik is.

FIGURE 2 – Grain SA's advertising value equivalent spend.

FIGUUR 2 – Graan SA se advertensiewaarde-ekwivalentbesteding.



Regdeur die verslagtydperk dui Graan SA se mediadekking van maand tot maand die meeste van die druk-, uitsaai- en aanlyndekking aan wat regdeur die maande van Januarie 2019, en Maart 2019 tot Mei 2019 gegenereer is.

Graan SA se geraamde sirkulasie op alle druk-, uitsaai- en aanlyn nuusplatforms het 'n gekombineerde **831 miljoen** beloop oor die twaalfmaande-tydperk, met die meeste van die dekking wat gegenereer is deur Graan SA se uitvoerende beamptes wat in die media aangehaal is (**Grafiek 5** op bladsy 24).

In die plaaslike pers het Graan SA se publikasiewoordwolk dramaties verander oor die verslagtydperk, met 'n groot fokus op NAMPO, koring, voedsel en landbou, vergeleke met die vorige tydperk se fokus op grond. Die tersaaklikheid van onderwerpe ten opsigte van Suid-Afrikaanse graanproduksie bly konsekwent in die woordwolk, wat 'n duidelike klem aandui op onderwerpe en gesprekke wat op die organisasie se strategiese fokusareas betrekking het.

DRUK- EN UITSAAIMEDIA

Graan SA se algehele mediadekking vir die oorsigtydperk het met 2% toeneem. Die totale gekombineerde mediadekkingstelling vir die verslagtydperk het tot 2 826 toeneem vanaf die vorige jaar se 2 784.

Individuele syfers vir druk-, uitsaai- en aanlynmedia se AVE het 'n gekombineerde totale AVE-geldwaarde van R94 859 223 miljoen gehad, met 'n afname van 14% vir gedrukte media, 'n toename van 15% vir uitsaai- en 'n afname van 14% vir aanlynmedia. Graan SA se AVE het oor die afgelope verslagtydperk nie beduidend gedaal nie, soos in **Grafiek 7** (op bladsy 24) getoon word.

SOSIALE MEDIA

Graan SA het voortgegaan om sy aanlynplatforms te versterk en het sy sosialemedia-kommunikasiekanale ten volle benut. Die digitalemedia-strategie is deurlopend geëvalueer namate die jaar gevorder het, met die

GRAPH 5 – Grain SA media coverage mentions by executive officers.

GRAFIEK 5 – Melding van Graan SA in die media deur uitvoerende beamptes.





FIGURE 3 – Grain SA word cloud 2018/2019.

FIGUUR 3 – Graan SA-woordwolk 2018/2019.




GRAPH 6 – Grain SA media coverage.

GRAFIEK 6 – Graan SA-mediadekking.



GRAPH 7 – Grain SA AVE monetary value.

GRAFIEK 7 – Graan SA se AVE-geldwaarde.



PRINT AND BROADCAST MEDIA

For the period under review, Grain SA's overall media coverage increased by 2%. The total combined media coverage for the reporting period increased to 2 826 from the previous year's 2 784.

Individual results for print, broadcast and online media's AVE had a combined total monetary AVE value of R94 859 223 million, with a 14% decrease in print, 15% increase in broadcast and 14% decrease in online media. Grain SA's AVE has decreased insignificantly over the past reporting period as illustrated in **Graph 7**.

SOCIAL MEDIA

Grain SA continued to strengthen its online platforms and utilised social media communication channels fully. The digital media strategy was assessed continuously as the year progressed, focussing on information transfer, engagement, community building, brand awareness and reputation management, education and to build a far-reaching online presence by simplifying content sharing between our target audience and their networks.

It aims to drive higher awareness of Grain SA and its member services. Grain SA is now active on four key platforms (Facebook, Twitter, Instagram and YouTube) with over 41 000 fans and followers across all platforms – a 14% increase for the period under review.

fokus hoofsaaklik op inligtingoordrag, betrokkenheid, gemeenskapsbou, handelsmerkbewustheid en reputasiebestuur, opvoeding, en om 'n ver-reikende aanlyn teenwoordigheid op te bou deur die deel van inhoud tussen ons teikengehoor en hulle netwerke te vereenvoudig.

During the year under review, activity on the @GrainSA Twitter account increased by 25%. In addition to tweeting during all major Grain SA events, such as Congress, NAMPO, Day of Celebration and the Grain Producer of the Year, the account is also used to disseminate daily market and fuel reports.

With the integration of the Grain SA social media and web platforms, cross-sharing have been simplified. The Grain SA Facebook page remains the more popular platform, even marginally, with members interacting with the organisation and fellow social media users on a daily basis. Both interactions with community members as well as its impact has increased substantially.

Occasions and events

Grains SA hosted a multitude of events and leveraged the opportunity to communicate and network with the media, government representatives, suppliers, agri-businesses, partners and the public at large. Entering into a couple of new ventures and partnering with existing ones, Grain SA yet again had a busy event calendar for the year under review.

NAMPO HARVEST DAY

The 53rd NAMPO Harvest Day lived up to its theme 'Platform for your agri future', and boasted 775 exhibitors, 50 of whom were international exhibitors.

The Harvest Day was well publicised bringing urban South Africa ever so closer to agriculture. The Grain SA and NAMPO Experience Centre showcased the organisation's activities and focus areas and the NAMPO merchandise sales, with its second year in the NAMPO Hall once again remained as popular as ever.

Grain SA hosted its annual learner programme, for the fourth year running, with a stern commitment to learner development in the fields of social media marketing and communication for future growth and entrepreneurship.

A total of ten Grade 11 learners from the NAMPO Combined Agricultural School in Bothaville, had the opportunity to attend practical digital training, whilst working as interns at the NAMPO Harvest Day with the social media team. This provided the interns with the opportunity to expand and apply their newly acquired knowledge over the four days. The aim of the course and subsequent internship was to train the students in the safe and effective use of social media as a medium of earning some extra pocket money in their local communities.


NAMPO CAPE

The second NAMPO Cape show was hosted from 4 to 6 September 2019 in co-operation with the Bredasdorp Park NPC in Bredasdorp. 20 250 visitors attended this prestigious event over the three days. Taking the best of what NAMPO has to offer up north, Grain SA once again presented a showcase like no other in the south with 435 exhibitors spread over the 480 available exhibition spaces. Primarily a business show, positive feedback from exhibitors on successful business transactions remains the most accurate measure of success.

With the continued commitment of the agri-businesses as well as all the major tractor and implement manufacturers, NAMPO Cape

FIGURE 5 – Grain SA social and digital media platforms.

FIGUUR 5 – Graan SA se sosiale- en digitale mediaplatforms.



Die doel is om groter bewustheid van Graan SA en sy ledeenste te skep. Graan SA is nou op vier belangrike platforms aktief (Facebook, Twitter, Instagram en YouTube), met meer as 41 000 aanhangers en volgelinge oor al die platforms – 'n toename van 14% vir die verslagtydperk.

In die oorsigjaar het die aktiwiteit op die @GrainSA Twitter-rekening met 25% toegeneem. Benewens twiets tydens alle groot Graan SA-geleenthede soos Kongres, NAMPO, die Dag van Feesviering en die Graanprodusent van die Jaar, word die rekening ook gebruik om daaglikse mark- en brandstofverslae te versprei.

Met die integrasie van Graan SA se sosialemedia- en webplatform is oorkruisdeling (*cross-sharing*) vereenvoudig. Die Graan SA Facebook-blad is met 'n kortkop voor steeds die gewildste platform en lede bly op 'n daaglikse grondslag met die organisasie en ander sosialemediagebruikers in verbinding. Interaksie met lede van die gemeenskap asook die impak daarvan het wesenlik toegeneem.

Gebeure en geleenthede

Graan SA het talle gebeurtenisse aangebied en die geleentheid gebied om met die media, regeringsverteenvoordigers, verskaffers, landboubesighede, vennote en die algemene publiek te kommunikeer en netwerke te bou. In 'n besige funksiekalender het Graan SA in die oorsigjaar 'n aantal nuwe projekte begin en vennootskappe met bestaande projekte gesluit.

NAMPO OESDAG

Die 53ste NAMPO Oesdag het sy tema, Platform vir jou landbou-toekoms, gestand gedoen en met 775 uitstallers gespog, van wie 50 internasionale uitstallers was.



Grain SA's CEO, Jannie de Villiers, with the scholars who attended the 2019 NAMPO Learner Programme.
Graan SA se HUB, Jannie de Villiers, saam met die leerders wat die 2019 NAMPO Leerderprogram bygewoon het.

showcased the newest technology in exhibitions of exceptional quality. Non-profit organisations, including schools and churches, operated the food and refreshment stations, as per NAMPO tradition, benefiting the local NPO's.

GALA AWARDS

Grain SA celebrated the successes of its grain producers during two prestigious and jubilant celebratory events, held at NAMPO Park and in Boksburg on 2 October and 25 October 2019 respectively. These events attended by a wide variety of stakeholders and emerging grain producers, offer Grain SA the opportunity to honour the development, growth and achievements of its developing and commercial grain producers.

Day of Celebration

Consisting of four categories, the Day of Celebration honours **Subsistence, Smallholder, Potential Commercial and New Era Commercial farmers** and their contribution to the country's food security. The respective categories from this year onwards, differentiate between the Subsistence category (grain farmers who farm up to 3 ha), the Smallholder category (grain farmers who farm on 3 ha to 35 ha), Potential Commercial farmers (grain farmers who farm on more than 35 ha and produce less than 250 tons) and New Era Commercial farmers (grain farmers who produce more than 250 tons of grain).

Grain Producer of the Year

Celebrating the cream of the country's grain producing crop, this prestigious gala evening commemorated the 20th year of the grain awards, giving recognition to grain producers who form the basis of food security in South Africa and who above all trials and tribulations, farm with excellence. In addition, the finalists serve as excellent role models to the younger generation of producers whilst the image of the grain producer is enhanced. It further recognises successful grain producers who manage their businesses with such passion and dedication, so as to set an example and serve as inspiration to other producers.

2019 Gala Awards winners

- ▶ **Grain SA/Syngenta Grain Producer of the Year**
Tonie Linde and Willie Beukes from Caledon, Western Cape
- ▶ **Grain SA/Absa/John Deere Financial New Era Commercial Farmer of the Year**
Andries van der Poll, Riebeeck West, Western Cape



Andries van der Poll (Grain SA/Absa/John Deere Financial New Era Commercial Farmer of the Year); Mdumiseni Welcome Hadebe (Grain SA Smallholder Farmer of the Year); Mazonya Elijah Dhlamini (Grain SA/Absa/John Deere Financial Subsistence Farmer of the Year) and Sabatha Ewart Mthethwa (Grain SA/Bayer Potential Commercial Farmer of the Year).

Andries van der Poll (Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar); Mdumiseni Welcome Hadebe (Graan SA Kleinskaalse Boer van die Jaar); Mazonya Elijah Dhlamini (Graan SA/Absa/John Deere Financial Bestaansboer van die Jaar) en Sabatha Ewart Mthethwa (Graan SA/Bayer Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar).

Die Oesdag het baie publisiteit gekry en bring stedelike Suid-Afrika steeds nader aan landbou. Die Graan SA en NAMPO Ervaringsentrum het die organisasie se aktiwiteite en fokusgebiede ten toon gestel, en die NAMPO-handelswareverkope – vir die tweede jaar in die NAMPO Saal – was net so gewild soos altyd.

Graan SA het weer vir die vierde agtereenvolgende jaar sy jaarlikse leerderprogram aangebied, met 'n sterk verbintenis tot leerderontwikkeling op die gebiede van sosialemediabemarking en kommunikasie vir toekomstige groei en entrepreneurskap.

Altesaam tien graad 11-leerders van die NAMPO Gekombineerde Landboukool op Bothaville het die geleentheid gehad om praktiese digitale opleiding te ondergaan terwyl hulle saam met die sosialemediaspan by die NAMPO Oesdag gewerk het. Dit het aan die interns die geleentheid gegee om hulle nuutverworwe kennis oor die vier dae uit te brei en toe te pas. Die doel van die kursus en daaropvolgende internskap was om die leerders tuiwys te maak om sosiale media doeltreffend te gebruik as 'n manier om in hulle plaaslike gemeenskappe 'n bietjie ekstra sakgeld te verdien.

NAMPO KAAP

Die tweede NAMPO Kaap-skou is vanaf 4 tot 6 September 2019 in samewerking met die Bredasdorp Park MSW op Bredasdorp aangebied. 20 250 besoekers het hierdie spoggeleentheid oor drie dae bygewoon. Met die beste wat NAMPO in die noorde aanbied as inspirasie, het Graan SA weer eens 'n unieke skou in die suide aangebied, met 435 uitstallers oor die 480 beskikbare uitstalruimtes versprei. Aangesien dit primêr 'n sakeskou is, bly positiewe terugvoering van uitstallers oor suksesvolle saketransaksies die akkuraatste maatstaf van sukses.

Met die voortgesette toewyding van agri-besighede asook al die belangrikste vervaardigers van trekkers en implemente, is die nuutste tegnologie deur uitstallings van uitsonderlike gehalte by NAMPO Kaap vertoon. Niewinsgewende organisasies, insluitend skole en kerke, het die kos en verversingstalletjies volgens NAMPO-tradisie tot voordeel van die plaaslike niewinsgewende organisasies bedryf.

GALATOEKENINGS

Graan SA het die suksesse van sy graanprodusente tydens twee prestige geleenthede op 2 Oktober en 25 Oktober 2019 op NAMPO Park en in Boksburg onderskeidelik gevier. Hierdie gebeurtenisse, wat deur 'n wye verskeidenheid belanghebbendes en opkomende graanprodusente



Antonie Delpont (Managing Director, Syngenta SA), Willie Beukes, Jaco Minnaar (Chairperson, Grain SA), Tonie Linde and Jannie de Villiers (Chief Executive Officer, Grain SA).

Antonie Delpont (Besturende Direkteur, Syngenta SA), Willie Beukes, Jaco Minnaar (Voorsitter, Graan SA), Tonie Linde en Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder, Graan SA).



Guests at the Day of Celebration (left) and Edwin Thulo Mahlatsi (far right), the 2017 New Era Farmer of the Year, with his wife, Othenia and daughter, Doreen.
Gaste tydens die Dag van Feesviering (links) en Edwin Thulo Mahlatsi (heel regs), die Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar 2017, saam met sy vrou, Othenia en dogter, Doreen.

- **Grain SA/Bayer Potential Commercial Farmer of the Year**
Sabatha Ewart Mthethwa, Dannhauser, KwaZulu-Natal
- **Grain SA Smallholder Farmer of the Year**
Mdumiseni Welcome Hadebe, Estcourt, KwaZulu-Natal
- **Grain SA/Absa/John Deere Financial Subsistence Farmer of the Year**
Mazonya Elijah Dhlamini, Amersfoort, Mpumalanga

Inspiration award

In addition to these awards, Grain SA also used the opportunity to honour Dr René Uys and Harry van der Merwe, presenters of the Grain Academy, with the **2019 Grain SA Inspiration Award**. The award was presented in appreciation of their leadership and establishment of a platform for young leaders in agriculture to develop their skills and to share their stories and in the process heal relationships in South Africa.

Other events

In addition to these events, Grain SA further participated in the Senwes Future Focus, membership golf days and various women in agriculture initiatives with the provincial agricultural women's unions.



Dr René Uys and Harry van der Merwe received the Grain SA Inspiration Award. With them are Jannie de Villiers and Ramodisa Monaisa (Vice-chairperson, Grain SA).
Dr René Uys en Harry van der Merwe het die Graan SA Inspirasietoekenning ontvang. Saam met hulle is Jannie de Villiers en Ramodisa Monaisa (Visevoorsitter, Graan SA).



bygewoon is, bied aan Graan SA die geleentheid om die ontwikkeling, groei en prestasies van sy ontwikkelende en kommersiële graanprodusente te beloon.

Dag van Feesviering

Die Dag van Feesviering, wat uit vier kategorieë bestaan, vereer **Bestaans-, Kleinskaalse, Potensiële Kommersiële en Nuwe Era Kommersiële boere** en hulle bydrae tot die land se voedselsekerheid. Die verskillende kategorieë onderskei vanaf hierdie jaar tussen die Bestaanskategorie (graanboere wat tot op 3 ha boer), die Kleinskaalse kategorie (graanboere wat op 3 ha tot 35 ha boer), Potensiële Kommersiële boere (graanboere wat op meer as 35 ha boer, maar minder as 250 ton produseer), en Nuwe Era Kommersiële boere (graanboere wat meer as 250 ton graan produseer).

Graanprodusent van die Jaar

Hierdie gesogte gala-aand vier die room van die land se graanproduseerders, en het die 20ste jaar van die graantoekennings gedenk. Hierdie toekenningsaand gee erkenning aan graanprodusente wat die basis van voedselsekerheid in Suid-Afrika vorm en wat, ongeag die probleme en terugslae, met uitnemendheid boer.

Die finaliste dien ook as uitstekende rolmodelle vir die jonger geslag produsente, terwyl die beeld van die graanprodusent verbeter word. Die geleentheid bied verder erkenning aan suksesvolle graanprodusente wat hulle ondernemings met soveel passie en toewyding bestuur om as inspirasie vir ander produsente te dien.

Wenners van die 2019-galatoekennings

- **Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar**
Tonie Linde en Willie Beukes van Caledon, Wes-Kaap
- **Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar**
Andries van der Poll, Riebeeck-Wes, Wes-Kaap
- **Graan SA/Bayer Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar**
Sabatha Ewart Mthethwa, Dannhauser, KwaZulu-Natal
- **Graan SA/Syngenta Kleinskaalse Boer van die Jaar**
Mdumiseni Welcome Hadebe, Estcourt, KwaZulu-Natal
- **Graan SA/Absa/John Deere Financial Bestaansboer van die Jaar**
Mazonya Elijah Dhlamini, Amersfoort, Mpumalanga

Inspirasietoekenning

Benewens hierdie toekennings het Graan SA ook die geleentheid gebruik om dr René Uys en Harry van der Merwe, aanbieders van die Graanakademie, met die **2019 Graan SA Inspirasietoekenning** te vereer. Die toekenning is gemaak om waardering te toon vir hulle leierskap en die vestiging van 'n platform vir jong leiers in landbou om hulle vaardighede te ontwikkel en hulle verhare te deel en in dié proses, verhoudings in Suid-Afrika te genees.

Ander gebeure

Benewens hierdie geleenthede het Graan SA ook aan die Senwes Toekomsfokus en ledegholfdag, en saam met die provinsiale vrouelandbou-unies aan verskeie inisiatiewe van vroue in landbou deelgeneem.

Consortia and research network established and gaining momentum

CONSORTIA AND MULTI-STAKEHOLDER PARTNERSHIPS

Crop improvement, crop protection, biosecurity, climate resilience and conservation agriculture are the main research priority focus areas of Grain SA. The department's primary objective is to establish research consortiums that drive innovation to enhance the productivity, profitability and sustainability of South African grain and oilseed producers and benefit the industry as well as South Africa. Feedback and progress of the consortiums are provided below.

Crop improvement: Wheat breeding

South Africa's area planted to wheat decreased with an alarming trend the last 30 years due to immense pressure on profitability. The Department of Science and Innovation (DSI) and Grain SA therefore committed to the development of a platform to drive improved wheat yields in South Africa.

The Wheat Breeding Platform (WBP) was established in 2014 as a consortium consisting of both public and private partners. It ultimately seeks to increase wheat production through the development of germplasm with targeted yield improvement as well as drought and heat tolerance. Germplasm with targeted improvements are developed using a pre-breeding approach, and subsequently provided to wheat breeders for inclusion into breeding programmes and development of new cultivars.

STRATEGIC PUBLIC-PRIVATE PARTNERSHIP

The WBP is a joint initiative between government and industry and is part of DSI's efforts to implement the South African Bio-economy Strategy. The platform has been co-funded by industry for the last five years from the Winter Cereal Trust (WCT). Other partners include the Agricultural Research Council (ARC), Sensako, Pannar and Stellenbosch University.

CONTRIBUTION TO AGRICULTURE

An estimate of 300 selections have been made by seed companies from the WBP material, and has been incorporated into the breeding programmes of the ARC, Sensako and Pannar.

CONSORTIUM HIGHLIGHTS OF 2019

Human capital development

The programme currently hosts a post-doctoral fellow, a PhD student, five MSc students and six BSc Hons/BSc Agric students. Three graduates from the programme have obtained employment in industry, of which one is employed as a junior lecturer at Stellenbosch University and who is actively participating in the WBP.

Future development: Phenotyping Platform

To harness the power of breeding, efficient selection is key. When coupled with genotyping or genomic screening, genes underlying traits of interest can be identified and information used to inform breeding.

Konsortiums en navorsings-netwerk gevestig en verkry momentum

KONSORTIUMS EN MULTIBELANGHEBBER-VENNOOTSKAPPE

Gewasverbetering, gewasbeskerming, biosekuriteit, klimaataangepasbaarheid en bewaringslandbou is die vernaamste navorsings-prioriteit-fokusareas vir Graan SA. Die departement se primêre doelwit is om navorsingskonsortiums te vestig wat innovering gebruik om die produktiwiteit, winsgewendheid en volhoubaarheid van Suid-Afrikaanse graan- en oliesaadprodusente te verbeter en die bedryf en Suid-Afrika tot voordeel te strek. Terugvoer oor en die vordering van die konsortiums word hieronder verskaf.

Gewasverbetering: Koringteling

Die oppervlakte in Suid-Afrika wat met koring beplant is, het die afgelope 30 jaar as gevolg van geweldige druk op winsgewendheid kommerwekkend gekrimp. Die Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI) en Graan SA het hulle dus daartoe verbind om 'n platform te ontwikkel om beter koringopbrengste in Suid-Afrika te verseker.

Die Koringtelingsplatform (KTP) is in 2014 as 'n konsortium met openbare sowel as privaat vennote gestig. Die platform poog om uiteindelik koringproduksie te verhoog deur kiemplasma met geteikende opbrengsverbetering as gevolg van droogte- en hitteverdraagsaamheid te ontwikkel. Kiemplasma met geteikende verbeterings word ontwikkel deur 'n voortelingsbenadering te volg, en word dan aan koringtelers verskaf om by telingsprogramme en die ontwikkeling van nuwe kultivars in te sluit.

STRATEGIESE VENNOOTSKAP TUSSEN DIE OPENBARE EN PRIVAAT SEKTOR

Die KTP is 'n gesamentlike inisiatief tussen die regering en die bedryf en is deel van die DWI se pogings om die Suid-Afrikaanse Bio-ekonomiestrategie te implementeer. Die platform word die afgelope vyf jaar deur die bedryf uit die Wintergraantrust (WGT) medebefonds. Ander vennote sluit die Landbounavorsingsraad (LNR), Sensako, Pannar en die Universiteit Stellenbosch in.

BYDRAE TOT LANDBOU

Tot op hede is 'n geraamde 300 lyne wat deur die KTP verskaf is deur die verskillende koringtelingsprogramme van die LNR, Sensako en Pannar opgeneem.

KONSORTIUMHOOGTEPUNTE VIR 2019

Menslikekapasiteitsbou

Die program huisves tans 'n postdoktorale genoot, 'n PhD-student, vyf MSc-studente en ses BSc Hons-/BSc Agric-studente. Drie gegradueerdes van die program het werk in die bedryf gekry, van wie een as junior lektor by die Universiteit Stellenbosch aangestel is en aktief aan die KTP deelneem.

Toekomstige ontwikkeling: Fenotiperingsplatform

Om die krag van teling in te span, is doeltreffende keuses noodsaaklik. Wanneer dit met genotiperings of genoomkeuring gekombineer word, kan gene se onderliggende belangrike eienskappe geïdentifiseer word.



Dr Miekie Human
RESEARCH AND POLICY OFFICER
NAVORSINGS- EN BELEIDSBEAMPT



Dr Hendrik Smith
CONSERVATION AGRICULTURE
FACILITATOR
BEWARINGS- EN BELEIDSBEAMPT



Jean Adams
SECRETARY
SEKRETARESSE



Dr Marinda Visser
MANAGER: GRAIN RESEARCH
AND POLICY CENTRE
BESTUURDER: GRAANNAVORSING
EN BELEIDSSENTRUM



Petru Fourie
RESEARCH CO-ORDINATOR
AND PRODUCTION COST ANALYST
NAVORSINGSKOÖRDINEERDER
EN PRODUKSIEKOSTE-ANALIS



Stefan Links
RESEARCH INTERN
NAVORSINGSINTERN

Currently, traditional phenotyping approaches are a bottle neck in identifying genes underlying traits of interest, and high-throughput methods are needed to keep up with the recent advances in screening and selection processes.

A high-throughput phenomics facility would harness multidisciplinary collaborations, be the first of its kind in South Africa and will attract research collaborations from around the world. In future, endeavours will be focused on establishing a high-throughput phenomics platform that will serve as a national research facility and will be available to private as well as public research partners to promote crop breeding in Southern Africa.

Crop protection

SOILBORNE PESTS AND DISEASES

The Crop Protection Consortium is focused on monitoring and preventing and/or managing the most prevalent and destructive pests and diseases in cereals and oilseed crops. As part of this consortium, soilborne pests and diseases are being surveyed and researched to provide producers with an understanding thereof, the importance of early detection and management options to protect grain yield.

SOUTH AFRICAN SCLEROTINIA RESEARCH NETWORK

The occurrence of Sclerotinia in South Africa is becoming more prominent as adequate control is lacking. Therefore, the South African Sclerotinia Research Network (SASRN) was established to provide a platform for dialogue to take place between researchers, industry and producers.

During September 2019, a workshop was held to identify strategic research priorities that will lead to outcomes-based research projects to the benefit of the industry. The meeting was attended by researchers and industry members involved with Sclerotinia related diseases in South Africa. The SASRN website (<http://sclerotinia.co.za/>) was launched and provides opportunities for knowledge sharing as well as for producers to submit questions and interact directly with researchers.

Current research is focused on modelling of the disease epidemiology and identifying potential sources of resistance. Results from these studies will contribute to effective management strategies for this pathogen.

en die inligting kan gebruik word om teling te bevorder. Tans kniehalter tradisionele fenotiperingsbenaderings die identifikasie van gene se onderliggende belangrike eienskappe, en hoëdeursetmetodes is nodig om met die jongste vorderings in die keurings- en seleksieprosesse by te hou.

'n Fasiliteit met 'n hoëdeursetfenomika sal multidissiplinêre samewerking inspan, die eerste van sy soort in Suid-Afrika wees, en navorsingsamewerking van regoor die wêreld lok. In die toekoms sal pogings daarop fokus om 'n hoëdeursetfenomika-platform te vestig wat as 'n nasionale navorsingsfasiliteit sal dien en vir privaat sowel as openbare navorsingsvennote beskikbaar sal wees om gewasteling in Suider-Afrika te bevorder.

Gewasbeskerming

GRONDGEDRAAGDE PLAIE EN SIEKTES

Die Gewasbeskermingskonsortium fokus op die monitering, voorkoming en/of bestuur van die algemeenste en vernietigendste siektes in graan- en oliesaadgewasse. As deel van hierdie konsortium word 'n opname van en navorsing oor grondgedraagde plaie en siektes gedoen om produsente te laat verstaan wat dit is, hoe belangrik vroeë opsporing is, en watter bestuursopsies beskikbaar is om die graanopbrengste te beskerm.

SUID-AFRIKAANSE SCLEROTINIA-NAVORSINGSNETWERK

Die voorkoms van Sclerotinia in Suid-Afrika word al hoe groter omdat daar nie voldoende beheer is nie. Die Suid-Afrikaanse Sclerotinia-navorsingsnetwerk (SASRN) is gevolglik geskep om 'n platform vir dialoog tussen navorsers, die bedryf en produsente te verskaf.

In September 2019 is 'n werkswinkel aangebied om strategiese navorsingsprioriteite te help identifiseer wat tot uitkomsgebaseerde navorsingsprojekte tot voordeel van die bedryf sal lei. Die werkswinkel is bygewoon deur navorsers en lede van die bedryf wat by Sclerotinia- verwante siektes in Suid-Afrika betrokke is. Die SASRN-webwerf (<http://sclerotinia.co.za/>) is bekend gestel en verskaf geleenthede om kennis te deel en ook vir produsente om vrae te stel en direk met navorsers te skakel.

Huidige navorsing fokus op die modellering van die siekte se epidemiologie en die identifisering van potensiële bronne van weerstand. Resultate van hierdie studies sal tot doeltreffende bestuurstrategieë vir hierdie patogene bydra.

CROP PROTECTION CONSORTIUM FOR SUMMER GRAINS

Summer grains play an essential role in both food security and in the economy of South Africa. Optimal production of these crops is hampered by weeds, pests and diseases. The outcome of Research and Development (R&D) in agriculture can support significant gains in productivity, by revealing the best strategies for the management of these threats.

With this in mind, the Crop Protection Consortium (CPC) aims to bring researchers and role-players together to solve industry-related crop protection problems experienced by summer grain producers. Moreover, the consortium aims to promote partnerships between government, industry, academia, private companies and other stakeholders to foster collaboration towards the unified goal of maintaining successful grain production and supporting a sustainable future for these crops.

A Crop Protection Workshop was held on 4 April in Pretoria and was attended by representatives from industry, government and public/private research institutions. The aim of the workshop was to discuss the organisational structures that need to be implemented in order to facilitate relevant, outcomes-based and producer-focused research projects to address the crop protection needs of the summer grain production region.

As a first step, a Grain Research Programme was established at the University of Pretoria to deliver support to producers, develop human capacity to support the summer grain industry and to conduct relevant research projects. The Grain Research Programme is in the process of compiling a Crop Protection Compendium which will support future research endeavours.

CONTRIBUTION TO AGRICULTURE

The CPC allows government, industry and academia to jointly work towards assisting producers to decreased disease incidence, improve crop yields and ultimately increase food security for South Africa.

Biosecurity: Early-warning system for armyworm in South Africa

A surveillance programme, initiated by Grain SA, was successfully implemented to identify the occurrence and spread of fall armyworm (*Spodoptera frugiperda*) in South Africa. Regular meetings are held between industry and government to discuss the national status of this pest, surveillance, diagnostic capacity, damage assessment, pest management and control regulations.

Thus far, fall armyworm (FAW) has been detected at significantly higher incidences in Limpopo and underlines that this region needs urgent intervention. Furthermore, distribution maps of FAW has revealed possible routes of spread of this armyworm into FAW-free regions of South Africa. Regular scouting by producers is paramount to complement surveillance programmes for early detection of invasive pests and pathogens that threaten South Africa's biosecurity and protection of local crop production.

Interestingly, very high numbers of false armyworm (*Leucania loreyi*) were caught in 90% of the FAW traps. This surveillance data emphasises the importance of implementing management practices to reduce the high incidences of both fall- and false armyworm.

BENEFITS OF BIOSECURITY SURVEILLANCE TO SOUTH AFRICA

Ensuring that adequate biosecurity measures are implemented for protection of South African crops is a priority government and industry are committed to in order to ensure national food security. Establishing a successful early-warning system for FAW enabled government and industry to rapidly respond through informing producers of appropriate control strategies and registering agrochemical control products. The current programme serves as an excellent baseline for preventing current biosecurity threats. It is critical for government and industry to identify and manage invasive pest and pathogen entry into South Africa, as crop losses threatens national food security.

GEWASBESKERMINGKONSORTIUM VIR SOMERGRANE

Somergraan speel 'n noodsaaklike rol in voedselsekerheid sowel as in die ekonomie van Suid-Afrika. Optimale produksie van hierdie gewasse word deur onkruid, plae en siektes gekniehalter. Die uitkoms van Navorsing en Ontwikkeling (N&O) in landbou kan tot beduidende groei in produktiwiteit lei deur die beste strategieë vir die bestuur van hierdie bedreigings na vore te bring.

Met hierdie feit in gedagte het die Gewasbeskermingskonsortium (GBK) ten doel om navorsers en rolspelers byeen te bring om bedryfsverwante gewasbeskermingsprobleme op te los wat somergraanprodusente ervaar. Die konsortium poog verder om vennootskappe tussen die regering, die bedryf, die akademie, privaat maatskappye en ander belanghebbendes te bevorder ten einde samewerking te verhoog ten opsigte van die verenigde doelwit om suksesvolle graanproduksie te handhaaf en 'n volhoubare toekoms vir hierdie gewasse te ondersteun.

'n Gewasbeskermingswerkwinkel is op 4 April in Pretoria gehou en is deur verteenwoordigers uit die bedryf, die regering en openbare/privaat navorsingsinstellings bygewoon. Die doel van hierdie werkwinkel was om die organisasiestrukture te bespreek wat geïmplementeer moet word om relevante, uitkomsgebaseerde en produsent-gefokusde navorsingsprojekte te fasiliteer ten einde die gewasbeskermingsbehoefte van die somergraanproduksiestreek te hanteer.

As 'n eerste stap is 'n Graannavorsingsprogram aan die Universiteit van Pretoria gevestig om steun aan produsente te verskaf, menslike kapasiteit te ontwikkel om die somergraanbedryf te ondersteun, en om relevante navorsingsprojekte uit te voer. Die Graannavorsingsprogram is besig om 'n Gewasbeskermingskompodium saam te stel wat toekomstige navorsingspogings sal ondersteun.

BYDRAE TOT LANDBOU

Die GBK laat die regering, die bedryf en die akademie toe om saam te werk om produsente te help om die voorkoms van siektes te verminder, gewasopbrengste te verbeter en uiteindelik voedselsekerheid vir Suid-Afrika te verhoog.

Biosekuriteit: Vroeëwaarskuwingstelsel vir kommandowurms in Suid-Afrika

'n Monitoringsprogram wat deur Graan SA geïnisieer is, is suksesvol geïmplementeer om die voorkoms en verspreiding van die herfskommandowurm (*Spodoptera frugiperda*) in Suid-Afrika te identifiseer. Gereelde vergaderings tussen die bedryf en die regering het die nasionale status van hierdie plaag, monitering, diagnostiese kapasiteit, skadebeoordeling, plaagbeheer en beheerregulasies aangespreek.

Tot dusver is 'n beduidend groter voorkoms van die herfskommandowurm in Limpopo waargeneem, wat beklemtoon dat hierdie streek dringende intervensie benodig. Verspreidingskaarte van die herfskommandowurm het moontlike verspreidingsroetes daarvan na kommandowurmvystreke in Suid-Afrika getoon. Gereelde inspeksies deur produsente is noodsaaklik om monitoringsprogramme aan te vul vir die vroeë opsporing van indringerplae en patogene wat Suid-Afrika se biosekuriteit bedreig en om plaaslike gewasproduksie te beskerm.

Dit is interessant dat 'n baie groot getal valskommandowurms (*Leucania loreyi*) in 90% van die valstrikke vir herfskommandowurms gevang is. Hierdie monitoringsdata beklemtoon hoe belangrik dit is om bestuurspraktyke te implementeer om die groot voorkoms van herfs- en valskommandowurms te verminder.

VOORDELE VAN BIOSEKURITEITSMONITERING VIR SUID-AFRIKA

Die regering en bedryf is verbind tot die versekering dat voldoende biosekuriteitsmaatreëls geïmplementeer word om Suid-Afrikaanse gewasse te beskerm sodat nasionale voedselsekerheid verseker kan word. Die daarstelling van 'n suksesvolle vroeëwaarskuwingstelsel vir die herfskommandowurm het die regering en die bedryf in staat gestel om vinnig te reageer deur produsente oor toepaslike beheerstrategieë in te lig en landbouchemiese beheerprodukte te registreer. Die huidige program dien as 'n uitstekende basislyn om huidige biosekuriteitsbedreigings te voorkom. Dit is van die uiterste belang dat die regering

Climate resilience

Predictions of how climatic conditions will change in the coming years is becoming increasingly available; however, these predictions will be meaningless if strategies to adapt to these conditions are not in place. In order to ensure that producers will continue to be sustainable, specifically smallholder producers, the Climate Resilience Consortium (CRC) was founded. Researchers from Sensako, Rhodes University (RU) and Stellenbosch University (SU) are collaborating to breed climate resilient maize lines with increased nutritional value and improved disease resistance.

These lines will then be evaluated under predicted future conditions at the state-of-the-art elevated CO₂ facility at RU. The past year has seen some exciting strides forward in this consortium as wheat was also added (under the leadership of the University of Fort Hare) and is currently being evaluated at RU. Furthermore, studies concerning the short to medium term effects of climate change and adaptations are also being conducted by researchers from the University of Cape Town.

EXPANDING MAIZE GENETIC VARIABILITY FOR HEAT AND DROUGHT

New maize germplasm using material from the ARC and CIMMYT is currently being used to increase heat and drought tolerance of South African cultivars. The size of the breeding programme is being increased to enable higher selection intensity, ensure adequate genetic variation, increase accuracy of selection, accelerate breeding cycles and improve decision support tools. The emphasis of this breeding programme is to deliver material which will be useful to smallholder producers, although the material will be available to all producers in Southern Africa.

MAIZE AND WHEAT DROUGHT RESPONSE UNDER FUTURE CLIMATIC CONDITIONS

The elevated CO₂ facility at RU enables testing of crops under future climatic conditions – i.e. increased CO₂ and increased temperatures. Thus far it seems that elevated CO₂ increases maize drought tolerance, however, this comes at a cost to yield and nutritional value. Wheat genotypes are currently being evaluated. In future, climate resilient lines bred thus far will be tested at this facility to ensure crops can withstand predicted climatic conditions.

CLIMATE RISK

Climate risk is defined as the risk resulting from climate change and affecting natural and human systems and regions. Producers can manage these risks by making informed decisions regarding crop choice, planting date, fertiliser application and disease management strategies. However, to manage climate risks require a sound understanding of a producer's specific farming practices and the region's climatic conditions. In order to produce useful information regarding climate risks and how to manage them, stakeholder interaction is essential. A project is currently being conducted to assess climate risks for important (and overlooked) maize production regions in South Africa.

MAIZE PLANTING WINDOW

Rainfall patterns is expected to be significantly impacted by climate change and is predicted to lead to decreases in the number of rainy days and increased duration of dry spells. This phenomenon was widely observed in South Africa during the 2018/2019 season, as lack of rainfall during optimal planting windows led to delayed planting dates; to the point where much of the planting took place beyond normal planting windows. The Grain SA Research and Policy Centre team launched a project to investigate the impact of late planting of maize cultivars, specifically addressing yield, quality and physiological responses.

en die bedryf indringerplae en patogene se binnekoms in Suid-Afrika moet identifiseer en bestuur, aangesien gewasverliese nasionale voedselsekuriteit bedreig.

Klimaatsaanpasbaarheid

Daar word toenemend voorspellings gemaak oor hoe klimaats-toestande in die komende jare sal verander, maar hierdie voorspellings sal betekenisloos wees as strategieë om by hierdie toestande aan te pas, nie in plek is nie. Ten einde te verseker dat produsente – veral kleinskaalse produsente – sal voortgaan om volhoubaar te wees, is die Klimaatsaanpasbaarheidskonsortium (CRC) gestig. Navorsers van Sensako, Rhodes Universiteit (RU) en Universiteit Stellenbosch (US) werk saam om klimaatsaanpasbare mielielyne met meer voedingswaarde en beter siekteweerstandigheid te teel.

Hierdie lyne word dan by die ultramoderne verhoogde-CO₂-fasiliteit by die RU aan die hand van voorspelde toekomstige toestande geëvalueer. Gedurende die afgelope jaar is daar 'n paar opwindende treë vorentoe gegee toe koring ook bygevoeg is (onder leierskap van die Universiteit van Fort Hare). Dit word tans by die RU geëvalueer. Studies oor die kort- tot mediumtermynuitwerking van klimaatsverandering en aanpassings word ook deur navorsers by die Universiteit van Kaapstad gedoen.

UITBREIDING VAN MIELIES SE GENETIESE VERANDERLIKHEID VIR HITTE EN DROOGTE

Nuwe mieliekiemplasma met materiaal van die LNR en CIMMYT word tans gebruik om die hitte- en droogteverdraagsaamheid van Suid-Afrikaanse kultivars te verhoog. Die grootte van die telingsprogram word uitgebrei om groter keuringsintensiteit moontlik te maak, te verseker dat daar voldoende genetiese verandering is, die akkuraatheid van seleksie te verhoog, en instrumente vir die ondersteuning van besluitneming te verbeter. Die klem van hierdie telingsprogram is om materiaal te verskaf wat vir kleinskaalse produsente nuttig sal wees, hoewel die materiaal tot alle produsente in Suider-Afrika se beskikking sal wees.

MIELIES EN KORING SE REAKSIE OP DROOGTE ONDER TOEKOMSTIGE KLIMAATSTOESTANDE

Die verhoogde-CO₂-fasiliteit by die RU maak dit moontlik om gewasse onder toekomstige klimaatstoestande, met ander woorde verhoogde CO₂ en hoër temperature, te toets. Tot dusver lyk dit asof verhoogde CO₂ mielies se droogteverdraagsaamheid verhoog, maar dit verlaag die opbrengs en voedingswaarde. Koringgenotipes word tans geëvalueer. Klimaatsaanpasbare lyne wat tot dusver geteel is, sal in die toekoms by hierdie fasiliteit getoets word om seker te maak dat gewasse voorspelde klimaatstoestande kan weerstaan.

KLIMAATSRISIKO

Klimaatsrisiko word omskryf as die risiko voortspruitend uit klimaatsverandering en wat natuurlike en menslike stelsels en streke aantast. Produsente kan hierdie risiko's bestuur deur ingeligte besluite oor gewaskeuse, plantdatums, bemestingsbehandeling en siektebestuurstrategieë te neem. Die bestuur van klimaatsrisiko's verg egter 'n deeglike begrip van 'n produsent se spesifieke boerderypraktyke en die streek se klimaatstoestande. Ten einde nuttige inligting te produseer oor klimaatsrisiko's en hoe om dit te bestuur, is belanghebbendeinteraksie noodsaaklik. 'n Projek is tans aan die gang om klimaatsrisiko's vir belangrike (en miskende) mielieproduksiegebiede van Suid-Afrika te evalueer.

VENSTER VIR MIELIE-AANPLANTINGS

Reënvalpatrone sal na verwagting beduidend deur klimaatsverandering geraak word, en daar word voorspel dat dit tot 'n afname in die getal reëndae en langer droë tye sal lei. Hierdie verskynsel is in die 2018/2019-seisoen algemeen in Suid-Afrika waargeneem, aangesien die gebrek aan reën tydens optimale plantvensters plantdatums vertraag het – tot op die punt waar heelwat van die aanplantings buite die normale plantvensters plaasgevind het. Die Graannavorsing- en Beleidsentrumspan is tans besig om 'n projek te loods om die impak van laat aanplanting van mieliekultivars te ondersoek – veral ten opsigte van opbrengs, gehalte en fisiologiese reaksies.

CONTRIBUTION TO AGRICULTURE

The CRC is investigating the current resilience of maize and wheat to expected future climatic impacts and is actively working toward decreasing the effects of these impacts using breeding approaches. In addition, the consortium aims to provide region-specific information on expected climate change impacts.

CONSERVATION AGRICULTURE

Grain SA, financially supported by the Maize Trust and the Winter Cereal Trust, established a Conservation Agriculture Farmer Innovation Programme (CA FIP) to address concerns about excessively high soil degradation rates, profitability and poverty in grain producing regions.

Progress and major achievements

- ▶ Feedback and observations during CA FIP outreach and awareness activities in 2019 showed that an enormous interest has been developed among grain producers and other key stakeholders during the last six years. It has been the innovators and early adopters (i.e. producers, active researchers and journalists) who are leading this process. The CA FIP has been one of the key initiatives supporting this process, prominently positioned to facilitate the interaction between producers and other key stakeholders.
 - ▶ The CA FIP at Grain SA has successfully designed, implemented and managed various CA initiatives and projects, mostly funded by the Maize Trust and to a lesser extent by the Winter Cereal Trust. The CA FIP has completed its sixth year (season) and significant momentum has already been built into the current season.
 - ▶ One of the prime sources of CA information that has continued successfully, is the amount of CA related articles published, especially in the *SA Graan/Grain* magazine. Other popular magazines (e.g. *Landbouweekblad*, *Farmers Weekly* and *Stock Farm*) have been very supportive to accelerate this process. All the articles in *SA Graan/Grain* can be accessed through the Grain SA website.
 - ▶ Various awareness events were held or supported, such as annual conferences and farmers' days. These events are seen as opportunities to share best local and international practices on how CA principles have been adapted in specific contexts. A number of successful awareness events were held in this period, especially the Vrede Farmers Day at Ascent silos, as well as the Ottosdal and Reitz conferences, the latter two jointly done with Ottosdal No-till Club, Riemland Study Group, *Landbouweekblad* and VKB.
 - ▶ The development of a series of CA videos (*Shepherds of the soil*) highlighting successful CA producers and important principles, was launched in November 2016. Four new videos were finalised in 2019 and all these videos are available on the Grain SA website.
 - ▶ The implementation of on-farm CA research and development projects among commercial and smallholder farmers are seen as key interventions in the adaptation of CA in different contexts in South Africa. At the moment a number of projects are implemented at various study areas, which follow a systems approach, involving farmers as key actors in the innovation process, using on-farm trials as one of the tools to research and adapt. With commercial farmers, key projects are implemented in the North West Province (with the Ottosdal No-till Club), in the north-eastern Free State at Vrede (with the Ascent Study Group) and at Reitz (with the Riemland Study Group).
- With smallholders, CA projects have been implemented at three study areas, namely Bergville (KwaZulu-Natal), KwaZulu-Natal Midlands and southern KwaZulu-Natal as well as in Matatiele (Eastern Cape). At this stage these projects have shown remarkable success, progress and impact with significant milestones being achieved.
- ▶ Amidst the various serious environmental threats and dire economic situation of many grain producers, a greater urgency has emerged to adapt CA in various local situations much faster.

BYDRAE TOT LANDBOU

Die CRC ondersoek die huidige aanpasbaarheid van mielies en koring ten opsigte van verwagte toekomstige klimaatsimpak, en werk aktief daaraan om die uitwerking van hierdie impak met behulp van telingsbenaderings te verminder. Die konsortium beoog ook om streekspesifieke inligting oor verwagte klimaatsveranderingimpak te verskaf.

BEWARINGS-LANDBOU

Graan SA, met die finansiële ondersteuning van die Mielietrust en Wintergraantrust, het 'n Boere-innoveringsprogram vir Bewaringslandbou (BIP-BL) begin om bekommernisse oor buitensporig hoë gronddegradasiekoerse, winsgewendheid en armoede in graanproduserende gebiede te ondersoek.

Vordering en belangrikste prestasies

- ▶ Terugvoer en waarnemings tydens BIP-BL-uitreik- en bewusmakingsaktiwiteite in 2019 het getoon dat daar die afgelope ses jaar geweldige belangstelling onder graanprodusente en ander belanghebbendes ontwikkel het. Die innoveerders en vroeë gebruikers (met ander woorde produsente, aktiewe navorsers en joernaliste) is aan die voorpunt van die proses. Die BIP-BL is een van die sleutelinisiatiewe wat hierdie proses ondersteun, en is prominent geposisioneer om die interaksie tussen produsente en ander sleutelbelanghebbendes te fasiliteer.
 - ▶ Die BIP-BL by Graan SA het verskeie inisiatiewe en projekte vir BL met sukses ontwerp, geïmplementeer en bestuur. Die projekte word grotendeels deur die Mielietrust, en in 'n mindere mate deur die Wintergraantrust, befonds. Die BIP-BL het sy sesde jaar (seisoen) agter die rug en beduidende momentum is reeds in die huidige seisoen opgebou.
 - ▶ Een van die groot bronne van BL-inligting wat suksesvol benut word, is die BL-verwante artikels wat gepubliseer word, veral in die *SA Graan/Grain*-tydskrif. Ander gewilde tydskrifte (byvoorbeeld *Landbouweekblad*, *Farmers Weekly* en *Veeplaas*) is baie ondersteunend om hierdie proses te versnel. Toegang tot al die artikels in *SA Graan/Grain* kan deur die Graan SA-webwerf verkry word.
 - ▶ Verskeie bewusmakingsgeleenthede, byvoorbeeld jaarlikse konferensies en boeredae, is gehou of ondersteun. Hierdie gebeure word beskou as geleenthede om die beste plaaslike en internasionale praktyke te deel oor hoe BL-beginsels in spesifieke kontekste aangepas is. 'n Aantal suksesvolle bewusmakingsgeleenthede is in hierdie tydperk gehou, byvoorbeeld die Vrede-produsentedag by Ascent-silo's, en ook die Ottosdal- en Reitz-konferensies. Laasgenoemde is in samewerking met die Ottosdal Geenbewerkingklub, die Riemland-studiegroep, *Landbouweekblad* en VKB aangebied.
 - ▶ Die ontwikkeling van 'n reeks BL-video's (*Shepherds of the soil*) wat suksesvolle BL-produsente en belangrike beginsels beklemtoon, is in November 2016 bekend gestel. Vier nuwe video's is in 2019 gemaak, en al die video's is op die Graan SA-webwerf beskikbaar.
 - ▶ Die implementering van BL-navorsing op plase en ontwikkelingsprojekte onder kommersiële en kleinskaalse boere word as belangrike intervensies in die aanpassing van BL by verskillende kontekste in Suid-Afrika beskou. 'n Aantal projekte word tans in verskillende studiegebiede geïmplementeer en volg 'n stelselbenadering, wat boere as belangrike deelnemers aan die innoveringsproses betrek en proewe op plase as een van die instrumente vir navorsing en aanpassing gebruik. Met kommersiële produsente word sleutelprojekte in Noordwes (saam met die Ottosdal Geenbewerkingklub), in die noordoos-Vrystaat (saam met die Ascent-studiegroep) en by Reitz (saam met die Riemland-studiegroep) geïmplementeer.
- Met kleinskaalse boere is BL-projekte in al drie studiegebiede, naamlik Bergville (KwaZulu-Natal), die KwaZulu-Natal Middellande en suidelike KwaZulu-Natal, asook in Matatiele (Oos-Kaap) geïmplementeer. Op hierdie stadium toon hierdie projekte merkwaardige sukses, vordering en impak, en belangrike mylpale is bereik.
- ▶ Te midde van verskillende ernstige omgewingsbedreigings en die swak ekonomiese situasie van talle graanprodusente is 'n groter dringendheid geïdentifiseer om BL baie vinniger by verskillende plaaslike situasies aan te pas.

Programme is a reliable deliverer of developmental support

OVERVIEW

‘What you do makes a difference. You have to decide what kind of difference you want to make.’

JANE GOODALL

Multiple pressures of political reform, climate variability, population growth, food accessibility, economic pressures and environment sustainability make prioritising agricultural development in South Africa necessary. Grain SA's performance over 20 years has shown we deliver effective support to developing farmers.

Minister of Agriculture, Land Reform and Rural Development, Thoko Didiza, has affirmed that investment in agriculture must play a role in diversification of our economy and in contributing towards economic growth. Quoting 2017 World Food Prize laureate, Dr Akinwumi Adesina, she said in Africa economic diversification and lasting wealth creation begins with a vibrant agriculture sector.

Grain SA has been an accountable partner to its donors – and farmers have learned to trust our programme. They know we're ready to support them on their journey towards becoming better farmers.

Things that matter

- ▶ All people must be treated with dignity.
- ▶ We believe agriculture is a strategic 'mover' that unlocks potential and improves livelihoods.
- ▶ We believe we can improve livelihood potential and increase household food security.
- ▶ We assist farmers who have access to land and the opportunity to farm.
- ▶ We actively participate in the transformation of the sector.
- ▶ We provide constructive guidance and teach best practices.

Things we do

- ▶ We care.
- ▶ We transfer knowledge.
- ▶ We facilitate inclusion of developing farmers.
- ▶ We are driven by passion and work with dedication.
- ▶ We travel on remote country tracks to meet farmers where they live and work.
- ▶ We learn about each unique environment, identify strengths, opportunities, weaknesses and challenges and find ways to uplift and empower farmers.
- ▶ We implement projects aimed at equipping farmers with knowledge and skills.
- ▶ We assist farmers to mitigate risks and grow their enterprises.
- ▶ While we cannot address all sectoral needs, we do make a difference.

Program lewer betroubare ontwikkelingsteun

OORSIG

“What you do makes a difference. You have to decide what kind of difference you want to make.”

JANE GOODALL

Die druk van politieke hervorming, klimaatveranderlikheid, bevolkingsgroei, voedseltoeganklikheid, ekonomiese druk en omgewingsvolhoubaarheid maak dit noodsaaklik om landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika as prioriteit te stel. Graan SA se prestasie oor 20 jaar het getoon dat ons doeltreffende steun aan ontwikkelende boere verskaf.

Die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Thoko Didiza, het bevestig dat belegging in landbou 'n rol in die diversifisering van ons ekonomie moet speel, en in die bydrae tot ekonomiese groei. Sy het dr Akinwumi Adesina, die wenner van die Wêreldvoedselprys in 2017, aangehaal en gesê dat ekonomiese diversifisering en blywende welvaartskepping in Afrika met 'n lewendige landbousektor begin.

Graan SA is 'n betroubare vennoot vir sy donateurs – en boere het geleer om ons program te vertrou. Hulle weet ons is oorgehaal om hulle te ondersteun op hulle reis om beter boere te word.

Aspekte wat tel

- ▶ Alle mense moet met waardigheid behandel word.
- ▶ Ons glo dat landbou 'n strategiese dryfkrag is wat potensiaal ontsluit en mense se bestaan verbeter.
- ▶ Ons glo ons kan die potensiaal van mense se bestaan verbeter en huishoudelike voedselsekerheid vergroot.
- ▶ Ons help boere wat toegang tot grond het en die geleentheid het om te boer.
- ▶ Ons neem aktief aan die transformasie van die sektor deel.
- ▶ Ons verskaf konstruktiewe leiding en onderrig in die beste praktyke.

Wat ons doen

- ▶ Ons gee om.
- ▶ Ons dra kennis oor.
- ▶ Ons fasiliteer die insluiting van ontwikkelende boere.
- ▶ Ons word deur passie gedryf en werk toegewyd.
- ▶ Ons reis na afgeleë landelike gebiede om boere te bedien waar hulle woon en werk.
- ▶ Ons leer oor elke unieke omgewing, identifiseer sterk punte, geleenthede, swakhede en uitdagings en vind maniere om boere op te hef en te bemagtig.
- ▶ Ons implementeer projekte wat daarop gemik is om boere met kennis en vaardighede toe te rus.
- ▶ Ons ondersteun boere om risiko's te verminder en hulle ondernemings te laat groei.
- ▶ Hoewel ons nie alle sektorale behoeftes kan aanspreek nie, maak ons wel 'n verskil.



Frikkie du Toit
FINANCIAL/OFFICE ADMINISTRATOR
FINANSIËLE/KANTOORADMINISTRATEUR



Graeme Engelbrecht
DEVELOPMENT CO-ORDINATOR: DUNDEE
ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDER:
DUNDEE



Du Toit van der Westhuizen
DEVELOPMENT CO-ORDINATOR:
LICHTENBURG
ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDER:
LICHTENBURG



Jurie Mentz
DEVELOPMENT CO-ORDINATOR:
LOUWSBURG
ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDER:
LOUWSBURG



Madeleen Steyn
FINANCIAL/OFFICE ADMINISTRATOR
FINANSIËLE/KANTOORADMINISTRATEUR



Stephanie Johnson
DATA BASE ADMINISTRATOR
DATABASISADMINISTRATEUR



Luke Collier
DEVELOPMENT CO-ORDINATOR: KOKSTAD
ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDER:
KOKSTAD



Luthando Diko
OFFICE ASSISTANT: KOKSTAD
KANTOORASSISTENT: KOKSTAD



Sydwell Nkosi
OFFICE ASSISTANT: LOUWSBURG
KANTOORASSISTENT: LOUWSBURG



Dr Willie Kotze
OPERATIONS MANAGER
BEDRYFSBESTUURDER



Jane McPherson
PROGRAMME MANAGER
PROGRAMBESTUURDER



Johan Kriel
DEVELOPMENT CO-ORDINATOR:
LADYBRAND
ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDER:
LADYBRAND



Sinelizwi Fakade
DEVELOPMENT CO-ORDINATOR:
MTHATHA
ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDER:
MTHATHA



Sam Ruiters
TRAINING ADMINISTRATOR
OPLEIDINGSADMINISTRATEUR



Mariaan Harmse
FINANCIAL AND OFFICE ASSISTANT
FINANSIËLE EN KANTOORASSISTENT



Nathi Mazibuko
OFFICE ASSISTANT
KANTOORASSISTENT



Dimakatso Nyambose
OFFICE ASSISTANT: LADYBRAND
KANTOORASSISTENT: LADYBRAND



Lebo Mogatlanyane
OFFICE ASSISTANT: LICHTENBURG
KANTOORASSISTENT: LICHTENBURG



Cwayita Mpotyi
OFFICE ASSISTANT: MTHATHA
KANTOORASSISTENT: MTHATHA



Jerry Mthombothi
DEVELOPMENT CO-ORDINATOR:
MBOMBELA
ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDER:
MBOMBELA



Smangaliso Zimbili
OFFICE ASSISTANT: MBOMBELA
KANTOORASSISTENT: MBOMBELA



Liana Stroebel
DEVELOPMENT CO-ORDINATOR: PAARL
ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDER:
PAARL

About development

All development is about change – and it is not always a comfortable or easy process.

- ▶ Development is the introduction of new ideas into a social system to produce higher per capita incomes through modern production methods.
- ▶ Development is building up people so they can build a better future.
- ▶ Development is about respecting people and what they do.
- ▶ Development starts with individual potential and desires and proceeds to enhancement and growth (FAO).

Felt needs are those identified by the community, while unfelt needs are identified by development officers and are still unknown to the community. Farmer development includes meeting farmers' felt needs while attention is also paid to unfelt needs known to be of benefit to farmers.

We don't farm for people – we teach them how to farm

The best strategy for sustainable development is development of individual capacities. We advocate that:

- ▶ Farmers must farm for themselves.
- ▶ Farmers should own their own equipment.
- ▶ All scales of farmers can be assisted to use land available to them; with modern crop production methods.
- ▶ Success is sustainable, optimal production on every hectare (not total hectares planted, nor total tons harvested).

We believe in participatory development

Farmers can adapt indigenous knowledge and practices in a changing world. Comprehensive and diverse non-formal education and continued education processes are key to improved production practices and profitable farming.

- ▶ We focus on learning more about farmers, their challenges and needs.
- ▶ We prioritise building trust relationships in order to teach new concepts.
- ▶ We depend on collaborative partnerships.
- ▶ We build supportive networks around developing farmers.

Donor funding with our team's expertise contribute to:

- ▶ Farmer education and skills development.
- ▶ Identification of best practices and modern technology for development.
- ▶ Optimisation of production on land available.
- ▶ Increased food security.
- ▶ Other support to farmers like The Jobs Fund project, recapitalisation programmes and Department of Science and Innovation (DSI) and the Department of Rural Development and Land Reform initiatives.

Rakende ontwikkeling

Alle ontwikkeling gaan oor verandering – en dit is nie altyd 'n gerieflike of maklike proses nie.

- ▶ Ontwikkeling is die bekendstelling van nuwe idees in 'n sosiale stelsel om groter per capita-inkomste deur moderne produksiemetodes te lewer.
- ▶ Ontwikkeling is die oprigting van mense sodat hulle 'n beter toekoms kan bou.
- ▶ Ontwikkeling gaan daaroor om mense en wat hulle doen, te respekteer.
- ▶ Ontwikkeling begin met individuele potensiaal en begeertes en vorder na verbetering en groei (VLO).

Beleefde behoeftes is dié wat deur die gemeenskap geïdentifiseer word, terwyl niebeleefde behoeftes deur landbouvoorligters geïdentifiseer word en steeds onbekend is aan die gemeenskap. Landbou-ontwikkeling sluit in die bevrediging van boere se beleefde behoeftes, terwyl aandag ook geskenk word aan niebeleefde behoeftes wat wel tot boere se voordeel is.

Ons boer nie vir mense nie – ons leer hulle hoe om te boer

Die beste strategie vir volhoubare ontwikkeling is die ontwikkeling van individuele vermoëns. Ons beveel aan dat:

- ▶ Boere vir hulleself moet boer.
- ▶ Boere hulle eie toerusting moet besit.
- ▶ Boere op alle vlakke gehelp kan word om grond wat tot hulle beskikking is met moderne gewasproduksiemetodes te benut.
- ▶ Sukses as volhoubare, optimale produksie op elke hektaar beskou word (nie die totale hektaar aangeplant nie, en ook nie die totale ton geoes nie).

Ons glo in deelnemende ontwikkeling

Boere kan inheemse kennis en praktyke in 'n veranderende wêreld aanpas. Omvattende en uiteenlopende nieformele opvoeding en voortgesette opvoedingsprosesse is die sleutel tot beter produksiepraktyke en winsgewende boerdery.

- ▶ Ons fokus daarop om meer oor boere, hulle uitdagings en behoeftes te leer.
- ▶ Ons prioritiseer die bou van vertrouensverhoudings ten einde nuwe konsepte te onderrig.
- ▶ Ons maak op samewerkende vennootskappe staat.
- ▶ Ons bou ondersteunende netwerke om ontwikkelende boere.

Skenkerbefondsing saam met ons span se kundigheid dra by tot:

- ▶ Boere se opvoeding en vaardigheidsontwikkeling.
- ▶ Identifikasie van beste praktyke en moderne tegnologie vir ontwikkeling.
- ▶ Optimalisering van produksie op beskikbare grond.
- ▶ Verhoogde voedselsekerheid.
- ▶ Ander steun aan boere soos The Jobs Fund-projek, herkapitaliseringsprogramme en inisiatiewe van die Departement van Wetenskap en Innowering (DWI) en die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming.

Developing farmers face many challenges

In South Africa many factors inhibit farming success:

- ▶ Poor infrastructure.
- ▶ Poor road networks.
- ▶ Lack of transportation and storage.
- ▶ Lack of marketing skills.
- ▶ Shortage of vehicles, implements and tools.
- ▶ Farm management skills.
- ▶ Insufficient knowledge.

Whilst government and other sectoral stakeholders should address many of these issues, the Grain SA Farmer Development Programme aims to:

- ▶ Equip farmers with new and relevant knowledge;
- ▶ Offer appropriate training and skills development programmes; and
- ▶ Provide reliable, trustworthy mentorship.

One size does not fit all – every farmer is unique

Just as every farmer is unique, every farming enterprise is unique too. For effective development unique characteristics need to be addressed. During 2019 we had:

New Era Commercial ⇒ 250 tons plus	81
Potential Commercial farmers ⇒ > 100 ha	208
Smallholder farmers ⇒ 10,5 ha - 100 ha	375
Subsistence farmers ⇒ 0,5 ha - 10 ha	11 408
Total number of farmer members	12 072

We are structured to support and service our farmers

The framework of the Farmer Development Programme makes it possible to implement a wide range of projects with our team committed to networking at grass root levels. The yellow pins highlight the locations of our Head Office and Regional Farmer Development offices.

The Farmer Development head office managed by the programme manager Jane McPherson and assisted by operations manager, Dr Willie Kotze, is in Bloemfontein. Administrative support is provided by Madeleen Steyn and Sam Ruiters.

Ontwikkelende boere het baie uitdagings

In Suid-Afrika beperk talle faktore boerderysukses:

- ▶ Swak infrastruktuur.
- ▶ Swak padnetwerke.
- ▶ Gebrek aan vervoer en opbergingsplek.
- ▶ Gebrek aan bemarkingsvaardighede.
- ▶ Tekort aan voertuie, implemente en gereedskap.
- ▶ Plaasbestuursvaardighede.
- ▶ Onvoldoende kennis.

Terwyl staats- en ander sektorale belanghebbendes talle van hierdie kwessies behoort te hanteer, het die Graan SA Landbou-ontwikkelingsprogram ten doel om:

- ▶ Boere met nuwe en tersaaklike kennis toe te rus;
- ▶ Toepaslike opleidings- en vaardigheidsontwikkelingsprogramme aan te bied; en
- ▶ Betroubare mentorskap te verskaf.

Almal kan nie oor een kam geskeer word nie – elke boer is uniek


Net soos elke boer uniek is, is elke boerdery-onderneming ook uniek. Vir doeltreffende ontwikkeling moet eiensortige eienskappe aangespreek word. Gedurende 2019 het ons die volgende ledetal gehad:

Nuwe Era Kommersieel ⇒ 250 ton plus	81
Potensiële Kommersiële produsente ⇒ > 100 ha	208
Kleinskaalse boere ⇒ 10,5 ha - 100 ha	375
Bestaansboere ⇒ 0,5 ha - 10 ha	11 408
Totale getal boerelede	12 072

Ons is gestruktureer om ons boere te ondersteun en 'n diens aan hulle te lewer

Die raamwerk van die Landbou-ontwikkelingsprogram maak dit moontlik om 'n wye verskeidenheid projekte te implementeer, met ons span wat daartoe verbind is om op voetsoolvlak te netwerk. Die geel merkers dui die ligging van ons hoofkantoor en streekkantore vir landbou-ontwikkeling aan.

Die Landbou-ontwikkeling-hoofkantoor is in Bloemfontein geleë en word deur die programbestuurder, Jane McPherson, met die bystand van die bedryfsbestuurder, dr Willie Kotze, bestuur. Administratiewe steun word deur Madeleen Steyn en Sam Ruiters verskaf.



There are nine regional development offices situated in primary grain growing regions of South Africa.

Each office is unique in character. This may be due to the nature of agricultural activity in that region, location of the study group or the level of exposure farmers have had to modern farming methods. Some offices like Paarl, Ladybrand and Lichtenburg service fewer, larger farmers who would be more likely to fall into the Potential Commercial farmer and New Era farmer categories, while other regions such as Nelspruit, Louwsburg, Dundee, Mthatha, Maclear and Kokstad have more Subsistence and Smallholder farmers.

Daar is nege streeksontwikkelingskantore wat in primêre graanprodukerende streke van Suid-Afrika geleë is.

Elke kantoor het 'n unieke karakter. Dit kan die gevolg wees van die aard van die landbou-aktiwiteit in daardie streek, die ligging van die studiegroep, of die vlak van blootstelling wat boere aan moderne boerderymetodes het. Sekere kantore soos die Paarl, Ladybrand en Lichtenburg diens minder, groter boere wat eerder in die kategorie vir Potensiële Kommersiële boere en Nuwe Era boere val, terwyl ander streke soos Nelspruit, Louwsburg, Dundee, Mthatha, Maclear en Kokstad meer Bestaans- en Kleinskaalse boere bedien.

Regional development offices Streeksontwikkelingskantore

OFFICE KANTOOR	REGIONAL MANAGER STREEKSBESTUURDER	ASSISTANT ASSISTENT	DONOR PARTNERS DONATEURSVENNOTE
Dundee	Graeme Engelbrecht	Nathi Mazibuko	Maize Trust/Mielietrust, Afgri
Kokstad	Luke Collier	Luthando Diko	Maize Trust/Mielietrust, Bayer, Omnia
Ladybrand	Johan Kriel	Mariaan Harmse	Bayer
Lichtenburg	Du Toit van der Westhuizen	Lebo Mogatlanyane	Bayer, Afgri, Grain SA/Graan SA
Louwsburg	Jurie Mentz	Sydwell Nkosi	Bayer
Maclear	Sarel Pretorius	Lindie Pretorius	Maize Trust/Mielietrust, Pannar
Mthatha	Sinelizwi Fakade	Cwayita Mpotyi	Maize Trust/Mielietrust, Pioneer, Sasol Base Chemicals
Nelspruit	Jerry Mthombothi	Smangalisu Zimbili	Maize Trust/Mielietrust, Pannar, Sasol Base, Omnia
Paarl	Liana Stroebel	Hayley Ehrenreich	Winter Cereal Trust/Wintergraantrust

Farmer involvement Boere se betrokkenheid

FARMER CATEGORIES BOERDERYKATEGORIE	REGIONAL OFFICES STREEKSKANTORE								
	DUNDEE	KOKSTAD	LADYBRAND	LICHTENBURG	LOUWSBURG	MACLEAR	MTHATHA	NELSPRUIT	PAARL
Subsistence farmers/Bestaansboere	1 583	2 610	62	56	1 442	897	3 344	1 411	3
Smallholder farmers/Kleinskaalse boere	12	24	51	131	22	56	31	43	5
Potential Commercial farmers/Potensiële Kommersiële boere	4	8	81	87	10	4	0	0	14
New Era Commercial farmers/Nuwe Era Kommersiële boere	4	6	31	21	8	1	0	0	10
Number of study groups per region/Getal studiegroepe per streek	26	40	10	13	14	12	67	20	7
Study group members/Studiegroeplede	2 015	2 401	327	328	1 622	646	3 318	1 881	83

Land access for members of Grain SA Farmer Development Toegang tot grond vir lede van Graan SA Landbou-ontwikkeling

TYPE TIPE	OWNERSHIP EIENAARSKAP	USAGE GEBRUIK	HECTARES HEKTAAR
Arable/Bewerkbaar	Own/Besit	Used by farmer/Gebruik deur boer	21 290,70
Arable/Bewerkbaar	Municipal/Munisipale	Hired by farmer/Gehuur deur boer	7 130,21
Arable/Bewerkbaar	Leased/Gehuur	Private land/Privaat grond	11 407,90
Arable/Bewerkbaar	Land redistribution/Grondherverdeling	Used by farmer/Gebruik deur boer	36 732,24
Arable/Bewerkbaar	Communal land/Kommunale grond	Used by farmer/Gebruik deur boer	40 609,85
Grazing/Weiding	Leased/Gehuur	Private land/Privaat grond	10 742,89
Grazing/Weiding	Land redistribution/Grondherverdeling	Used by farmer/Gebruik deur boer	46 111,55
Grazing/Weiding	Own/Besit	Used by farmer/Gebruik deur boer	27 034,65

We aim to assist farmers to produce the highest yields possible from every hectare, regardless of the nature of their access to land or the size of their farming operations.

Ons doel is om boere te help om die hoogste opbrengste moontlik op elke hektaar te produseer, ongeag die aard van hulle toegang tot grond of die omvang van hulle boerderybedrywighede.

In the strategic communication toolbox

Communication for development is the key to successful development and is founded on community participation which acknowledges the individual and invites them to participate in the development journey.

Every activity undertaken is tailored with the intention of transferring knowledge and/or new sets of skills inter alia via:

- ▶ Support services to groups ⇒ study groups.
- ▶ Support to individual farmers ⇒ one-to-one mentorship.
- ▶ Knowledge transfer and skills development ⇒ training courses.
- ▶ Rapid knowledge transfer through mass media ⇒ *Pula Imvula* magazine.

1. Study group activity 1 – team members hold meetings with farmers.

In this period of reporting we held 5 382 study group meetings with developing farmers associated to our regional development offices.

- ▶ The study group sets the Grain SA footprint in key grain growing regions.
- ▶ It offers developing farmers entry level access to the programme.
- ▶ We get to know farmers; farmers learn to trust us.
- ▶ Identify unique challenges and opportunities in a region.
- ▶ Transfer of information – theory and practical.
- ▶ Team is instrumental in updating local farming systems.

2. Study group activity 2 – demonstration trials.

In this period of reporting 16 demonstration plots were planted by our regional development managers.

- ▶ 'Tell me and I forget. Teach me and I remember. Involve me and I learn.' – Benjamin Franklin.
- ▶ Team and farmers plan and plant trial plots.
- ▶ Farmers see the benefits of doing things differently.
- ▶ Farmers learn best from seeing with their own eyes in their own location – they change more willingly to more effective farming methods.

3. Study group activity 3 – hold farmers' days.

In this period of reporting we held 41 farmers days out of our regional development offices.

- ▶ Farmers' Days are organised to bring farmers to see the trial plots for themselves.
- ▶ Opportunity is also given for farmers to meet other stakeholders in the sector.
- ▶ Farmers learn from agricultural experts and industry representatives.
- ▶ The farming community gets the opportunity to voice concerns and discuss challenges.

4. Support services to individual farmers – activity 1: One-on-one mentoring.

Our team members paid 798 on-farm visits during this period of reporting.

- ▶ In any development programme there should be individuals whom demonstrate increasing independence and enterprise growth.
- ▶ The team support developing farmers who have progressed beyond the services offered by the study group.
- ▶ These farmers are almost ready to farm independently but still benefit from mentoring.

5. Support services to individual farmers – activity 2: On-farm visits.

- ▶ Individual farmer support includes mentoring visits to the farmer.
- ▶ Detailed planning, budget review, management etc. are discussed.
- ▶ The team conducts whole farm assessment and makes recommendations.
- ▶ Farm visits assist farmers with practical processes and the monitoring crops.

New Era Farmer of the Year Competition

26 high performing farmers from different categories participated in our 2019 Farmer of the Year competition.

- ▶ To identify role models to inspire other farmers.
- ▶ A moment to celebrate the learning, development and growth that has taken place.

In die strategiesekommunikasie-gereedskapkis

Kommunikasie vir ontwikkeling is die sleutel tot suksesvolle ontwikkeling en is gegrond op gemeenskapsdeelname wat erkenning aan die individu gee en hulle nooi om aan die ontwikkelingsreis deel te neem.

Elke aktiwiteit wat onderneem word, is ontwerp met die doel om kennis en/of nuwe vaardighede oor te dra, onder andere deur middel van:

- ▶ Steundienste aan groepe ⇒ studiegroepe.
- ▶ Steun aan individuele boere ⇒ een-tot-een-mentorskap.
- ▶ Kennisoordrag en vaardigheidsontwikkeling ⇒ opleidingskursusse.
- ▶ Vinnige kennisoordrag deur massamedia ⇒ *Pula Imvula*-tydskrif.

1. Studiegroepaktiwiteit 1 – spanlede hou vergaderings met boere.

In hierdie verslagdoeningstydperk het ons 5 382 studiegroepvergaderings gehou met ontwikkelende boere wat by ons streeksontwikkelingskantore betrokke is.

- ▶ Die studiegroep vorm Graan SA se voetspoor in belangrike graan-produiserende streke.
- ▶ Dit bied aan ontwikkelende boere toetreevlaktoegang tot die program.
- ▶ Ons leer boere ken, en die boere leer om ons te vertrou.
- ▶ Identifiseer unieke uitdagings en geleenthede in 'n streek.
- ▶ Oordrag van inligting – teorie en praktyk.
- ▶ Span is instrumenteel om plaaslike boerderystelsels by te werk.

2. Studiegroepaktiwiteit 2 – demonstrasieproewe.

In hierdie verslagdoeningstydperk is 16 demonstrasieproewe deur ons streeksontwikkelingsbestuurders aangeplant.

- ▶ "Vertel my en ek vergeet. Leer my en ek onthou. Betrek my en ek leer." – Benjamin Franklin.
- ▶ Span en boere beplan en beplant demonstrasieproewe.
- ▶ Boere sien die voordele daarvan om dinge anders te doen.
- ▶ Boere leer die beste as hulle self in hulle eie omgewing sien – hulle is meer bereid om na doeltreffende boerderymetodes oor te skakel.

3. Studiegroepaktiwiteit 3 – bied boeredae aan.

In hierdie verslagdoeningstydperk is 41 boeredae deur ons streeksontwikkelingskantore aangebied.

- ▶ Boeredae word gereël om boere te bring om self na die demonstrasieproewe te kom kyk.
- ▶ Geleentheid word ook aan boere gegee om ander belanghebbendes in die sektor te ontmoet.
- ▶ Boere leer van landboukundiges en bedryfsvertegenwoordigers.
- ▶ Die boerderygemeenskap kry die geleentheid om bekommernisse te lug en uitdagings te bespreek.

4. Ondersteuningsdienste aan individuele boere – aktiwiteit 1: Een-tot-een-mentorskap.

Ons spanlede het in hierdie verslagdoeningstydperk 798 besoeke aan plase gebring.

- ▶ In enige ontwikkelingsprogram moet daar persone wees wat toenemende onafhanklikheid en ondernemingsgroei toon.
- ▶ Die span ondersteun ontwikkelende boere wat verder gevorder het as die dienste wat deur die studiegroep aangebied word.
- ▶ Hierdie boere is feitlik gereed om onafhanklik te boer, maar baat steeds by mentorskap.

5. Ondersteuningsdienste aan individuele boere – aktiwiteit 2: Plaasbesoeke.

- ▶ Individuele steun aan boere sluit mentorskapbesoeke in.
- ▶ Gedetailleerde beplanning, begrotingshersiening, bestuur, ensovoorts word bespreek.
- ▶ Die span voer 'n assessering van die hele plaas uit en maak aanbevelings.
- ▶ Plaasbesoeke help boere met praktiese prosesse en die monitering van gewasse.

Nuwe Era Boer van die Jaar-kompetisie

26 hoëpresterende boere uit verskillende kategorieë het aan ons 2019 Boer van die Jaar-kompetisie deelgeneem.

- ▶ Om rolmodelle te identifiseer om ander boere te inspireer.
- ▶ 'n Oomblik om die leerprosesse, ontwikkeling en groei wat plaasgevind het te vier.

6. A monthly magazine: *Pula Imvula* – widespread dissemination of relevant information.

A *Pula Imvula* magazine was published and distributed every month from October 2018 to September 2019.

It is often the case that one successful project such as the From Subsistence to Abundance project draws attention and inspires other stakeholders to invest in Grain SA Farmer Development initiatives.

Example 1: Bayer sponsored tools to aid farmers in shelling the cobs.

Example 2: The DST sponsored training on mycotoxins and the safe storage of grain.

3. Grain SA partners with the Department of Science and Innovation

This project was triggered by the successes of project: From Subsistence to Abundance. The snowball effect of farmers learning to do the right thing, using good inputs and enjoying mentorship throughout the season saw increased yields posing new challenges for farmers. Bigger yields meant maize had to be stored safely; hand harvesting required more time and energy.

- ▶ Boer se bydrae: R3 500 per ha ('n deel van die regstreekse koste van die kalk, saad, kunsmis, landbouchemikalieë en herstelwerk aan toerusting).
- ▶ Bedryfsrolspelers sal gevra word vir afslag op insette (met ander woorde kontantafslag van 13,75% soos voorheen).
 - ▶ Monsanto – saad en Roundup
 - ▶ Kynoch – kunsmis en topbemesting, met vervoer ingesluit
 - ▶ SA Kalk en Gips – kalk
 - ▶ Villa Crop – chemikalieë: Insekdoder en onkruidodder

PROJEKBETROKKENHEID OP 1 OKTOBER 2019

Ten tyde van die projek se bekendstelling vir optimale prestasie was die bevestigde projekrolspelers soos volg:

- ▶ Graan SA se Landbou-ontwikkelingspan.
- ▶ Bedryfsrolspelers wat hulle tot insetafslag verbind het: Bayer (saad), Kynoch (kunsmis) en Villa Crop (chemikalieë).
- ▶ 4 999 boere wat reeds teen 1/10/2019 hulle R3 500 per ha in die TPFA-rekening gedeponeer het.

STREEKSKANTOOR	BOERE BETROKKE
Dundee	652
Kokstad	1 203
Louwsburg	655
Maclear	233
Mthatha	1 858
Nelspruit	398

PROJEK SE STATUS QUO SOOS IN OKTOBER 2019

Beperkinge

- ▶ Geen befondsing vir mentorskap nie
- ▶ Geen befondsing vir bekalking nie

Stappe gedoen

Insette wat deur Graan SA gekoördineer is, is by boere afgelewer:

- ▶ 1 x 10 kg saad
- ▶ 3 x 50 kg-sakke 4:3:4 (40) plantkunsmis
- ▶ 2 x 50 kg-sakke 1:0:0 (40) topbemestingskunsmis
- ▶ 1 pak chemikalieë

Logistiek

- ▶ Alle aflewings aan die studiegroepe is deur die bedryfsbestuurder, dr Willie Kotze, gekoördineer.
- ▶ By gebrek aan mentors het streeksbestuurders aflewings bestuur, maar boere was ten volle verantwoordelik om dit af te haal.

Uitdagings

- ▶ Om die balans van die insetkoste te kry, byvoorbeeld van regerings-departemente en die privaat sektor.
- ▶ Om fondse vir mentorskap vir agt maande te verkry. Elke mentor moet ideaal-gesproke vir 50 boere verantwoordelik wees.

Die rimpel-effek: Een suksesvolle projek lei tot die volgende een

Dit gebeur dikwels dat een suksesvolle projek soos "From Subsistence to Abundance" aandag trek en ander belanghebbendes inspireer om in Graan SA se Landbou-ontwikkelingsinisiatiewe te belê.

Voorbeeld 1: Bayer het gereedskap geborg om boere te help om die koppe skoon te maak.

Voorbeeld 2: Die DWI-geborgde opleiding oor mikotoksiene en die veilige opberging van graan.

3. Graan SA in vennootskap met die Departement van Wetenskap en Innovasie

Die sukses wat met projek "From Subsistence to Abundance" behaal is, het tot hierdie projek aanleiding gegee. Die sneeubaleffek van boere wat leer om die regte ding met behulp van goeie insette te doen, en die mentorskap wat hulle regdeur die seisoen ontvang het, het daartoe gelei dat groter opbrengste vir die boere nuwe uitdagings gebied het. Groter opbrengste het beteken dat mielies veilig opgeberg moes word, en oes met die hand het meer tyd en energie geverg.

WHAT HAS BEEN ACHIEVED?

- 1) 95 courses on safe storage and mycotoxins were held; 1 721 farmers attended.
- 2) Cob cages for safer storage: 398 cob cages, were distributed to farmers.
- 3) 70 small, easily transported, diesel powered threshing machines were acquired and distributed to areas where farmers were struggling to finish harvesting.
- 4) Scales and bag stitchers were bought and enabled farmers to weigh bags to market.
- 5) Courses to promote grain farming towards food security and to teach farmers about household nutritional security were designed:
 1. Nutrition: Different food groups: 44 courses were presented to 847 farmers.
 2. Training on the nixtamalization of maize: 220 courses were delivered to 2 806 farmers.

This is pioneering work being done by Grain SA Farmer Development. This 'cooking' process originates from Mexico and refers to a method of preparing maize and other grains by soaking the grain and cooking it in an alkaline solution, usually lime water. The motivation is this process is known to remove 97% to 100% of the aflatoxins in the grain from mycotoxin-contaminated corn. Nixtamalized maize has several benefits over unprocessed grain: It is more easily ground; nutritional value is increased; flavour and aroma are improved; and mycotoxins are reduced.

- 6) The Dry beans Project: 79 courses on the production and nutritional benefits of dry beans were given to 1 139 farmers. Farmers need training on bean production, the value of beans in the crop rotation cycle, and the value of beans as a source of protein.
- 7) Fast tracking knowledge-sharing using modern technology. The Department of Science and Innovation funded the production of five DVD's in a series entitled Road to Growth.
 - 1 – Feed your soil
 - 2 – Control plant diseases
 - 3 – Control pests in your crops
 - 4 – Weed control – eliminate competition
 - 5 – Chemical weed control

The clips are available on Grain SA's YouTube channel.

4. Farmer Development's collaboration with AB InBev

This project is designed to provide loans which enable farmers with production finance. All participating farmers made an own contribution and AB InBev loaned R5 000 per ha for inputs. The 2019 budget for the project was R10 992 850.

Three Farmer Development offices were involved with 34 participating farmers.

- The project plan was to plant 1 738 hectares.
- Early drought hampered project progress and some farmers were unable to plant as planned.
- 1 371 ha was planted.
- Bean and sunflower yields were disappointing.
- The 2018/2019 season was not a reflection on farmers or on their capabilities.

WAT IS BEREIK?

- 1) 'n Totaal van 95 kursusse oor veilige opberging en mikotoksiene is aangebied, en 1 721 boere het dit bygewoon.
- 2) Kophokke vir veilige opberging: 398 kophokke is aan boere verskaf.
- 3) 70 klein dieselaangedrewe dorsmasjiene wat maklik vervoer kan word, is aangeskaf en versprei in gebiede waar boere gesukkel het om klaar te oes.
- 4) Skale en sakstikmasjiene is gekoop en het boere in staat gestel om sakke te weeg om te bemark.
- 5) Kursusse om graanboerdery vir voedselsekerheid te bevorder en om boere van huishoudelike voedingsekerheid te leer, is ontwerp:
 1. Voeding: verskillende voedselgroepe: 44 kursusse is vir 847 boere aangebied.
 2. Opleiding oor die nixtamalisering van mielies: 220 kursusse is vir 2 806 boere aangebied.

Dit is baanbrekerswerk wat deur Graan SA Landbou-ontwikkeling gedoen word. Hierdie "kookproses" kom uit Mexiko en verwys na 'n metode om mielies en ander graan voor te berei deur die graan in 'n alkaliese oplossing, gewoonlik kalkwater, te week en te kook. Die motivering is dat hierdie proses 97% tot 100% van die aflatoxine in die graan en uit mikotoksien-besmette mielies verwyder. Genikstamaliseerde mielies het verskeie voordele bō onverwerkte graan: Dit is makliker om te maal, het groter voedingswaarde, die smaak en geur is beter, en mikotoksiene is verminder.

- 6) Die Droëboneprojek: 79 kursusse oor die produksie en voedingsvoordele van droëbone is vir 1 139 boere aangebied. Boere benodig opleiding oor die produksie van bone, die waarde van bone in die gewasrotasiesiklus, en die waarde van bone as 'n bron van proteïen.
- 7) Versnelde deel van kennis met behulp van moderne tegnologie. Die Departement Wetenskap en Innovasie het die produksie van vyf DVD's in 'n reeks getiteld "Road to Growth" befonds.
 - 1 – Feed your soil
 - 2 – Control plant diseases
 - 3 – Control pests in your crops
 - 4 – Weed control – eliminate competition
 - 5 – Chemical weed control

Die video's is op Graan SA se YouTube-kanaal beskikbaar.

4. Landbou-ontwikkeling se samewerking met AB InBev

Hierdie projek is ontwerp om lenings te verskaf wat boere met produksiefinansiering bemagtig. Alle deelnemende boere het self 'n bydrae gemaak en AB InBev het R5 000 per ha vir insette geleen. Die 2019-begroting vir die projek was R10 992 850.

Drie Landbou-ontwikkelingskantore was betrokke, met 34 boere wat deelgeneem het.

- Die projekplan was om 1 738 hektaar aan te plant.
- Vroeë droogte het die vordering van die projek gekniehalter, en sommige boere kon nie plant soos wat beplan was nie.
- 1 371 ha is aangeplant.
- Bone- en sonneblompoging was teleurstellend.
- Die 2018/2019-seisoen was nie 'n weerspieëling van die boere of hulle vermoëns nie.

CROP GEWAS	HA (2018/2019)	TONS HARVESTED (2018/2019) TON GEOES (2018/2019)	AVERAGE YIELD (t/ha) GEMIDDELDE OPBRENGS (t/ha)
Dry beans/Droëbone	234	197	0,84
Maize/Mielies	581	1 909	3,29
Sunflowers/Sonneblom	556	319	0,57

LOOKING TO THE FUTURE WITH AB INBEV

- ▶ This project continues and we are hopeful for better results.
- ▶ By 30 September 86 farmers had made a commitment to participate in 2019/2020.

5. Zamukhele small white bean project with Schoeman Boerdery

The project aimed to help farmers plant crops suited to their region, other than the traditional maize and sunflower crops.

- ▶ Schoeman Boerdery supplied PAN 123 and Teebus to farmers on a delayed payment agreement.
- ▶ Agron fertiliser company supplied fertiliser on a delayed payment agreement.
- ▶ Schoeman Boerdery appointed a mentor to support farmers.
- ▶ Villa Crop assisted with chemicals.
- ▶ Farmers supplied own diesel, equipment and covered remaining expenses.
- ▶ Farmers signed an agreement to deliver the crop to Schoeman Boerdery.

18 farmers participated in the project.

6. Mechanisation in the Eastern Cape with DRDAR

The DRDAR and Grain SA have had a service level agreement (SLA) for two years now. The purpose of the SLA is to assist farmers and develop black agricultural contractors. The agreement included a programme to train unemployed graduates by employing them as interns and Grain SA would assist in equipping them to serve the agricultural sector in the Eastern Cape.

PROJECT 2018/2019

- ▶ Grain SA would facilitate planting 4 056 hectares at R3 200 per ha.
- ▶ 17 unemployed graduates would be mentored as interns.
- ▶ Total hectares to be worked by contractors in 2018/2019: 4 056 ha + 445 ha = 4 501 ha.

HECTARES UNDER PRODUCTION IN EASTERN CAPE IN THIS PROJECT

- ▶ Drought impacted plantings resulting in fewer ha being planted.
- ▶ The hectares allocated to contractors were eventually 4 439 ha.

DIE TOEKOMS IN SAAM MET AB INBEV

- ▶ Hierdie projek gaan voort en ons hoop op beter resultate.
- ▶ Teen 30 September het 86 boere hulle verbind om in 2019/2020 deel te neem.

5. Zamukhele klein witboneprojek saam met Schoeman Boerdery

Die doel van die projek was om boere te help om gewasse te plant wat vir hulle streek geskik is, buiten die tradisionele mielies en sonneblom.

- ▶ Schoeman Boerdery het PAN 123 en Teebus met 'n uitgesteldebetalingsooreenkoms aan boere verskaf.
- ▶ Die Agron-kunsmismaatskappy het kunsmis met 'n uitgesteldebetalingsooreenkoms verskaf.
- ▶ Schoeman Boerdery het 'n mentor aangestel om boere te ondersteun.
- ▶ Villa Crop het chemikalieë verskaf.
- ▶ Boere het hulle eie diesel en toerusting verskaf en die oorblywende uitgawes gedek.
- ▶ Boere het 'n ooreenkoms onderteken om die oes aan Schoeman Boerdery te lewer.

18 boere het aan die projek deelgeneem.

6. Meganisasie in die Oos-Kaap saam met die DRDAR

Die DRDAR en Graan SA het reeds die afgelope twee jaar 'n diensvlakooreenkoms. Die doel van die ooreenkoms is om boere te ondersteun en swart landboukontrakteurs te ontwikkel. Die ooreenkoms het 'n program ingesluit om werklose gegradueerdes op te lei deur hulle as interns aan te stel, en Graan SA het gehelp om hulle toe te rus om die landbousektor in die Oos-Kaap te bedien.

PROJEK 2018/2019

- ▶ Graan SA sou die aanplanting van 4 056 teen R3 200 per ha befonds.
- ▶ 17 werklose gegradueerdes sou as interns gementor word.
- ▶ Die totale getal hektaar wat in 2018/2019 deur kontrakteurs bewerk sou word: 4 056 ha + 445 ha = 4 501 ha.

HEKTAAR ONDER PRODUKSIE IN DIE OOS-KAAP IN HIERDIE PROJEK

- ▶ Die impak van die droogte op die aanplantings het daartoe gelei dat minder hektaar aangeplant is.
- ▶ Daar is uiteindelik 4 439 ha aan kontrakteurs toegewys.



At consecutive AgriSeta Annual Awards Events in 2018 and 2019, the Grain SA Farmer Development division was acknowledged for excellence in the field of farmer development.

Die Graan SA Landbou-ontwikkelingsafdeling het by twee agtereenvolgende AgriSeta jaarlikse toekenningsgeleenthede in 2018 en 2019 erkenning vir uitnemendheid op die gebied van landbou-ontwikkeling ontvang.

17 INTERNSHIPS WITH GRAIN SA

- ▶ Seven interns worked in the field from the Kokstad Regional Development office.
- ▶ Ten interns worked in the field from the Mthatha Regional Development office.

Interns learned practical tasks and then taught farmers how to perform:

- ▶ Planter calibrations
- ▶ Boom sprayer calibrations
- ▶ Mapping of land using GPS
- ▶ Farm equipment maintenance
- ▶ Crop yield estimates

Interns participated in training courses and assisted trainers with theory and practical lessons.

For everything under the sun there is a season: A time to celebrate

Development is not an easy road. But once a year we take a moment at our Day of Celebration to commemorate:

- ▶ Farmers who have grown their farming enterprises.
- ▶ A team that works with dedicated passion.
- ▶ Farmers who become role-models for future farmers.
- ▶ Successful knowledge transfer and skills development.
- ▶ Friends of Grain SA who go beyond the call of duty because they believe in the work we do.

This year it was held at NAMPO Park on 2 October 2019 – a colourful, joyous event shared with many farmers and stakeholders. The annual Farmer of the Year competition is held with a view to identifying achievers and celebrating with them. The four categories in 2019 were:

Subsistence Farmer of the Year: Eleven nominees
Winner: Mazonya Dhlamini – Amersfoort
Mentor: Jurie Mentz

Smallholder Farmer of the Year: Ten nominees
Winner: Mdumiseni Welcome Hadebe – Estcourt region
Mentor: Rob Irons with Graeme Engelbrecht

Potential Commercial Farmer of the Year: Two nominees
Winner: Sabatha Mthethwa – Dannhauser
Mentor: Graeme Engelbrecht

Commercial Farmer of the Year: Five nominees
Winner: Andries van der Poll – Moorreesburg
Mentor: Liana Stroebe

The 250 Ton Club is another way we celebrate progress as farmers deliver bigger yields than ever before. Farmers who have achieved club membership in the following categories to date are as follows:

- ▶ 250 Ton Club – 75
- ▶ 500 Ton Club – 57
- ▶ 1 000 Ton Club – 18
- ▶ 1 500 Ton Club – 12

NEW CLUB MEMBERS

500 Ton Club – 1) Mapota Paulus Mosia; 2) Andile Ndzunga
1 000 Ton Club – 1) Solomon Masango; 2) the Mthethwa Family trading as Fit and Proper Trading.

There was a heart-warming moment of spontaneity when farmers called for their managers to step on the stage so they could cheer and thank them! One has to feel proud when a farmer like our Grain SA/Absa/John Deere Financial New Era Commercial Farmer of the Year, Andries van der Poll, thanks Grain SA for their guidance and enabling him to live his dream.

We are making a difference!

17 INTERNSKAPPE BY GRAAN SA

- ▶ Sewe interns het uit die Kokstad-streeksontwikkelingskantoor in die veld gewerk.
- ▶ Tien interns het uit die Mthatha-streeksontwikkelingskantoor in die veld gewerk.

Die interns het praktiese take geleer en daarna boere geleer hoe om die volgende te doen:

- ▶ Planterkalibrering
- ▶ Balkspuitkalibrering
- ▶ Kartering van grond met behulp van GPS
- ▶ Instandhouding van plaastoerusting
- ▶ Oesopbrengsskatting

Die interns het aan opleidingskursusse deelgeneem en opleiers met teoretiese en praktiese lesse gehelp.

'n Seisoen vir alles onder die son: 'n Tyd om te vier

Ontwikkeling is nie 'n maklike pad nie. Een keer per jaar vier ons egter die volgende tydens ons Dag van Feesviering:

- ▶ Boere wat hulle boerdery-ondernemings laat groei het.
- ▶ 'n Span wat met toegewyde passie werk.
- ▶ Boere wat rolmodelle vir toekomstige boere geword het.
- ▶ Suksesvolle kennisoordrag en vaardigheidsontwikkeling.
- ▶ Vriende van Graan SA wat meer as hulle plig doen omdat hulle glo in die werk wat ons doen.

Hierdie jaar is die Dag van Feesviering op 2 Oktober 2019 by NAMPO Park gehou – 'n kleurvolle, vreugdevolle geleentheid wat deur talle boere en belanghebbendes gedeel is. Die jaarlikse Boer van die Jaar-kompetisie is gehou ten einde presteerders te identifiseer en saam met hulle te vier. Die vier kategorieë vir 2019 was:

Bestaansboer van die Jaar: Elf benoemdes
Wenner: Mazonya Dhlamini – Amersfoort
Mentor: Jurie Mentz

Kleinskaalse Boer van die Jaar: Tien benoemdes
Wenner: Mdumiseni Welcome Hadebe – Estcourt-streek
Mentor: Rob Irons saam met Graeme Engelbrecht

Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar: Twee benoemdes
Wenner: Sabatha Mthethwa – Dannhauser
Mentor: Graeme Engelbrecht

Kommersiële Boer van die Jaar: Vyf benoemdes
Wenner: Andries van der Poll – Moorreesburg
Mentor: Liana Stroebe

Die 250 Ton-klub is nog 'n manier om vordering te vier wanneer boere groter opbrengste as ooit tevore produseer. Boere wat tot op hede klublidmaatskap in die kategorieë hieronder verwerf het, is die volgende:

- ▶ 250 Ton-klub – 75
- ▶ 500 Ton-klub – 57
- ▶ 1 000 Ton-klub – 18
- ▶ 1 500 Ton-klub – 12

NUWE KLUBLEDE

500 Ton-klub – 1) Mapota Paulus Mosia; 2) Andile Ndzunga
1 000 Ton-klub – 1) Solomon Masango; 2) die Mthethwa-familie, wat as Fit and Proper Trading handel dryf.

Daar was 'n wonderlike oomblik van spontaneïteit toe die boere hulle ontwikkelingsbestuurders gevra het om op die verhoog te staan sodat hulle hulle kon toejuig en bedank! 'n Mens moet trots voel wanneer 'n produsent soos ons Graan SA/Absa/John Deere Finansiële Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar, Andries van der Poll, Graan SA bedank vir hulle leiding en dat hulle hom in staat gestel het om sy droom uit te leef.

Ons maak 'n verskil!

Corporate Services Korporatiewe Dienste

Offering support to all levels within Grain SA

CONGRESS, EXECUTIVE AND MANAGEMENT COMMITTEE

Annual Congress

The annual Congress took place at NAMPO Park on 6 and 7 March 2019. The Congress was constituted, with a total of 376 delegates, representing 32 regions.

The Congress theme focused on 'A critical reflection for a new footprint.'

The following themes were discussed by delegates:

- ▶ Malcolm Ferguson (Retired Ambassador; represented South Africa in various countries): The political and economic policy environment in South and Southern Africa.
- ▶ Werner Rossouw (Silostrat): Hedging your grain price: Ten lessons learned.
- ▶ Motivational speakers – Alex van den Heever and Renias Mhlongo (two rangers).

Group discussions after all the sessions were led by Jannie de Villiers, Chief Executive Officer of Grain SA.

Round table discussions took place with delegates from the various regions, with interaction and participation in question sessions.



The main table: Preline Swart (Vice-chairperson), Nico Vermaak (Manager: Corporate Services), Jaco Minnaar (Chairperson), Jannie de Villiers (Chief Executive Officer) and Derek Mathews (Vice-chairperson).

Die hooftafel: Preline Swart (Visevoorsitter), Nico Vermaak (Bestuurder: Korporatiewe Dienste), Jaco Minnaar (Voorsitter), Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder) en Derek Mathews (Visevoorsitter).



Malcolm Ferguson



Werner Rossouw



Renias Mhlongo and/en Alex van den Heever

Steun gebied op alle vlakke in Graan SA

KONGRES, HOOFBESTUUR EN DAGBESTUUR

Jaarlikse Kongres

Die jaarlikse Kongres het op 6 en 7 Maart 2019 by NAMPO Park plaasgevind. Die Kongres is gekonstitueer met 'n totaal van 376 afgevaardigdes, wat 32 streke verteenwoordig het.

Die Kongrestema het op "'n Kritiese refleksie vir 'n nuwe voetspoor" gefokus.

Die afgevaardigdes het die volgende temas bespreek:

- ▶ Malcolm Ferguson (Afgetrede ambassadeur; verteenwoordig Suid-Afrika in verskeie lande): Die politieke en ekonomiese omgewing in Suid- en Suidelike Afrika.
- ▶ Werner Rossouw (Silostrat): Verskansing van graanpryse: Tien lesse geleer.
- ▶ Motiveringsprekers – Alex van den Heever en Renias Mhlongo (twee wildbewaarders).

Groepbesprekings ná al die sessies is deur Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA, gelei.

Rondetafelgesprekke het plaasgevind met afgevaardigdes uit die onderskeie streke, met interaksie en deelname aan vraesessies.

Erkenning aan rolspelers in die graanwaardeketting

Tydens die Kongres is erkenning gegee aan:

- ▶ Verskeie entiteite vir diens aan die landboubedryf in Suid-Afrika oor die afgelope eeu:
 - ▶▶ BKB
 - ▶▶ Landbouweekblad
 - ▶▶ OVK
 - ▶▶ Overberg Agri
 - ▶▶ Santam Landbou
 - ▶▶ VKB
- ▶ Die volgende instellings het erkenning ontvang vir 110 jaar se diens aan die landboubedryf:
 - ▶▶ NWK
 - ▶▶ Senwes
 - ▶▶ Suidwes
- ▶ Die volgende rolspelers in die bedryf:
 - ▶▶ SIQ en GTI vir dienste in belang van die graan- en oliesadebedryf,



Coretha Usher
HUMAN RESOURCES OFFICER
MENSEHULPBRONNEBEAMPTER



Clarissa Chinian
RECEPTIONIST
ONTVANGSKLERK



Nico Vermaak
MANAGER: CORPORATE SERVICES
BESTUURDER: KORPORATIEWE DIENSTE



Elda-Beth van den Berg
SECRETARY
SEKRETAARSESSE



Eva Lehabe
OFFICE CLERK/MESSENGER
KANTOORKLERK/BODE



Louisa Mohlala
CLEANER
SKOONMAKER

Recognition to role-players in the grain value chain

During Congress recognition was given to:

- ▶ Various entities for service to the agricultural industry in South Africa over the past century:
 - ▶▶ BKB
 - ▶▶ Landbouweekblad
 - ▶▶ OVK
 - ▶▶ Overberg Agri
 - ▶▶ Santam Agriculture
 - ▶▶ VKB
- ▶ The following institutions was recognised for 110 years of service to the agricultural industry:
 - ▶▶ NWK
 - ▶▶ Senwes
 - ▶▶ Suidwes
- ▶ The following industry role-players:
 - ▶▶ SIQ and GTI for services in the interests of the grain and oilseeds industry, with exceptional contributions to ensure high quality data for accurate crop estimates.
 - ▶▶ Infoworks for 18 years of exceptional service to Grain SA.
- ▶ The following Grain Producers of the Year:
 - ▶▶ 2018 New Era Commercial Producer of the Year: Jeremia Mathebula, Amersfoort, Mpumalanga.
 - ▶▶ 2018 Subsistence Farmer of the Year: Jenette Thembi Shoba from Gert Sibande District Municipality in Mpumalanga.
 - ▶▶ 2018 Smallholder Farmer of the Year: Nhlanhla Sicelo Mngadi from Kwa-Dlamini, Estcourt, KwaZulu-Natal.
 - ▶▶ 2018 Potential Commercial Farmer of the Year: Paulus Mosia of Edenville, Free State.
 - ▶▶ 2018 Grain Producer of the Year: Van As Brothers (Johan and Dirkie) from Swellendam.
- ▶ The Maize Breakaway Session: Dr Tom Drinkwater:
 - ▶▶ Recognition was given to Dr Tom Drinkwater from the ARC-Grain Crops during the Maize Breakaway Session for his lifelong contribution to the grain industry.

Attendance by guests and media

Support by the media and attendance by large numbers of guests and senior government officials were indicative that the Grain SA Congress

met buitengewone bydraes om hoëgehalte data vir akkurate oëskattings te verseker.

- ▶▶ Infoworks vir 18 jaar se buitengewone diens aan Graan SA.
- ▶ Die volgende Graanprodusente van die Jaar:
 - ▶▶ 2018 Nuwe Era Kommersiële Produsent van die Jaar: Jeremia Mathebula, Amersfoort, Mpumalanga.
 - ▶▶ 2018 Bestaansboer van die Jaar: Jenette Thembi Shoba van Gert Sibande Distriksmunisipaliteit, Mpumalanga.
 - ▶▶ 2018 Kleinskaalse Boer van die Jaar: Nhlanhla Sicelo Mngadi van Kwa-Dlamini, Estcourt, KwaZulu-Natal.
 - ▶▶ 2018 Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar: Paulus Mosia van Edenville, Vrystaat.
 - ▶▶ 2018 Graanprodusent van die Jaar: Van As Broers (Johan en Dirkie) van Swellendam.
- ▶ Die Mieliewegbreesessie: dr Tom Drinkwater:
 - ▶▶ Tydens die Mieliewegbreesessie het dr Tom Drinkwater van die LNR-Graangewasse erkenning ontvang vir sy lewenslange bydrae tot die graanbedryf.

Bywoning deur gaste en media

Steun van die nuusmedia en bywoning deur groot getalle gaste en senior regeringsamptenare het aangedui dat die Graan SA Kongres as 'n hoogtepunt op die landboukalender beskou word. 'n Geraamde 550 persone het die Kongres by NAMPO Park bygewoon.

Hoofbestuur en Dagbestuur

Die Hoofbestuur is die hoogste gesag wanneer die Kongres nie in sitting is nie.

Graan SA se Dagbestuur bestaan uit verkose en gekoöpteerde verteenwoordigers van die onderskeie graanproduserende streke. Die Hoofbestuur het by vier geleenthede tydens die verslagdoeningstydperk vergader, naamlik op 5 Februarie, 7 Maart, 23 tot 24 Julie en 3 Oktober 2019.

'n Netwerk word met die graanwaardeketting gehandhaaf, met hoofbestuurslede wat in verskeie direksies, trusts, forums, tegniese komitees en ander eksterne entiteite dien. Dit word gedoen om te verseker dat die belange van graanprodusente op die hoogste vlak in die graanwaardeketting bevorder word.

Die Dagbestuur van die Hoofbestuur is ná die Kongres deur die Hoofbestuur gekies en bestaan uit die volgende lede:

is viewed as a highlight on the agricultural calendar. An estimated number of 550 persons attended the Congress at NAMPO Park.

Executive and Management Committee

The Executive is the highest authority when the Congress is not in session.

The Executive of Grain SA comprises of elected and co-opted representatives from the various grain production regions. The Executive convened on four occasions during the reporting period, i.e. 5 February, 7 March, 23 to 24 July and 3 October 2019.

A network with the grain value chain is maintained, with Executive members serving on several board of directors, trusts, forums, technical committees and other external entities. This is done to ensure that the interests of grain producers are promoted at the highest level within the grain value chain.

The Management Committee of the Executive was elected after Congress by the Executive and comprises the following members:

- ▶ Jaco Minnaar (Chairperson)
- ▶ Derek Mathews (Vice-chairperson)
- ▶ Ramodisa Monaisa (Vice-chairperson)
- ▶ Jaco Breytenbach
- ▶ Chris Schoonwinkel
- ▶ Richard Krige
- ▶ Jeremia Mathebula

The Management Committee focuses on policy, strategic planning, financial and staff related matters and also deals with delegated powers when the Executive is not in session. The Management Committee met on 22 January, 9 and 10 April, 12 June, 16 September and 24 October during 2019.

The Management Committee and the Management Team completed a strategic planning session in April 2019. The results of the planning session were approved by the Executive as the strategic focus areas of Grain SA, with the vision of sustainable grain production.

Grain SA bids farewell to retired Executive members

A farewell function for retired Executive members was held at NAMPO Park on 23 July 2019. The evening afforded the opportunity to retired Executive members to bid farewell to their colleagues and for Grain SA to show appreciation to these retired Executive members.

Recognition was given to:

- ▶ Anton Botha
- ▶ Bart Harmse

AWARD FOR EXCELLENCE

Recognition for excellence is awarded annually to an Executive member for excellent support and service within the Executive.

This year the award was given to Kallie Schoeman of Region 9.

GRAIN SA INFORMATION TECHNOLOGY

IT related networks, desktop support and IT security

The IT support and infrastructure services were managed by Hambisana.

OFFICE 365 AND ONE DRIVE

The migration to Office 365 has been completed, securing the server environment for Grain SA.

The agendas and annexures of the Executive were moved to One Drive to assist with a paperless environment.

Grain SA website (www.grainsa.co.za)

A data management system for the Farmer Development section to support interactive management inputs from the various regions and mentors is maintained.

The Grain SA website is maintained by Thoughtcorp.

- ▶ Jaco Minnaar (Voorsitter)
- ▶ Derek Mathews (Visevoorsitter)
- ▶ Ramodisa Monaisa (Visevoorsitter)
- ▶ Jaco Breytenbach
- ▶ Chris Schoonwinkel
- ▶ Richard Krige
- ▶ Jeremia Mathebula

Die Dagbestuur fokus op beleid, strategiese beplanning, finansiële en personeelverwante sake, en hanteer ook gedelegeerde magte wanneer die Hoofbestuur nie in sitting is nie. Die Dagbestuur het in 2019 op 22 Januarie, 9 en 10 April, 12 Junie, 16 September en 24 Oktober vergader.

Die Dagbestuur en die Bestuursplan het in April 2019 'n strategiese beplanningssessie gehou. Die resultate van die beplanningssessie is deur die Hoofbestuur as die strategiese fokusareas van Graan SA, met die visie van volhoubare graanproduksie, goedgekeur.

Graan SA groet uitgetrede Hoofbestuurslede

'n Afskeidsfunksie vir uitgetrede Hoofbestuurslede is op 23 Julie 2019 by NAMPO Park gehou. Die aand het uitgetrede Hoofbestuurslede die kans gegee om hulle kollegas te groet, en aan Graan SA om sy waardering aan hierdie uitgetrede Hoofbestuurslede te betoon.

Erkenning is gegee aan:

- ▶ Anton Botha
- ▶ Bart Harmse

TOEKENNING VIR UITNEMENDHEID

Erkenning vir uitnemendheid word jaarliks gegee aan 'n Hoofbestuurslid wat uitstekende ondersteuning en diens in die Hoofbestuur gelewer het.

Hierdie jaar het die toekenning aan Kallie Schoeman van Streek 9 gegaan.



Kallie Schoeman (right) received an award for excellence as a member of the Executive this year. He is a member of the Executive since 2012.

Kallie Schoeman (regs) het vanjaar 'n erkenning vir uitnemendheid as Hoofbestuurslid ontvang. Hy dien sedert 2012 op die Hoofbestuur.

GRAAN SA INLIGTINGSTEKNOLOGIE

IT-verwante netwerke, lessenaarondersteuning en IT-sekureit

Die IT-ondersteuning en infrastruktuurdienste is deur Hambisana bestuur.

OFFICE 365 EN ONE DRIVE

Die migrasie na Office 365 is afgehandel, en die bedieneromgewing vir Graan SA is beveilig.

Die agendas en bylaes van die Hoofbestuur is na One Drive geskuif om 'n omgewing met minder papier te bevorder.

Graan SA-webwerf (www.grainsa.co.za)

'n Databestuurstelsel vir die Landbou-ontwikkeling-afdeling om interaktiewe bestuursinsette van die onderskeie streke en mentors te ondersteun, word in stand gehou.

Die Graan SA-webwerf word deur Thoughtcorp in stand gehou.

STAFF GRAIN SA

Staff turnover

The staff turnover for the reporting period was two persons. The full staff corps comprises 69 persons at the Pretoria, NAMPO Park, Bloemfontein, Paarl, Ladybrand, Mthatha, Mbombela, Louwsburg, Lichtenburg, Kokstad and Dundee offices.

Skills development and training

A skills development plan was submitted to the AgriSETA for the period April 2018 to March 2019. Grain SA pursues the ongoing development and empowerment of all staff and various training opportunities and courses were offered to staff. A Skills Development Committee meets every quarter.

Employment equity

Grain SA complies with the statutory requirements for the submission of reports to the Department of Labour, as set out in the Employment Equity Act, no. 55 of 1998. An Employment Equity Committee meets every quarter.

Performance evaluation

The performance evaluation of all staff is completed on a six-monthly basis in consultation with departmental heads. The results are taken into account by the Remuneration Committee.

Pension fund

An evaluation for amendments to the pension fund scheme was completed. After membership consultation sessions, recommendations were referred to the Remuneration Committee for approval and implementation.

Human capital and training

Courses have been presented to staff, with the focus on both technical skills and soft skills training.

PARTNERSHIPS WITH FUNDERS OF GRAIN SA PROJECTS

Grain SA annually submits projects to the Maize Trust, Sorghum Trust, Winter Cereal Trust, the Oil and Protein Seeds Development Trust and the Sasol Agriculture Trust. Interim reports and annual reports are submitted to the respective trusts in terms of the policies and procedures of the trusts. Factual findings by external auditors of Grain SA (Ashton) are, where requested, submitted to support financial reporting.

Grain SA would like to express its gratitude to the Sasol Agriculture Trust, Winter Cereal Trust, Maize Trust, Sorghum Trust and Oil and Protein Seeds Development Trust for their continued support to various Grain SA projects.

CONSTITUTION TASK TEAM

Constitutional amendments were requested for:

- ▶ Weighted voting by Congress.
- ▶ Approval of financial statements by the Executive.
- ▶ Procedure to nominate and elect the Chairperson, Vice-chairperson and members of the Executive.
- ▶ Amendments to assist the restructuring process of Grain SA.

The Executive considered recommendations and referred it to the 2020 Congress for consideration and approval.

CONCLUSION

The Corporate Services Department offers support at various levels to the Executive, Management and the staff team.

PERSONEEL GRAAN SA

Personeelomset

Die personeelomset vir die verslagdoeningstydperk was twee persone. Die volle personeelkorps is 69 persone by die Pretoria-, NAMPO Park-, Bloemfontein-, Paarl-, Ladybrand-, Mthatha-, Mbombela-, Louwsburg-, Lichtenburg-, Kokstad- en Dundee-kantoor.

Vaardigheidsontwikkeling en opleiding

'n Vaardigheidsontwikkelingsplan vir die tydperk April 2018 tot Maart 2019 is by die AgriSETA ingedien. Graan SA streef die deurlopende ontwikkeling en bemagtiging van alle personeel na en verskillende opleidingsgeleenthede en kursusse is vir personeel aangebied. 'n Vaardigheidsontwikkelingskomitee vergader elke kwartaal.

Diensbillikheid

Graan SA voldoen aan die statutêre vereistes vir die indiening van verslae by die Departement van Arbeid, soos uiteengesit in die Wet op Diensbillikheid, nr. 55 van 1998. 'n Diensbillikheidskomitee vergader elke kwartaal.

Prestasie-evaluering

Die prestasie-evaluering van alle personeel word sesmaandeliks in oorleg met departementshoofde gedoen. Die resultate word deur die Vergoedingskomitee in ag geneem.

Pensioenfonds

'n Evaluering vir wysigings aan die pensioenfondsskema is afgehandel. Ná ledekonultasiesessies is aanbevelings vir goedkeuring en implementering na die Vergoedingskomitee verwys.

Mensekapitaal en opleiding

Kursusse is vir personeel aangebied, met die fokus op opleiding in tegniese sowel as sagte vaardighede.

VENNOOTSKAPPE MET BEFONDSERS VAN GRAAN SA-PROJEKTE

Graan SA lê jaarliks projekte aan die Mielietrust, Sorghumtrust, Wintergraantrust, die Olie- en Proteïensade-ontwikkelingstrust en die Sasol Landboutrust voor. Tussentydse verslae word ingevolge die beleide en prosedures van die trusts aan die onderskeie trusts voorgelê. Feitelike bevindings deur die eksterne ouditeure van Graan SA (Ashton) word, waar versoek, ingedien om finansiële verslagdoening te ondersteun.

Graan SA wil graag sy dank teenoor die Sasol Landboutrust, die Wintergraantrust, die Mielietrust, die Sorghumtrust en die Olie- en Proteïensade-ontwikkelingstrust uitspreek vir hulle deurlopende steun aan verskeie Graan SA-projekte.

GRONDWETTAAKSPAN

Grondwetlike wysigings is aangevra vir:

- ▶ Geweegde stemming by die Kongres.
- ▶ Goedkeuring van finansiële state deur die Hoofbestuur.
- ▶ Prosedure om die Voorsitter, Visevoorsitter en lede van die Hoofbestuur te benoem.
- ▶ Wysigings om met die herstruktureringproses van Graan SA te help.

Die Hoofbestuur het aanbevelings oorweeg en dit vir oorweging en goedkeuring na die 2020 Kongres verwys.

SLOT

Die Departement Korporatiewe Dienste verskaf steun op verskeie vlakke aan die Hoofbestuur, die Bestuur en die personeelspan.

Market overview for the 2018/2019 production season

Markoorsig vir die 2018/2019-produksieseisoen



Dr Dirk Strydom
MANAGER: GRAIN ECONOMY
AND MARKETING
BESTUURDER: GRAANEKONOMIE
EN BEMARKING



Luan van der Walt
AGRICULTURAL ECONOMIST
LANDBOU-EKONOM

Summer grains show decrease while winter grains excel

PRODUCTION CONDITIONS FOR SUMMER GRAINS AND WINTER GRAINS IN THE 2018/2019 SEASON

The 2018/2019 production season for summer grains was once again a very challenging one, with rain occurring later than normally in the biggest part of the country. This had a major negative impact on plantings and the production potential in the western parts of the country in particular. In the more eastern parts of the country the plantings were done more or less in time, but in the western regions (western Free State and North West) plantings realised much later than usual.

With regard to the area planted for most of the summer grains – compared to the 2017/2018 season – the 2018/2019 season showed a decrease, with only the area for white maize and sorghum being bigger for the 2018/2019 season. The change in the planted summer grain areas for the 2018/2019 season compared to the 2017/2018 season was as follows:

White maize	+2,4%
Yellow maize	-4,6%
Soybeans	-7,2%
Sunflower seed	-14,3%
Sorghum	-75,3%
Groundnuts	64,4%

In the Western Cape, which is the biggest winter grain-producing region, the 2018/2019 season was one of the better seasons in the past five years. The total wheat production in the Western Cape was 890 500 tons for the 2018/2019 season, which was 52% more than the production of 586 800 tons for the 2017/2018 season. A total of 503 350 ha of wheat were planted in the 2018/2019 season, with the total production reaching 1,86 million tons.

For the other winter grains (canola and barley) the 2018/2019 season was also a good production season. A total of 77 000 ha of canola were planted in the 2018/2019 season and the total production for the season was 104 500 tons. The barley area for the 2018/2019 season was 119 000 ha and the total production for the season amounted to 421 500 tons.

Maize

The total maize plantings for the 2018/2019 production season were 2,3 million ha – 183 000 ha (0,8%) lower than the planted area for

Afname in somergrane, maar wintergrane presteer

PRODUKSIETOESTANDE VIR SOMER- EN WINTERGRANE IN DIE 2018/2019-SEISOEN

Die 2018/2019-produksieseisoen vir somergrane was weer eens 'n baie uitdagende een met reën wat later as normaal in die grootste gedeeltes van die land geval het. Dit het veral in die westelike gedeeltes van die land 'n groot negatiewe impak op aanplantings en die produksiepotensiaal gehad. In die meer oostelike gedeeltes van die land kon die aanplantings relatief betyds realiseer, maar in die westelike gedeeltes (westelike Vrystaat en Noordwes) het aanplantings heelwat later as normaal plaasgevind.

Wat die meeste somergrane se oppervlakte aangeplant betref, was daar – gemeet teen die 2017/2018-seisoen – 'n afname in die 2018/2019-seisoen, met slegs die oppervlakte van witmielies en sorghum wat hoër was gedurende die 2018/2019-seisoen. Die verandering in die aangeplante somergraan-oppervlakte vir die 2018/2019-seisoen teenoor die 2017/2018-seisoen was soos volg:

Witmielies	+2,4%
Geelmielies	-4,6%
Sojabone	-7,2%
Sonneblomsaad	-14,3%
Sorghum	-75,3%
Grondbone	64,4%

In die Wes-Kaap, wat die grootste wintergraanproduserende streek is, was die 2018/2019-seisoen een van die beter seisoene in die afgelope vyf jaar. Die totale koringproduksie in die Wes-Kaap was 890 500 ton vir die 2018/2019-seisoen – wat 52% meer is as die 2017/2018-seisoen se produksie van 586 800 ton. 'n Totaal van 503 350 ha koring is gedurende die 2018/2019-seisoen aangeplant met die totale produksie wat 1,86 miljoen ton bereik het.

In terme van die ander wintergrane (kanola en gars) was die 2018/2019-seisoen ook 'n goeie produksieseisoen. 'n Totaal van 77 000 ha kanola is gedurende die 2018/2019-seisoen aangeplant en die totale produksie vir die seisoen was 104 500 ton. Die garsoppervlakte vir die 2018/2019-seisoen was 119 000 ha en die totale produksie vir die seisoen het 421 500 ton beloop.

Mielies

Die totale mielie-aanplantings vir die 2018/2019-produksieseisoen was 2,3 miljoen ha wat 183 000 ha (0,8%) minder is as die 2017/2018-seisoen

the 2017/2018 season. With a decrease of approximately 4,6%, yellow maize showed the biggest decrease in area planted compared to the previous season, while the area of white maize increased by approximately 2,4% for the season. **Graph 1** shows the total production of white and yellow maize, as well as the ratio between the white and yellow maize production from the 1990/1991 season up to the 2018/2019 season. It is clear that the production figures for white and yellow maize were once again close together in the 2018/2019 season, with the yellow maize production for the season at 50,5% of the total, and the white maize production for the season at 49,5%.

Soybeans

The 2018/2019 production for soybeans was challenging, with conditions in the biggest part of the country being mainly unfavourable for the production of soybeans. Soybean plantings were not optimal and the total area of 730 500 ha planted was 7,2% smaller than the area planted during the 2017/2018 season.

Total production for 2018/2019 was estimated at 1,17 million tons, which is 24% lower than the production for the previous season. The average yield for the 2018/2019 season was 1,6 t/ha, which is considerably lower than the 1,96 t/ha for the previous season, and also the average yield of 1,83 t/ha for the past five years. **Graph 2** (on page 58) shows the total area planted, production and the average yield of soybeans since the 1990/1991 season.

Sunflower seed

The area of 515 350 ha of sunflower seed planted during the 2018/2019 production season was approximately 14% smaller than that for the previous season. Production conditions for the season were challenging, and plantings could only take place later than usual, which meant that not all the planned hectares could be planted. Sunflower seed production for the 2018/2019 season was estimated at 680 940 tons, with an average yield of 1,32 t/ha. This was lower than the previous season's yield of 1,43 t/ha, but slightly higher than the average yield of 1,27 t/ha for the past five years. **Graph 3** (on page 58) shows the total area planted, production and the average yield of sunflower seed since the 1990/1991 season.

se aangeplante oppervlakte. Geelmielies het met ongeveer 4,6% die grootste afname in aangeplante oppervlakte teenoor die vorige seisoen getoon terwyl die witmielie-oppervlakte met sowat 2,4% vir die seisoen toegeneem het. **Grafiek 1** toon die totale produksie van wit- en geelmielies asook die verhouding tussen die wit- en geelmielieproduksie vanaf die 1990/1991-seisoen tot en met die 2018/2019-seisoen. Dit is duidelik dat die verhouding van produksie tussen wit- en geelmielies in die 2018/2019-seisoen weer baie naby aan mekaar was, met die geelmielieproduksie vir die seisoen wat 50,5% van die totaal uitmaak het terwyl die witmielieproduksie vir die seisoen 49,5% beloop het.

Sojabone


Die 2018/2019-produksieseisoen vir sojabone was uitdagend met omstandighede in die grootste gedeelte van die land wat meestal ongunstig was vir die produksie van sojabone. Sojaboon-aanplantings kon nie optimaal plaasvind nie en die totale oppervlakte van 730 500 ha was 7,2% laer as die oppervlakte wat gedurende die 2017/2018-seisoen aangeplant is.

Produksie vir 2018/2019 word in totaliteit op 1,17 miljoen ton geskat; wat 24% laer is as die vorige seisoen se produksie. Die gemiddelde opbrengs vir die 2018/2019-seisoen was 1,6 t/ha wat aansienlik laer is as die vorige seisoen se 1,96 t/ha en ook die afgelope vyf jaar se gemiddelde opbrengs van 1,83 t/ha. **Grafiek 2** (op bladsy 58) toon die totale aangeplante oppervlakte, produksie en gemiddelde opbrengs van sojabone sedert die 1990/1991-seisoen.

Sonneblomsaad


Die sonneblomsaad oppervlakte van 515 350 ha wat gedurende die 2018/2019-produksieseisoen aangeplant is, was ongeveer 14% minder as dié van die vorige seisoen. Produksietoestande vir die seisoen was uitdagend gewees en aanplantings kon later as normaal eers plaasvind – wat veroorsaak het dat nie al die beplande hektare aangeplant kon word nie. Sonneblomsaad-produksie vir die 2018/2019-seisoen word op 680 940 ton geskat teen 'n gemiddelde opbrengs van 1,32 t/ha. Dit is laer as die vorige seisoen se opbrengs van 1,43 t/ha, maar effens hoër as die afgelope vyf jaar se gemiddelde opbrengs van 1,27 t/ha. **Grafiek 3** (op bladsy 58) toon die totale oppervlakte aangeplant, produksie en gemiddelde opbrengs van sonneblomsaad sedert die 1990/1991-seisoen.

GRAPH 1 – Production of white and yellow maize.
GRAFIEK 1 – Produksie van wit- en geelmielies.




GRAPH 2 – Soybeans: Area planted, production and yield.

GRAFIEK 2 – Sojabone: Oppervlakte geplant, produksie en opbrengs.



GRAPH 3 – Sunflower seed: Area planted, production and yield.

GRAFIEK 3 – Sonneblomsaad: Oppervlakte geplant, produksie en opbrengs.



Sorghum

Graph 4 shows the total area planted, production and the average yield of sorghum in South Africa since the 1990/1991 season. The area of sorghum planted during this period showed a clear declining trend, as did the production, although the average yield showed an increase over this period. During the 2018/2019 season a total of 50 500 ha of sorghum were planted in South Africa.

The total production for the season was estimated at 130 875 tons, and the average sorghum yield for the 2018/2019 season amounted to 2,59 t/ha. This was considerably lower than the previous season's yield of 3,99 t/ha, and also slightly lower than the average yield of 2,82 t/ha for the past five years.

Groundnuts

Graph 5 shows the area planted, production and the average yield of groundnuts in South Africa since the 2000/2001 season. The 2018/2019 season will certainly once more be remembered as a challenging production season. Due to the late rain, a considerable amount of groundnuts could not be planted.

The total area of groundnuts planted during the 2018/2019 production season was 20 050 ha. Total production for the season was estimated at 20 030 tons, with an average yield of 0,99 t/ha. Although the average yield for the 2018/2019 season was slightly better than the yield of 0,95 t/ha of the previous season, it was considerably lower than the average yield of 1,17 t/ha for the past five years.

Wheat

The 2018/2019 season was a very challenging one for wheat production, with the rain and environmental conditions starting to swing in producers' favour only late in the season, especially in the Western Cape. Dry conditions prevailed for the greatest part of the production season, and strong winds led to challenging production conditions. The total area of 503 350 ha planted during the 2018/2019 season was approximately 2,33% higher than the previous season's plantings of 491 600 ha. According to the Crop Estimates Committee (CEC)'s final estimate for winter grains for the 2018/2019 season, the total production amounted to 1 868 000 tons. This was approximately 17,83% higher than the previous season's production.

Sorghum

Grafiek 4 toon die sorghum-oppervlakte aangeplant, produksie en gemiddelde opbrengs sedert die 1990/1991-seisoen. Die sorghum-oppervlakte het gedurende hierdie tydperk 'n duidelike dalende tendens getoon en gevolglik die produksie ook, hoewel die gemiddelde opbrengs 'n stygende tendens oor hierdie tydperk getoon het. Gedurende die 2018/2019-seisoen is 'n totaal van 50 500 ha sorghum in Suid-Afrika aangeplant.

Die totale produksie vir die seisoen word op 130 875 ton geskat en die gemiddelde sorghumopbrengs vir die 2018/2019-seisoen beloop 2,59 t/ha. Dit is aansienlik laer as die vorige seisoen se opbrengs van 3,99 t/ha en ook effens laer as die afgelope vyf jaar se gemiddelde opbrengs van 2,82 t/ha.

Grondbone

Grafiek 5 toon die oppervlakte aangeplant, produksie en gemiddelde opbrengs van grondbone in Suid-Afrika sedert die 2000/2001-seisoen. Die 2018/2019-seisoen was sekerlik weer een wat onthou sal word as 'n uitdagende produksieseisoen. As gevolg van die laat reën kon heelwat grondbone nie aangeplant word nie.


Die totale oppervlakte grondbone wat gedurende die 2018/2019-produksie-seisoen aangeplant is, was 20 050 ha. Totale produksie vir die seisoen word op 20 030 ton geskat teen 'n gemiddelde opbrengs van 0,99 t/ha. Hoewel die gemiddelde opbrengs vir die 2018/2019-seisoen effens beter was as die vorige seisoen se opbrengs van 0,95 t/ha, was dit aansienlik laer as die afgelope vyf jaar se gemiddelde opbrengs van 1,17 t/ha.

Koring

Die 2018/2019-seisoen was 'n baie uitdagende seisoen vir koringproduksie met die reën en omgewingstoestande wat veral in die Wes-Kaap eers laat in die seisoen in produsente se guns begin tel het. Droë toestande het vir die grootste gedeelte van die produksieseisoen geheers en sterk winde het gelei tot uitdagende produksietoestande. Die totale oppervlakte van 503 350 ha wat gedurende die 2018/2019-seisoen aangeplant is, was ongeveer 2,33% meer as die vorige seisoen se aanplantings van 491 600 ha. Volgens die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) se finale skatting van wintergrane vir die 2018/2019-seisoen het die totale produksie 1 868 000 ton beloop. Dit was ongeveer 17,83% hoër as die vorige seisoen se produksie.

GRAPH 4 – Sorghum: Area planted, production and yield.

GRAFIEK 4 – Sorghum: Oppervlakte geplant, produksie en opbrengs.



This higher production can be largely attributed to the wetter conditions where the rain fell at the right time in the Western Cape, with the total production for this province for the season reported at 890 500 tons – an increase of 34,1% from the wheat production for the previous season in the Western Cape. The average yield for the 2018/2019 season was reported as 3,71 t/ha, which was higher than the previous season's average yield of 3,12 t/ha. The Western Cape's average yield for the 2018/2019 season was 2,8 t/ha, compared to the previous season's 1,8 t/ha. **Graph 6** shows the total area planted, production and the average yield of wheat since the 1990/1991 season.

Dié hoër produksie kan grootliks toegeskryf word aan die natter toestande waar die neerslag op die regte tye in die Wes-Kaap voorgekom het, met hierdie provinsie se totale produksie vir die seisoen wat op 890 500 ton gerapporteer is – 'n styging van 34,1% vanaf die vorige seisoen se koringproduksie in die Wes-Kaap. Die gemiddelde opbrengs vir die 2018/2019-seisoen is op 3,71 t/ha gerapporteer, wat hoër was as die vorige seisoen se gemiddelde opbrengs van 3,12 t/ha. Die Wes-Kaap se gemiddelde opbrengs vir die 2018/2019-seisoen was 2,8 t/ha teenoor die vorige seisoen se 1,8 t/ha. **Grafiek 6** toon die aangeplante koringoppervlakte, produksie en gemiddelde opbrengs sedert die 1990/1991-seisoen.


GRAPH 5 – Groundnuts: Area planted, production and yield.

GRAFIEK 5 – Grondbone: Oppervlakte geplant, produksie en opbrengs.



GRAPH 6 – Wheat: Area planted, production and yield.

GRAFIEK 6 – Koring: Oppervlakte geplant, produksie en opbrengs.



Malt barley

The malt barley area planted for the 2018/2019 season was reported as 119 000 ha, which represented an increase of approximately 23,21% on that planted during the 2017/2018 season. According to the CEC's final estimate for winter grains, the production for the 2018/2019 season was 421 500 tons, which was 27,17% higher than the previous season's production. This was due to an increase in the area planted, but also to better production conditions that prevailed in the Western Cape during the growing season. The average yield for the 2018/2019 season was reported as 3,54 t/ha, which was higher than the previous season's 3,36 t/ha. The long-term average yield of barley was approximately 3,3 t/ha. **Graph 7** (on page 62) shows the total area planted, production and the average yield of malt barley since the 2000/2001 season.

Canola

Graph 8 (on page 62) shows the area planted, production and average yield of canola from the 1998/1999 production season up to the 2018/2019 production season. The total area planted from the 2017/2018 season up to the 2018/2019 season declined by about 1,09% and was reported to be 77 000 ha. During this period the total production increased by about 1,05%, and according to the CEC's final production estimate for the 2018/2019 season was estimated at 104 500 tons, compared to the 93 500 tons for the previous season.

Moutgars

Die moutgars-oppervlakte aangeplant vir die 2018/2019-seisoen is as 119 000 ha gerapporteer, wat 'n toename van ongeveer 23,21% verteenwoordig teenoor wat gedurende die 2017/2018-seisoen aangeplant is. Die produksie vir 2018/2019-seisoen was volgens die NOK se finale skatting van wintergrane 421 500 ton, wat 27,17% hoër is as die vorige seisoen se produksie. Dit was weens 'n toename in die oppervlakte wat aangeplant is, maar was ook as gevolg van beter produksietoestande wat gedurende die groeiseisoen in die Wes-Kaap geheers het. Gemiddelde opbrengs vir die 2018/2019-seisoen is op 3,54 t/ha gerapporteer wat hoër was as die vorige seisoen se 3,36 t/ha. Die langtermyn gemiddelde opbrengs van gars is ongeveer 3,3 t/ha. **Grafiek 7** (op bladsy 62) toon die oppervlakte aangeplant, produksie en gemiddelde opbrengs van moutgars sedert die 2000/2001-seisoen.


Kanola

Grafiek 8 (op bladsy 62) toon die oppervlakte aangeplant, produksie en gemiddelde opbrengs van kanola vanaf 1998/1999-produksie-seisoen tot en met die 2018/2019-produksie-seisoen. Die totale oppervlakte aangeplant het met ongeveer 1,09% afgeneem vanaf die 2017/2018-seisoen tot en met die 2018/2019-seisoen en is op 77 000 ha gerapporteer. Die totale produksie het gedurende hierdie tydperk met ongeveer 1,05% toegeneem en was volgens die NOK se finale produksieskatting vir die 2018/2019-seisoen op 104 500 ton geskat teenoor die vorige seisoen se 93 500 ton.




GRAPH 7 – Malting barley: Area planted, production and yield.

GRAFIEK 7 – Moutgars: Oppervlakte geplant, produksie en opbrengs.



GRAPH 8 – Canola: Area planted, production and yield.

GRAFIEK 8 – Kanola: Oppervlakte geplant, produksie en opbrengs.



* Preliminary/Voorlopig

The average yield for the 2018/2019 season was 1,36 t/ha, compared to the 1,11 t/ha for the previous season and the ten-year average yield of 1,1 t/ha. Weather conditions in the Western Cape, where all the country's canola is produced, were unfavourable, with dry conditions prevailing for the biggest part of the production season. However, during the seed-filling stage good rains were received, which led to better yields.

Die gemiddelde opbrengs vir die 2018/2019-seisoen was 1,36 t/ha teenoor die vorige seisoen se 1,11 t/ha en die tienjaar gemiddelde opbrengs van 1,1 t/ha. Weersomstandighede in die Wes-Kaap, waar al die land se kanola geproduseer word, was vir die grootste gedeelte van die produksieseisoen ongunstig met droë toestande, maar het tydens saadvulstadium goeie reëns ontvang – wat tot beter opbrengste aanleiding gegee het.

Input and production overview

Inset- en produksie-oorsig



Corné Louw
SENIOR ECONOMIST: INPUTS
SENIOR EKONOM: INSETTE



Petru Fourie
RESEARCH CO-ORDINATOR AND
PRODUCTION COST ANALYST
NAVORSINGSKOÖRDINEERDER
EN PRODUKSIEKOSTE-ANALIS



Ikageng Maluleke
AGRICULTURAL ECONOMIST
LANDBOU-EKONOM

Keeping a close watch on input and production costs

The agricultural input and production environment form an indispensable part of the grain industry as sustainable production is greatly determined by input costs and the profitability of each grain commodity.

This input and production overview provides a bird's eye view of the input environment during the year under review regarding various input industries, e.g. seed, fertiliser, agrochemical, diesel and agricultural machinery. It also focuses on actual income and production cost figures for summer grain crops.

INPUT OVERVIEW

Input environment

INTRODUCTION

South Africa imports most production inputs and therefore price discovery of local prices is directly impacted by international prices, energy prices and the exchange rate. Throughout the reporting period, the value of the rand was volatile, varying between a monthly average strongest level of R13,38/\$ in April and the weakest level of R15,17/\$ in August 2019. From September 2018 to September 2019, the value of the rand depreciated by 1%, despite the seesaw movement throughout the year.

The Brent crude oil price decreased considerably over the reporting period, from an average of \$80,54 per barrel in October 2018 to \$62,02 per barrel in September 2019 (-23%). Although there was a decrease in crude oil price over the reporting period, changes in international market prices as well volatility in the exchange rate, still made decision-making with respect to effective purchases a challenge. The volatility in the exchange rate and the Brent crude oil price is displayed in **Graph 1** (on page 64).

Dispute resolution

Grain SA assisted various members during the reporting period – particularly with respect to dispute resolution. Disputes on seed quality, agrochemicals, VAT, the diesel rebate and fertiliser were dealt with in collaboration with Grain SA members.

The seed industry

Seed is an important production input and depending on the plant density, constitutes between 10% and 17% of a maize producer's variable production costs. In order to increase transparency and competitiveness in this industry, seed prices are monitored by Grain SA annually. Ongoing discussions with seed companies and the South African National Seed Organisation (Sansor) are also held to communicate the needs and concerns of the members of Grain SA. The consistent increase in seed prices has always been a major

'n Wakende oog oor inset- en produksiekoste gehou

Die landbou-inset- en produksie-omgewing maak 'n waardevolle deel van die graanbedryf uit, aangesien volhoubare produksie in 'n groot mate deur insetkoste en die winsgewendheid van elke graan kommoditeit bepaal word.

Hierdie inset- en produksie-oorsig verskaf 'n algemene blik op die insetomgewing gedurende die oorsigjaar ten opsigte van verskeie insetbedrywe, soos saad, kunsmis, landbouchemikalieë, diesel en landboumasjinerie. Dit fokus ook op werklike inkomste- en produksiekostesysfers vir somergraangewasse.

INSETOORSIG

Insetomgewing

INLEIDING

Suid-Afrika voer die meeste produksie-insette in, en die bepaling van plaaslike pryse word dus direk deur internasionale pryse, energiepryse en die wisselkoers geraak. Regdeur die verslagdoeningstydperk was die waarde van die rand uiters onbestendig en dit het tussen 'n maandelikse gemiddelde sterkste vlak van R13,38/\$ in April en die swakste vlak van R15,17/\$ in Augustus 2019 gewissel. Vanaf September 2018 tot September 2019 het die waarde van die rand met 1% gedaal, ten spyte van die wipplankbeweging regdeur die jaar.

Oor die verslagdoeningstydperk het Brent-ruolie se prys beduidend gedaal vanaf 'n gemiddelde van \$80,54 per vat in Oktober 2018 tot \$62,02 per vat in September 2019 (-23%). Hoewel daar oor die verslagdoeningstydperk 'n daling in die prys van ruolie was, het veranderinge in internasionale markpryse asook onbestendigheid in die wisselkoers steeds besluitneming ten opsigte van doeltreffende aankope 'n uitdaging gemaak. Die onbestendigheid van die wisselkoers en die prys van Brent-ruolie kan in **Grafiek 1** (op bladsy 64) gesien word.

Geskilbeslegting


Graan SA het gedurende die verslagdoeningstydperk verskeie lede bygestaan – veral ten opsigte van geskilbeslegting. Geskille oor saadgehalte, landbouchemikalieë, BTW, die dieselmis en kunsmis is in samewerking met Graan SA-lede hanteer.

Die saadbedryf

Saad is 'n belangrike produksie-inset, en afhangend van die plantdigtheid, maak dit tussen 10% en 17% van 'n mielieprodusent se veranderlike produksiekoste uit. Saadpryse word jaarliks deur Graan SA gemoniteer om deursigtigheid en mededingendheid in hierdie bedryf te verhoog. Deurlopende gesprekke met saadmaatskappye en die Suid-Afrikaanse Nasionale Saadorganisasie (Sansor) word ook gevoer om die behoeftes en bekommernisse van Graan SA se lede oor te dra. Die deurlopende verhoging in saadpryse was nog altyd 'n belangrike

GRAPH 1 – R/\$ exchange rate and Brent crude oil price.

GRAFIEK 1 – R/\$-wisselkoers en prys van Brent-ruolie.



concern to grain producers and some seed companies might start experiencing resistance to high prices.

SEED PRICES

A total of 34 wheat cultivars are available for the northern production areas (irrigation included), while nine different cultivars are available commercially for the Western Cape. Western Cape producers have a choice between eleven available barley cultivars.

Wheat seed prices increased by an average of 6,5% since last year. Some cultivars increased by up to 9,4%, while others decreased by as much as 4%. What is interesting is that in the northern production areas, wheat seed costs R367 per 25 kg bag on average, while seed prices in the Cape amount to R409 per 50 kg bag. Barley seed prices increased by 4,6% on average.

Canola producers have a choice between 16 cultivars that are commercially available. The prices of canola seed remained virtually unchanged in the 2019 season.

Maize seed prices for the 2019/2020 production season rose by 4,5% on average. Sunflower seed prices increased by 4,3% on average, grain sorghum seed prices by 2,5%, while soybean seed prices decreased by 1,9%. A good barometer for assessing price increases is the producer price index (PPI). Up until May 2019, when seed prices were published, the PPI was 5%. This means that seed prices did not exceed production cost inflation on an average basis.

Maize seed prices can be analysed further by comparing them with the price of maize. Since the 2001/2002 production season the maize price index (Graph 2) weakened significantly compared to the maize seed price index. With an estimated average producer price¹ of R2 370 per ton for the coming season (2019/2020), the maize price index minimally increased more than maize seed prices.

BREEDING AND TECHNOLOGY LEVY

According to seed companies, roughly 80% of soybean plantings and 70% of wheat plantings are annually planted with seed that was held back. The holding back of seed – which is legal – causes a vicious cycle that limits and to a great extent prevents investment in the soy and wheat seed industry (in virtually all open-pollinated crops). According to seed companies it takes about twelve years and great expenses to introduce a new cultivar to the market. Without a proper funding model, the practice of holding back seed prevents new cultivars and the latest technology from coming to South Africa.

bekommernis vir graanprodusente, en sommige saadmaatskappye kan begin om weerstand teen hoë pryse te ervaar.

SAADPRYSE

'n Totaal van 34 koringkultivars is beskikbaar vir die noordelike produ-serende gebiede (besproeiing ingesluit), terwyl nege verskillende kultivars vir die Wes-Kaap kommersieel beskikbaar is. Wes-Kaapse produsente het 'n keuse van elf beskikbare garskultivars.

Koringsaadpryse het sedert verlede jaar op 'n gemiddelde basis met 6,5% gestyg. Sommige kultivars het tot 9,4% gestyg, terwyl ander weer met soveel as 4% gedaal het. Wat interessant is, is dat koringsaadpryse in die noordelike produksiegebiede gemiddeld R367 per 25 kg-sakkie kos, terwyl saadpryse in die Kaap R409 per 50 kg-sakkie beloop. Garsaadpryse het op 'n gemiddelde basis met 4,6% gestyg.

Kanolaprodusente het 'n keuse van 16 kultivars wat kommersieel beskikbaar is. Pryse van kanolasaad het vir die 2019-seisoen bykans onveranderd gebly.

Mieliesaadpryse vir die 2019/2020-produksieseisoen het gemiddeld met 4,5% gestyg. Sonneblomsaadpryse het gemiddeld met 4,3% gestyg en graansorghumsaadpryse met 2,5%, terwyl sojaboonsaadpryse met 1,9% gedaal het. 'n Goeie barometer vir die evaluering van pryshogings is die produsenteprysindex (PPI). Tot en met Mei 2019, toe saadpryse gepubliseer is, het die PPI met 5% gestyg. Dit beteken dat saadpryse nie op 'n gemiddelde grondslag produksiekoste-inflasie oorskry het nie.

Mieliesaadpryse kan verder ontleed word deur dit met mieliepryse te vergelyk. Sedert die 2001/2002-produksieseisoen het die mielieprysindex (Grafiek 2) vergeleke met die mieliesaadprysindex beduidend verswak. Met 'n geraamde gemiddelde produsenteprys¹ van R2 370 per ton vir die komende seisoen (2019/2020), het die mielieprysindex net effens meer as mieliesaadpryse gestyg.


TELING- EN TEGNOLOGIEHEFFING

Volgens saadmaatskappye word ongeveer 80% van sojaboonaanplantings en 70% van koringaanplantings jaarliks geplant met saad wat teruggehou is. Hierdie terughouding van saad – wat wettig is – veroorsaak 'n bouse siklus wat belegging in die sojaboon- en koringsaadbedryf (in feitlik alle oop-bestuifde gewasse) beperk en in 'n groot mate voorkom. Volgens saadmaatskappye neem dit ongeveer twaalf jaar en groot onkoste om 'n nuwe kultivar op die mark te plaas. Sonder 'n behoorlike befondsingsmodel verhoed die praktyk om saad terug te hou dat nuwe kultivars en die jongste tegnologie na Suid-Afrika gebring word.

¹ Average producer price = Safex, July 2020 price - average differential cost - handling costs

¹ Gemiddelde produsenteprys = Safex, Julie 2020-prys - gemiddelde differensiële koste - hanteringskoste

GRAPH 2 – Indices of the price of maize seed and the producer price of maize.
GRAFIEK 2 – Indekse van die prys van mieliesaad en die produsenteprys van mielies.



Since March 2019, a breeding and technology levy has been implemented on soybeans to compensate seed companies for their investment in genetics and technology in the soybean seed market. Since its inception there has already been positives of this system visible.

A breeding and technology levy has been running on wheat and barley for a third year already and on oats for one year.

Many cultivars have been released for these crops since the inception of the breeding and technology levy.

SEED AVAILABILITY

Sansor assured Grain SA during the annual meeting of the two organisations (17 September 2019) that a sufficient quantity of grain and oilseed seeds will be available for the 2019/2020 production season. However, they stated that seed of certain popular sizes and varieties might be limited. This was with the exception of groundnut seed that struggled with production due to the late rains and drought of the previous season.

Liaison with Sansor on a regular basis is important to ensure that problems can be solved together. At the same time, greater efficiencies in grain and oilseed production can be achieved. Other issues that were addressed with the representative body of the seed industry include:

- ▶ Market trends and production costs for the grain and oilseed industry.
- ▶ Maize seed exports to the USA.
- ▶ Breeding and technology levy.
- ▶ Sclerotinia on sunflower and soybean seed.
- ▶ Alternaria on sunflower.
- ▶ New cultivars vs new active ingredients.
- ▶ Maize cultivar trials.
- ▶ Sansor certification scheme.
- ▶ Possible alternative for thiram seed treatment.
- ▶ Alternative breeding technology and South Africa's stance on it.
- ▶ ISF Congress 2020 in South Africa.

The fertiliser industry

FERTILISER PRICES

From September 2018 to September 2019, international prices of ammonia, urea, and DAP decreased with varying amounts, while potassium chloride increased significantly. **Table 1** (on page 66) shows the year-on-year price changes of international fertiliser prices in dollar terms.

Sedert Maart 2019 is 'n teling- en tegnologieheffing op sojabone geïmplementeer om saadmaatskappye vir hulle belegging in genetica en tegnologie in die sojaboonsaadmark te vergoed. Sedert dit ingestel is, het die stelsel reeds positiewe resultate getoon.

'n Teling- en tegnologieheffing is reeds vir die derde jaar op koring en gars van toepassing, en op hawer reeds vir 'n jaar.

Talle kultivars is reeds sedert die implementering van die teling- en tegnologieheffing vrygestel.

BESKIKBAARHEID VAN SAAD

Sansor het Graan SA tydens die jaarlikse vergadering van die twee organisasies (17 September 2019) verseker dat 'n voldoende hoeveelheid graan- en oliesaad-saad vir die 2019/2020-produksieseisoen beskikbaar sal wees. Hulle het egter gesê dat saad van sekere gewilde groottes en variëteite dalk beperk kan wees. Dit was met die uitsondering van grondboonsaad, wat as gevolg van die laat reën en die droogte van die vorige seisoen uitdagings met produksie getoon het.

Dit is belangrik om op 'n gereelde grondslag met Sansor te skakel om seker te maak dat probleme gesamentlik opgelos kan word. Terselfdertyd kan groter doeltreffendheid met graan- en oliesaadproduksie bereik word. Ander kwessies wat met die verteenwoordigende liggaam van die saadbedryf bespreek is, sluit in:

- ▶ Markttendense en produksiekoste vir die graan- en oliesadebedryf.
- ▶ Mieliesaaduitvoere na die VSA.
- ▶ Teling- en tegnologieheffing.
- ▶ Sclerotinia op sonneblom- en sojaboonsaad.
- ▶ Alternaria op sonneblom.
- ▶ Nuwe kultivars teenoor nuwe aktiewe bestanddele.
- ▶ Mieliekultivar evaluasieskema.
- ▶ Sansor-sertifiseringskema.
- ▶ Moontlike alternatief vir saadbehandeling met thiram.
- ▶ Alternatiewe telingstegnologie en Suid-Afrika se standpunt daaroor.
- ▶ ISF-kongres 2020 in Suid-Afrika.

Die kunsmisbedryf

KUNSMISPRYSE

Vanaf September 2018 tot September 2019 het die internasionale prys van ammoniak, ureum en DAP gedaal, terwyl kaliumchloried beduidend gestyg het. **Tabel 1** (op bladsy 66) toon die jaar-tot-jaar-prysveranderinge van internasionale kunsmispryse in dollar-terme.

TABLE 1 – International fertiliser prices in dollar terms.
TABEL 1 – Internasionale kunsmispryse in dollar-terme.

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% CHANGE
Fertiliser	USD/ton	USD/ton	%
Ammonia (Middle East)	351	235	-33,0
Urea (46) (Eastern Europe)	273	235	-13,9
DAP (USA Gulf)	438	319	-27,2
KCL (CIS)	260	324	+24,6
R/\$ exchange rate	14,69	14,84	1,0

During the period under review, the exchange rate weakened by 1%. The effect of a depreciation in the rand from R14,69/\$ in September 2018 to R14,84/\$ in September 2019 has caused international prices to decrease with a smaller amount in rand value, with only potassium chloride increasing considerably. **Table 2** indicates international fertiliser prices in rand terms, with the effect of the weaker exchange rate on prices.

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% VERAN- DERING
Kunsmis	USD/ton	USD/ton	%
Ammoniak (Midde-Ooste)	351	235	-33,0
Ureum (46) (Oos-Europa)	273	235	-13,9
DAP (VSA Golf)	438	319	-27,2
KCI (CIS)	260	324	+24,6
R/\$-wisselkoers	14,69	14,84	1,0

Gedurende die oorsigtydperk het die wisselkoers met 1% verswak. Die effek van die verswakking of depresiasie in die rand vanaf R14,69/\$ in September 2018 tot R14,84/\$ in September 2019 het internasionale pryse met 'n kleiner hoeveelheid in randwaarde laat daal, terwyl slegs kaliumchloried se prys aansienlik gestyg het. **Tabel 2** dui internasionale kunsmispryse in randterme aan, wat die uitwerking van die swakker wisselkoers op pryse of prysveranderinge toon.

TABLE 2 – International fertiliser prices in rand terms.
TABEL 2 – Internasionale kunsmispryse in rand-terme.

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% CHANGE
Fertiliser	R/ton	R/ton	%
Ammonia (Middle East)	5 156	3 487	-32,4
Urea (46) (Eastern Europe)	4 010	3 487	-13,0
DAP (USA Gulf)	6 434	4 734	-26,4
KCL (CIS)	3 819	4 808	+25,9

South Africa imports more than 80% of its fertiliser needs; therefore, local and international prices are expected to follow a similar trend. Local fertiliser price movements are mainly influenced by international fertiliser prices as well as the value of the rand.

The local fertiliser prices between October 2018 and October 2019 also indicate a general decrease in prices except for LAN and potassium chloride. **Graph 3** also indicates the downward trend in international fertiliser prices the past year (evident from after the vertical blue line).

Graph 4 shows the fertiliser price index compared to the maize price index since the 1985/1986 production season. At an estimated average producer price² of R2 370 per ton for the coming production season (2019/2020), the maize price index and the fertiliser price index is closing a bit. Although the fertiliser price index is showing a bit of a convergence, the gap between the two indexes is still large.

ANNUAL MEETING WITH FERTASA

The annual meeting between Grain SA and the Fertiliser Association of Southern Africa (Fertasa) took place on 25 July 2019. Important matters discussed at the meeting included the following:

- ▶ Market trends in the grain and oilseed industry and production costs for the 2019/2020 production season.
- ▶ Fertiliser costs in South Africa.
- ▶ International and local situation in the fertiliser industry.
- ▶ The availability of fertiliser and transport logistics.
- ▶ Lime industry trends.
- ▶ South Africa's dependence on imports.
- ▶ The fertiliser and lime monitoring project.
- ▶ Fertiliser Bill.
- ▶ Fertasa's view of granular lime.
- ▶ Fertiliser research on soybeans.

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% VERAN- DERING
Kunsmis	R/ton	R/ton	%
Ammoniak (Midde-Ooste)	5 156	3 487	-32,4
Ureum (46) (Oos-Europa)	4 010	3 487	-13,0
DAP (VSA Golf)	6 434	4 734	-26,4
KCI (CIS)	3 819	4 808	+25,9

Suid-Afrika voer meer as 80% van sy kunsmisbehoefte in, dus word daar verwag dat plaaslike en internasionale pryse 'n ooreenstemmende tendens sal volg. Plaaslike kunsmisprysbewegings word hoofsaaklik deur internasionale kunsmispryse asook die waarde van die rand beïnvloed.

Die plaaslike kunsmispryse tussen Oktober 2018 en Oktober 2019 dui ook op 'n algemene daling in pryse, buiten vir KAN en kaliumchloried. **Grafiek 3** toon ook die afwaartse tendens in internasionale kunsmispryse oor die afgelope jaar (ná die vertikale blou lyn).

Grafiek 4 toon die kunsmisprysindeks vergeleke met die mielieprysindeks sedert die 1985/1986-produksieseisoen. Teen 'n geraamde gemiddelde produsenteprys² van R2 370 per ton vir die komende produksieseisoen (2019/2020), beweeg die mielieprysindeks en die kunsmisprysindeks effens nader aan mekaar. Hoewel die kunsmisprysindeks gedaal het, is daar steeds 'n groot gaping tussen die twee indekse.

JAARLIKSE VERGADERING MET FERTASA

Die jaarlikse vergadering tussen Graan SA en die Kunsmisvereniging van Suider-Afrika (Fertasa) het op 25 Julie 2019 plaasgevind. Belangrike sake wat tydens die vergadering bespreek is, sluit in:

- ▶ Marktendense in die graan- en oliesadebedryf en produksiekoste vir die 2019/2020-produksieseisoen.
- ▶ Kunsmiskoste in Suid-Afrika.
- ▶ Internasionale en plaaslike situasie in die kunsmisbedryf.
- ▶ Die beskikbaarheid van kunsmis en vervoerlogistiek.
- ▶ Tendense in die kalkbedryf.
- ▶ Suid-Afrika se afhanklikheid van invoere.
- ▶ Die kunsmis- en kalkmoniteringsprojek.
- ▶ Kunsmiswetsontwerp.
- ▶ Fertasa se siening van korrelkalk.
- ▶ Kunsmisnavorsing oor sojabone.

² Average producer price = Safex, July 2020 price - average differential cost - handling costs

² Gemiddelde produsenteprys = Safex, Julie 2020-prys - gemiddelde differensiële koste - hanteringskoste

GRAPH 3 – Local fertiliser prices.
GRAFIEK 3 – Plaaslike kunsmispryse.





TABLE 3 – Local fertiliser prices.
TABEL 3 – Plaaslike kunsmispryse.

Fertiliser	OCTOBER 2018 R/ton	OCTOBER 2019 R/ton	% CHANGE
LAN (28)	6 037	5 915	-2,0
Urea (46)	7 134	6 782	-4,9
MAP	9 730	8 512	-12,5
KCL	7 270	7 569	+4,1

Kunsmis	OKTOBER 2018 R/ton	OKTOBER 2019 R/ton	% VERAN- DERING
KAN (28)	6 037	5 915	-2,0
Ureum (46)	7 134	6 782	-4,9
MAP	9 730	8 512	-12,5
KCI	7 270	7 569	+4,1

GRAPH 4 – Indices of the producer price of maize and the prices of fertiliser.
GRAFIEK 4 – Indeks van die produsenteprys van mielies en die prys van kunsmis.



Agrochemical industry

PRICES

Almost 100% of the active ingredients required to manufacture local agricultural chemicals are imported to South Africa. Therefore, the international prices and exchange rate are monitored as it plays an important role in domestic price trends.

Table 4 shows the international prices of the active ingredients of five herbicides used in maize. The prices are in both dollar terms as well as in rand terms.

Except for trifluralin, international herbicide price trends show decreases year-on-year. From September 2018 to September 2019, international prices of glyphosate decreased by 20,1%, while acetochlor, atrazine and metolachlor also indicated decreases of 17,6%, 8,4% and 11,6%, respectively. Trifluralin was the exception, increasing by 14,9%. In the same period under review, the rand/dollar exchange rate weakened by 1% and the impact of the depreciation can be seen when international dollar prices are converted to rand, which meant the decreases were in line with dollar terms.

Table 5 indicates international insecticide prices, which are also used in maize production (dollar and rand terms). Imidacloprid, lambda-cyhalothrin show considerable decreases of 22%, 18,2% while deltamethrin shows a moderate decrease of 6,7% and carbofuran increased by 14,9%. International prices in rand terms showed the same effect with weakening of the exchange rate.

ANNUAL MEETING WITH THE CROP PROTECTION INDUSTRY

On 29 July 2019, Grain SA's Production/Input Working Group met with CropLife, and the following issues were discussed:

- ▶ Market trends in the grain industry and production costs for the 2019/2020 production season.
- ▶ CropLife strategy.
- ▶ International and local situation in the agrochemical industry.
- ▶ Price trends and availability of agrochemicals.
- ▶ NAMC value chain study.
- ▶ Progress with normal registration.
- ▶ CropLife waste management programme.
- ▶ Clear indications of active ingredients on labels for chemicals – uniformity of a product throughout the season and colours of drum caps.

Landbouchemikalieëbedryf

PRYSE

Bykans 100% van die aktiewe bestanddele wat nodig is om plaaslike landbouchemikalieë te vervaardig, word na Suid-Afrika ingevoer. Die internasionale pryse en wisselkoers word dus gemoniteer, aangesien dit 'n belangrike rol in plaaslike prystendense speel.

Tabel 4 hieronder toon die internasionale pryse van die aktiewe bestanddele van vyf onkruidodders wat by mielies gebruik word. Die pryse is in dollar- sowel as in rand-terme.

Buiten vir trifluralien, toon internasionale onkruidodderpryse dalings op 'n jaar-tot-jaar-grondslag. Vanaf September 2018 tot September 2019 het die internasionale pryse van glifosaat met 20,1% gedaal, terwyl asetochloor, atrasiën en metolachloor ook dalings van 17,6%, 8,4% en 11,6% onderskeidelik toon. Trifluralien was die uitsondering en het met 14,9% gestyg. In dieselfde oorsigtydperk het die rand/dollar-wisselkoers met 1% verswak, en die impak van die daling kan gesien word wanneer internasionale dollar-pryse na rand omgeskakel word, wat beteken dat die dalings in ooreenstemming met dollar-terme was.

Tabel 5 toon die internasionale pryse van insekdoders wat ook in mielieproduksie gebruik word (dollar- en rand-terme). Imidaklopried en lambda-sihalotrien toon aansienlike dalings van 22% en 18,2%, terwyl deltametriën 'n matige styging van 6,7% toon, en karbofuraan met 14,9% gestyg het. Internasionale pryse in rand-terme illustreer dieselfde uitwerking met die verswakking van die wisselkoers.

JAARLIKSE VERGADERING MET DIE GEWASBESKERMINGSBEDRYF

Op 29 Julie 2019 het Graan SA se Produksie/Inset-werkgroep met CropLife vergader en die volgende sake is bespreek:

- ▶ Marktendense in die graanbedryf en produksiekoste vir die 2019/2020-produksieseisoen.
- ▶ CropLife-strategie.
- ▶ Internasionale en plaaslike situasie in die landbouchemikalieëbedryf.
- ▶ Prystendense en beskikbaarheid van landbouchemikalieë.
- ▶ NLBR-waardekettingstudie.
- ▶ Vordering met normale registrasie.
- ▶ CropLife-afvalbestuursprogram.
- ▶ Duidelike aanduidings van aktiewe bestanddele op etikette vir chemikalieë – eenvormigheid van 'n produk regdeur die seisoen en kleure van dromme se proppe.

TABLE 4 – International herbicide prices – year-on-year change (September 2018 - September 2019).

TABEL 4 – Internasionale onkruidodderpryse – jaar-tot-jaar-verandering (September 2018 - September 2019).

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% CHANGE
	USD/ton	USD/ton	%
Glyphosate (95%)	4 467	3 569	-20,1
Acetochlor (92%)	3 680	3 033	-17,6
Atrazine (97%)	3 359	3 075	-8,4
Metolachlor (97%)	3 750	3 315	-11,6
Trifluralin (95%)	4 854	5 576	+14,9

International herbicide prices – year-on-year change

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% CHANGE
	R/ton	R/ton	%
Glyphosate (95%)	65 615	52 968	-19,3
Acetochlor (92%)	54 057	45 012	-16,7
Atrazine (97%)	49 346	45 640	-7,5
Metolachlor (97%)	55 093	49 199	-10,7
Trifluralin (95%)	71 310	82 741	+16,0

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% VERAN- DERING
	USD/ton	USD/ton	%
Glifosaat (95%)	4 467	3 569	-20,1
Asetochloor (92%)	3 680	3 033	-17,6
Atrasiën (97%)	3 359	3 075	-8,4
Metolachloor (97%)	3 750	3 315	-11,6
Trifluralien (95%)	4 854	5 576	+14,9

Internasionale onkruidodderpryse – jaar-tot-jaar-verandering

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% VERAN- DERING
	R/ton	R/ton	%
Glifosaat (95%)	65 615	52 968	-19,3
Asetochloor (92%)	54 057	45 012	-16,7
Atrasiën (97%)	49 346	45 640	-7,5
Metolachloor (97%)	55 093	49 199	-10,7
Trifluralien (95%)	71 310	82 741	+16,0

TABLE 5 – International insecticide prices – year-on-year change (September 2018 - September 2019).
TABEL 5 – Internasionale onkruidodderpryse – jaar-tot-jaar-verandering (September 2018 - September 2019).

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% CHANGE
	USD/ton	USD/ton	%
Imidacloprid (95%)	24 829	19 357	-22,0
Lambda-cyhalothrin (95%)	47 148	38 564	-18,2
Carbofuran (99%)	13 267	15 241	+14,9
Deltamethrin (98%)	91 292	85 210	-6,7

International insecticide prices – year-on-year change

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% CHANGE
	R/ton	R/ton	%
Imidacloprid (95%)	364 733	287 255	-21,2
Lambda-cyhalothrin (95%)	692 599	572 291	-17,4
Carbofuran (99%)	194 897	226 176	+16,0
Deltamethrin (98%)	1 341 082	1 264 520	-5,71

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% VERAN- DERING
	USD/ton	USD/ton	%
Imidakloprid (95%)	24 829	19 357	-22,0
Lambda-sihalotrien (95%)	47 148	38 564	-18,2
Karbofuraan (99%)	13 267	15 241	+14,9
Deltametrien (98%)	91 292	85 210	-6,7

Internasionale insekdoderpryse – jaar-tot-jaar-verandering

	SEPTEMBER 2018	SEPTEMBER 2019	% VERAN- DERING
	R/ton	R/ton	%
Imidakloprid (95%)	364 733	287 255	-21,2
Lambda-sihalotrien (95%)	692 599	572 291	-17,4
Karbofuraan (99%)	194 897	226 176	+16,0
Deltametrien (98%)	1 341 082	1 264 520	-5,71

- ▶ New cultivars versus new active ingredients.
- ▶ Quality monitoring.
- ▶ New charts for chemical groups.

The diesel industry

During the reporting period, the domestic wholesale price of diesel in Gauteng decreased by 5,15% from R15,64 per litre in October 2018 to R14,84 per litre in October 2019.

PRICES

The factors that influence the local fuel price movements are the Brent crude oil price and the rand/dollar exchange rate as well as local fuel levies. **Graph 5** shows the international Brent crude oil price and the Gauteng wholesale price of diesel over time. Over a period of a year, the Brent crude oil price decreased by 22% from US\$79,13 per barrel

- ▶ Nuwe kultivars teenoor nuwe aktiewe bestanddele.
- ▶ Kwaliteitsmonitering.
- ▶ Nuwe kaarte vir groepe chemiese stowwe.


Die dieselbedryf

Die plaaslike groothandelprys van diesel in Gauteng het in die verslagdoeningstydperk met 5,15% vanaf R15,64 per liter in Oktober 2018 tot R14,84 per liter in Oktober 2019 gedaal.

PRYSE

Die faktore wat die plaaslike brandstofprysbewegings beïnvloed, is Brent-ruoliepryse en die rand/dollar-wisselkoers, asook plaaslike brandstofheffings. **Grafiek 5** toon die internasionale prys van Brent-ruolie en die groothandelprys van diesel in Gauteng oor tyd. Oor 'n tydperk van 'n jaar het Brent-ruolie se prys met 22% gedaal – vanaf

GRAPH 5 – International Brent crude oil price and the wholesale price of diesel.
GRAFIEK 5 – Internasionale prys van Brent-ruolie en die groothandelprys van diesel.



International Brent crude oil price (rand per barrel)
 Internasionale Brent-ruolieprys (rand per vat)

Wholesale price of diesel (cents per litre)
 Groothandelprys van diesel (sent per liter)

Source: Grain SA
 Bron: Graan SA

in September 2018 to US\$62,02 per barrel in September 2019. Over the same period, the rand weakened against the dollar from R14,69 to R14,84. The decrease in the Brent crude oil price together with a moderate depreciation of the rand, led to a decrease in the domestic wholesale price of diesel.

The maize price index and the diesel price index are shown in **Graph 6**. Given an expected producer price³ of R2 370 per ton for maize for the coming season and together with minor increases in diesel prices, the ratio between the diesel price and the maize price weakened further.

DIESEL REBATE

The diesel rebate for which producers qualify comprises 40% of the general fuel tax and 100% of the Road Accident Fund levy.

In February 2019 the Minister of Finance announced that the general fuel levy and the Road Accident Fund levy would increase by five cents per litre and 15 cents per litre respectively in April 2019. A further announcement was made regarding a levy on exhaust gases, which meant that the tax on diesel increased by another two cents per litre. This meant that the diesel rebate increased from 321,8 cents per litre to 333,6 cents per litre in April for 80% of legal use. **Graph 7** illustrates how the diesel rebate increased over time.

DIESEL REBATE SYSTEM

The diesel rebate once again received priority attention during this reporting period. Delays in the payment of the diesel rebate and VAT claims caused producers to experience major cash flow problems. Some delays in pay-outs was without reason given by SARS, whilst others were due to audits been done; problems with communication and interpretation of logbook entries. Frequent meetings were held with SARS head office in this regard. During the end of 2018, Grain SA also participated in industry workshops held by SARS and the Treasury to review the current diesel rebate and to create a better functioning diesel rebate system.

Grain SA also designed and participated with Agri SA and SAIT in a questionnaire, where valuable information was obtained that could be taken up with SARS and the Treasury. Frequent discussions were also held with the Tax Ombud to bring problems experienced with delays to his office's attention.

US\$79,13 per vat in September 2018 tot US\$62,02 per vat in September 2019. Oor dieselfde tydperk het die rand vanaf R14,69 tot R14,84 teen die dollar verswak. Die daling in die prys van Brent-ruolie, tesame met 'n matige vermindering in die waarde van die rand, het tot 'n daling in die plaaslike groothandelprys van diesel gelei.

Die mieliëprysindeks en die dieselprijsindeks word in **Grafiek 6** getoon. Gegee 'n verwagte produsenteprys³ van R2 370 per ton vir mielies vir die komende seisoen, en saam met geringe verhogings in dieselprijs, is die verhouding tussen die dieselprijs en die mieliëprijs nog swakker.

DIESEL RABAT

Die dieselrabat waarvoor produsente kwalifiseer, bestaan uit 40% van die algemene brandstofbelasting en 100% van die Padongeluksfondsheffing.

Die Minister van Finansies het in Februarie 2019 aangekondig dat die algemene brandstofheffing en die Padongeluksfondsheffing in April 2019 met vyf sent per liter en 15 sent per liter onderskeidelik gaan toeneem. 'n Verdere aankondiging is gemaak van 'n heffing vir uitlaatgasse, wat meegebring het dat die belasting op diesel met 'n verdere twee sent per liter toegeneem het. Dit alles het meegebring dat die dieselrabat vanaf 321,8 sent per liter na 333,6 sent per liter toegeneem het – vir 80% van regmatige gebruik. **Grafiek 7** toon hoe die dieselrabat oor tyd toegeneem het.


DIESEL RABATSTELSEL

Die dieselrabat het weer eens in hierdie verslagdoeningstydperk prioriteitsaandag ontvang. Vertraginge in die betaling van die dieselrabat en van BTW-eise het veroorsaak dat produsente ernstige kontantvloei-probleme ervaar het. Sekere vertraginge in uitbetalings het voorgekom sonder dat die SAID redes verskaf het, terwyl ander veroorsaak is deur oudits wat uitgevoer is, probleme met kommunikasie en die vertolking van logboekinskrywings. Gereelde vergaderings is met die SAID se hoofkantoor in hierdie verband gehou. Aan die einde van 2018 het Graan SA ook deelgeneem aan bedryfswerkswinkels wat deur die SAID en die Tesourie gehou is om die huidige dieselrabat te hersien en 'n beter-funksionerende dieselrabatstelsel te skep.

Graan SA het saam met Agri SA en SAIT 'n vraelys ontwerp wat waardevolle inligting verkry het wat met die SAID en Tesourie opgevolg kan word. Gereelde gesprekke is ook met die Belastingombud gevoer om probleme wat met vertraginge ervaar word onder sy kantoor se aandag te bring.

GRAPH 6 – Indices of the producer price of maize and the wholesale price of diesel.

GRAFIEK 6 – Indeks van die produsenteprys van mielies en die groothandelprys van diesel.



³ Average producer price = Safex, July 2020 price - average differential cost - handling costs

³ Gemiddelde produsenteprys = Safex, Julie 2020-prys - gemiddelde differensiële koste - hanteringskoste

The agricultural machinery industry

Due to advanced international technology, South Africa imports most of its agricultural machines, once again making the rand/dollar exchange rate an important factor in pricing. The strengthening of the rand therefore contributes to lower agricultural machinery price trends, while a weaker rand contributes to higher price trends.

PRICES

The prices for agricultural machinery have increased on average by 1,7% from August 2018 to August 2019, and by 2,0% from September 2018 to September 2019. The year-on-year trend with respect to the change in the price is a combination of increases in two classes of agricultural machinery namely tractors and implements and decreases in the other two, namely; combine harvesters and hay and forage equipment on an annual basis are shown in **Table 6**.

Graph 8 (on page 72) compares the price indices of the tractor price and the maize price since 1985/1986. From the graph, it is clear that the price ratio between tractors and the maize price has slowly converged, especially due to lower tractor prices over the past year.

TRACTOR SALES

Graph 9 (on page 72) depicts what is currently happening with tractor sales in the South African market. Note that these figures exclude

Die landboumasjineriebedryf

As gevolg van gevorderde internasionale tegnologie voer Suid-Afrika die meeste van sy landboumasjinerie in, wat weer eens die rand/dollar-wisselkoers 'n belangrike faktor in prysbepaling maak. Die versterking van die rand dra dus tot laer pryse op landboumasjinerie by, terwyl 'n swakker rand tot hoër pryse bydra.

PRYSE

Die pryse van landboumasjinerie het vanaf Augustus 2018 tot Augustus 2019 gemiddeld met 1,7% gestyg, en vanaf September 2018 tot September 2019 met 2,0%. Die jaar-tot-jaar-tendens ten opsigte van die verandering in die prys is 'n kombinasie van verhogings in twee klasse landboumasjinerie, naamlik trekkers en implemente, en dalings in die ander twee, naamlik stropers en hooi- en voertoerusting, op 'n jaargrondslag en word in **Tabel 6** getoon.

Grafiek 8 (op bladsy 72) vergelyk die indekse van die trekkerprys en die mielieprys sedert 1985/1986. Uit die grafiek is dit duidelik dat die prysverhouding tussen trekkers en mielies stadig nader aan mekaar beweeg het, veral as gevolg van laer trekkerpryse die afgelope jaar.

TREKKERVERKOPE

Grafiek 9 (op bladsy 72) verteenwoordig wat tans in die Suid-Afrikaanse mark met trekerverkope gebeur. Let op dat hierdie syfers uitvoere





TABLE 6 – Price changes in agricultural machinery equipment.			
TABEL 6 – Prysveranderings in landboumasjinerietoerusting.			
EQUIPMENT CLASS	YEAR-ON-YEAR CHANGE %		TREND
	August 2019	September 2019	
Tractors	+1,5	+2,3	Up
Combine harvesters	-4,4	-4,2	Down
Hay and forage equipment	0,0	-0,3	Down
Implements	+1,2	+1,2	No change
General	+1,7	+2,0	Up

TOERUSTINGKLAS	JAAR-TOT-JAAR-VERANDERING %		TENDENS
	Augustus 2019	September 2019	
Trekkers	+1,5	+2,3	Opwaarts
Stropers	-4,4	-4,2	Afwaarts
Hooi- en veevoertoerusting	0,0	-0,3	Afwaarts
Implemente	+1,2	+1,2	Geen verandering
Algemeen	+1,7	+2,0	Opwaarts


Source: AGFACTS

Bron: AGFACTS

GRAPH 8 – Indices for the producer price for maize and the prices of tractors.
GRAFIEK 8 – Indekse van die produsenteprys van mielies en die prys van trekkers.



GRAPH 9 – Annual tractor sales.
GRAFIEK 9 – Jaarlikse trekkerverkope.



